


DIE TOEPASSING VAN DIE TEGNIEK VAN
BEDRYFSVERGELYKING OP KOÖPERATIEWE WYNKELDERS
IN SUID - AFRIKA

deur



Skripsie ingelewer vir die graad van
Magister in Landbou (Landbou-ekonomie)
aan die Universiteit van Stellenbosch

VOORWOORD

Ek wil graag my opregte dank en waardering uitspreek teenoor die volgende:

My eggenote, wat onder moeilike omstandighede my bygestaan en ondersteun het.

My ouers, vir die voorbidding en tyd wat aan my gegun is om my studies moontlik te maak.

Professor W.E. Kassier, Professor in Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch, onder wie se bekwame leiding ek my studies kon begin en voortsit.

My mede-promotor, professor A.P. Zevenbergen, hoofnavorsers van die Buro vir Finansiële Analise aan die Universiteit van Pretoria, vir sy leiding, raad, medewerking en kritiek waarsonder hierdie studie nie die lig sou sien nie. Vir die fasiliteite van die Buro vir Finansiële Analise, wat tot my beskikking gestel is vir die verwerking van gegewens. Vir mnr. A. Meyer vir sy deeglike programmeringswerk.

Dr. P.R. Morkel, voormalige Senior Lektor in Landbou-ekonomie, Universiteit Stellenbosch, wat 'n tyd lank opgetree het as my promotor en sonder wie se raad en aanmoediging die studie nie suksesvol kon wees nie.

Die Koöperatiewe Wynkelders-Komitee en advieskomitee, wie se omvattende kennis van die wynbedryf van groot waarde was.

Al die bestuurders van koöperatiewe wynkelders vir hulle samewerking en belangstelling.

Die Koöperatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt en alle ander persone en instansies vir die vriendelike samewerking.

AAN GOD ALLE EER

P.R. Botha
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

INHOUDSOPGAWE

		<u>Bladsy</u>
<u>HOOFSTUK I</u>	INLEIDING	1
	1.1 Algemeen	1
	1.2 Bedryfsvergelyking	2
	1.3 Die toepassing van Bedryfsvergelyking	3
	1.4 Probleme by die toepassing van Bedryfs- vergelyking in die landbou	9
	1.5 Die doel en omvang van die ondersoek	11
	1.6 Navorsingsprosedure	13
	1.6.1 Algemene omvang en tydperk waaroor die ondersoek strek	13
	1.6.2 Klassifikasie van gegewens, volgens soortgelyke groepe kelders	16
<u>HOOFSTUK II</u>	DIE TOEPASSING VAN BEDRYFSVERGELYKING OP KOÖPERATIEWE WYNKELDERS	18
	2.1 Algemeen	18
	2.2 Raamwerk van verhoudingsgetalle vir koöperatiewe wynkelders	18
	2.2.1 Globale doeltreffendheidsverhoudings	21
	2.2.1.1 Surplus na rente per metrieketon druiwe verwerk	21
	2.2.1.2 Surplus na rente tot totale ledebelang	22
	2.2.1.3 Totale eie finansiering tot totale finansiering	23
	2.2.1.4 Surplus tot totale bates	23
	2.2.1.5 Surplus tot totale ontvangste	24
	2.2.1.6 Totale ontvangste tot totale bates	24
	2.2.2 Balansstaatontledings	26
	2.2.3 Finansiële doeltreffendheidsverhoudings	30
	2.2.3.1 Bepaling van kostes	31
	2.2.3.2 Bepaling van ontvangstes	35
	2.2.4 Diverse tegniese doeltreffendheids- verhoudings	37
	2.2.5 Die verband tussen die verskillende doeltreffendheidsverhoudings	41

(iii)

	<u>Bladsy</u>
<u>HOOFSTUK III</u>	
BEDRYFSVERGELYKENDE STATISTIEK BY 43 KOÖPERATIEWE WYNKELDERS	44
3.1 Globale doeltreffendheid	45
3.2 Balansstaatontledings	49
3.2.1 Ontleding van die batestruktuur	51
3.2.1.1 Ontleding van totale vaste bates	51
3.2.1.2 Ontleding van totale vlottende bates	59
3.2.1.3 Die verwantskap tussen die omsetsnelheid van totale bates en die totale koste per eenheid opbrengs	60
3.2.2 Ontleding van totale finansiering	64
3.3 Finansiële doeltreffendheid	68
3.3.1 Gemiddelde kostes per kelder en die verskillende koste-items uitgedruk as persentasie van totale ontvangste	71
3.3.2 Kostes-items as persentasie van totale koste sonder rente	71
3.3.3 Kostes-items per eenheid opbrengs	73
3.3.4 Ontleding van departementele produksie- koste	80
3.3.4.1 Arbeidskoste	80
3.3.4.2 Waardevermindering	85
3.3.4.3 Krag en water	86
3.3.5 Ontleding van totale ontvangste	87
3.3.6 Diverse tegniese doeltreffendheid	89
3.3.6.1 Benutting van stoorruimte	90
3.3.6.2 Verwerkingsdoeltreffendheid	92
3.3.6.3 Ander tegniese doeltreffendheids- verhoudings	93
<u>HOOFSTUK IV</u>	
BEDRYFSVERGELYKENDE STATISTIEK BY GROEPE WYNKELDERS	95
4.1 Globale doeltreffendheidsverhoudings van groepe kelders, volgens faktore wat resul- tate mag beïnvloed	96
4.1.1 Geografiese ligging en persentasie van lede se totale kwota ontvang	97
4.1.2 Persentasie goeiewyn geproduseer	105

	<u>Bladsy</u>	
4.1.3	Produksie-omvang	110
4.1.4	Ander groepe	114
4.1.4.1	Ouderdom van kelders	115
4.1.4.2	Hoeveelheid druiwe ontvang per dag	116
4.1.4.3	Persentasie benutting van totale kapasiteit van kelders	117
<u>HOOFSTUK V</u>		
	SAMEVATTING EN AANBEVELINGS	118
6.1	Samevatting	118
6.2	Gevolgtrekkings en aanbevelings	118
	LITERATUUR EN BRONNE	126
AANHANGSEL A:	Tabel A.1 tot A.11. Geweegde gemiddelde doeltreffendheidsverhoudings vir groepe kelders, volgens geografiese ligging	131
AANHANGSEL B:	Tabel B.1 tot B.3. Geweegde gemiddelde doeltreffendheidsverhoudings vir groepe kelders, volgens persentasie van lede se totale kwota ontvang	143
AANHANGSEL C:	Tabel C.1 tot C.11. Geweegde gemiddelde doeltreffendheidsverhoudings vir groepe kelders, volgens persentasie goeiwyn geproduseer	147
AANHANGSEL D:	Tabel D.1 tot D.11. Geweegde gemiddelde doeltreffendheidsverhoudings vir groepe kelders, volgens produksie-omvang	159
AANHANGSEL E:	Tabel E.1 tot E.7. Geweegde gemiddelde doeltreffendheidsverhoudings vir groepe kelders, volgens die ouderdom van kelders, gemiddelde druiwe-ontvangste per dag en persentuele benutting van totale kapasiteit	171

TABELLEBladsyTABEL

1.1	Verskillende tegniese doeltreffendheidsverhoudings en die interpretasie daarvan.	7
1.2	Die belangrikheid van koöperatiewe wynkelders relatief tot nie-koöperatiewe verwerkingsinstansies, volgens volume druiwe verwerk en hoeveelheid wyn vervaardig, 1967/68 tot 1969/70.	13
1.3	Verspreiding en deelname van koöperatiewe wynkelders, volgens geografiese ligging, 1967/69.	14
1.4	Verspreiding van wynkelders, volgens 'n aantal faktore wat die vergelykbaarheidsgraad mag beïnvloed, 1966/1969.	17
2.1	Algemene balansstaat soos opgestel vir die berekening van balansstaatverhoudings.	27
3.1	Geweegde gemiddelde globale doeltreffendheidsverhoudings vir 43 kelders van 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes" vir 1968/69.	46
3.2	Gemiddelde balansstaat per wynkelder vir 1966/67 tot 1968/69.	50
3.3	Die benutting van vaste bates in stoor- en verwerkingsaktiwiteite vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes" vir 1968/69.	54
3.4	Vaste bates in masjiene en toerusting per departement, uitgedruk as persentasie van totale masjiene en toerusting en uitgedruk per eenheid opbrengs vir 1966/67 tot 1968/69 vir 43 kelders, sowel as vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes" vir 1968/69.	57

<u>TABEL</u>	<u>Bladsy</u>
3.5	Gemiddelde omlooptye van vlottende bates vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69. 59
3.6	Geweegde gemiddelde finansieringverhoudings vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes" vir 1968/69. 66
3.7	Ontleding van die gemiddelde koste-items en totale ontvangste en van die koste-items uitgedruk as persentasie van totale ontvangste vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69. 70
3.8	Totale koste-items as persentasie van totale koste sonder rente vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes" vir 1968/69. 72
3.9	Geweegde gemiddelde totale koste-items per eenheid opbrengs vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes" vir 1968/69. 74
3.10	Persentuele verandering in totale koste-items en in koste-items per eenheid opbrengs vir 1966/67 tot 1968/69. 75
3.11	Totale man-ure en totale arbeidskoste per eenheid opbrengs in seisoen, volgens departemente en vir die oesjaar vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes" vir 1968/69. 82
3.12	Verskillende arbeidskoste-items uitgedruk as persentasie van totale arbeidskoste vir 43 kelders vir 1968/69. 83
3.13	Totale waardevermindering van masjiene en toerusting en totale waardevermindering (geboue ingesluit) per eenheid opbrengs, volgens departemente vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes" vir 1968/69. 85

<u>TABEL</u>		<u>Bladsy</u>
3.14	Totale koste aan krag en water per eenheid opbrengs, volgens departemente vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes" vir 1968/69.	86
3.15	Ontleding van die gemiddelde totale ontvangste van 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes" vir 1968/69.	88
3.16	Diverse tegniese doeltreffendheidsverhoudings vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes" vir 1968/69.	91
4.1	Globale doeltreffendheidsverhoudings vir groepe kelders, volgens geografiese ligging vir 1968/69.	98
4.2	Globale doeltreffendheidsverhoudings vir groepe kelders, volgens die persentasie van lede se totale kwota wat ontvang is in 1968/69.	104
4.3	Globale doeltreffendheidsverhoudings vir groepe kelders, volgens die persentasie goeiewyn geproduseer, 1968/69.	106
4.4	Die finansiële resultate van die vier kelders met die hoogste persentasie goeiewyn, 1968/69.	107
4.5	Globale doeltreffendheidsverhoudings vir groepe kelders, volgens die totale hoeveelheid wyn geproduseer, 1968/69.	112

DIAGRAMME

<u>DIAGRAM</u>		<u>Bladsy</u>
1.1	Piramiede van verhoudingsgetalle.	5
2.1	Piramiede van doeltreffendheidsverhoudings vir die ontleding van bedryfsvergelykende statistiek by koöperatiewe wynkelders.	20
2.2	Verhoudings vir die ontleding van die omsetsnelhede van totale bates van koöperatiewe wynkelders.	25
2.3	Vloeidiagram van die produksie van wyn en die depar-tementalisasie van die wynmaakproses.	38

FIGURE

<u>FIGUUR</u>		<u>Bladsy</u>
3.1	Die verhouding tussen omsetsnelheid van totale bates en totale koste per 10 hektoliters wyn, 1968/69.	61
3.2	Die verhouding tussen die gemiddelde belegging in vaste bates en totale koste per 10 hektoliters wyn, 1968/69.	63
3.3	Die verhouding tussen gemiddelde totale bates en totale koste per hektoliter wyn, 1968/69.	65
3.4	Die verhouding tussen produksie-omvang en totale koste per hektoliter wyn, 1968/69.	77
3.5	Die verhouding tussen produksie-omvang en totale vaste koste per hektoliter wyn, 1968/69.	79
4.1	Die verhouding tussen persentasie goeiewyn geproduseer en totale koste per hektoliter wyn, 1968/69.	111

HOOFSTUK I

INLEIDING

1.1 Algemeen

Die totale omset van landboukoöperasies het, volgens die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings (51) van 1965/66 tot 1968/69 met 40,7 persent toegeneem en was in 1968/69 meer as R1 266 miljoen. Hierdie syfers beklemtoon die belangrike rol wat koöperasies in die Suid-Afrikaanse landbou speel. Van 'n totale wynees van 248 miljoen liters wyn in 1947/48, het koöperatiewe wynekelders volgens die Koöperatiewe Wynbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperk (K.W.V.) (52) 21,6 persent vervaardig, terwyl koöperatiewe wynekelders 81,3 persent van die totale wynees van 482 miljoen liters in 1968/69 vervaardig het. Dit blyk dus dat koöperatiewe wynekelders 'n steeds toenemende rol vervul by die verwerking van druiwe na wyn.

Die totale hoeveelheid wyn en brandewyn wat in Suid-Afrika verbruik is, het volgens die K.W.V. (27, p.51.) onderskeidelik met 234 en 125 persent toegeneem van 1948 tot 1968. Die hoeveelheid wyn en brandewyn wat uitgeoer is, het van 1938 tot 1968 met 75 en 330 persent onderskeidelik gestyg (27, p.51.). Van die totale uitvoerwaarde van wyn en brandewyn het daar volgens die K.W.V. (27, p.51.) 49 persent in 1968 gegaan na Brittanje.

Met die vinnige toename in die produksie en binnelandse verbruik van wyn en brandewyn, asook die rol wat uitvoere in die wynbedryf speel, is dit noodsaaklik dat doeltreffendheid by die lewering van dienste deur koöperatiewe wynekelders verhoog word. Dienste soos verwerking, opberging en verspreiding moet teen die laagste moontlike koste geskied. In die lig van die beperkings, volgens van Dyk (48, p.5.), wat op die uitvoere van wyn en brandewyn sal ontstaan met Brittanje se toetreding tot die Europese Gemeenskapsmark, sal aanpassings in die bemarking van wyn en brandewyn gemaak moet word. Alternatiewe buitelandse marke sal gevind moet word en die binnelandse mark van wyn en brandewyn sal toenemend aandag moet ontvang.

Gesien teen die agtergrond van die toenemende bemarkings- en produksieprobleme en die belangrikheid van koöperatiewe wynekelders in die vervaardiging van goeie- en stookwyn, sal die noodsaaklikheid van hoër tegniese- en ekonomiese doeltreffendheid by wynekelders besef word. Dit geld veral by die beplanning van nuwe kelders met die oog op kwotas wat aan voornemende druiwe-produisente deur die K.W.V. (52) uitgereik is. Weens die groot kapitale investering

by wynkelders en die seisoensgebondenheid van hulle werksaamhede, het dit nodig geword dat kelders nie alleen tegniese nie, maar ook ekonomies verantwoord sal wees. In die lig van die feit dat die koöperatiewe „ideaal” een van diensmotief bly, is dit nodig dat koöperatiewe wynkelders in 'n mededingende ekonomie, moet streef na die hoogste tegniese- en ekonomiese doeltreffendheid.

Volgens Perrigo (35, p. 37.) bestaan daar verskeie moderne tegnieke waarvan die bestuur van enige onderneming gebruik kan maak om te verseker dat die algemene doeltreffendheid gedurig verhoog word. Een van hierdie tegnieke is Bedryfsvergelyking ("Interfirm Comparison"), wat volgens Zevenbergen (50, p.2.) reeds van die begin van hierdie eeu in die V.S.A. toegepas is. Sedertdien het die tegniek veral in die handel en nywerheid wye aanwending geniet as bestuurs-hulpmiddel. Brand en De Swardt (3, p.96.) noem dat die tegniek reeds in 1930 in Suid-Afrika sy toepassing gevind het in die landbou, alhoewel dit op daardie stadium net van akademiese belang was. Sedert die stigting van die Buro vir Finansiële Analise aan die Universiteit Pretoria in 1966 as onafhanklike navorsingsinstelling, is die tegniek reeds op verskeie industriële bedrywe toegepas (50, p.3.).

Die doel van hierdie ondersoek is om die tegniek van Bedryfsvergelyking aan te pas vir aanwending in koöperatiewe wynkelders. Alhoewel die basis van ontleding dieselfde bly vir enige bedryf, moet die tegniek nogtans aangepas word vir elke tipe bedryf met sy spesifieke probleme en kenmerke. Met geringe veranderings in die benadering van die metodiek van vergelyking, kan die tegniek op alle tipes landboukoöperasies toegepas word. Om die nut van die tegniek as bestuurshulpmiddel vir wynkelders te illustreer, sal dit in die eerste plek aangepas word vir wynkelders en tweedens toegepas word op 43 wynkelders.

1.2 Bedryfsvergelyking

Die doel van die toepassing van die tegniek van Bedryfsvergelyking, is om verskillende ondernemings in dieselfde bedryfstak, se resultate met mekaar te vergelyk. 'n Bedryfstak word hier beskou as 'n onderdeel van 'n bedryf, byvoorbeeld wyndruiweprodusente as onderdeel van die wynbedryf of koöperatiewe wynkelders as 'n onderdeel van die wynbedryf. Dit word gedoen om 'n maatstaf van vergelyking daar te stel, wat as basis kan dien vir die beoordeling van resultate wat bereik is deur elke deelnemende onderneming.

Basies bestaan die tegniek uit drie komponente. Eerstens die insameling

en uniforme verwerking van gegewens van soortgelyke ondernemings in dieselfde bedryfstak deur 'n onafhanklike instelling om anominiteit te handhaaf. Die onafhanklikheid van so 'n instelling spruit eerstens uit die feit dat deelnemende ondernemings dikwels mededingers van mekaar is en die gevaar voorsien word dat mededingers mekaar se optrede kan antisipeer en tweedens dat die identiteit van die onderskeie ondernemings nie bekend word nie. Tweedens bestaan die tegniek uit die publisering van individuele en/of gemiddelde prestasiesyfers, gewoonlik in die vorm van verhoudingsgetalle of gemiddelde verhoudings vir soortgelyke groepe ondernemings. Laastens bestaan die tegniek daaruit dat elke deelnemende onderneming sy eie resultate vergelyk met die resultate van vergelykbare ondernemings, of vergelyk met die gemiddeldes van groepe ondernemings, met die doel om die posisie van die onderneming te verbeter. Op hierdie wyse verkry deelnemende ondernemings maatstawwe waarteen hulle hul resultate kan beoordeel.

Die waarde van bedryfsvergelykende statistiek is daarin geleë dat 'n onderneming kennis neem van die vergelykbaarheid van sy resultate deur 'n gegewe beleid te volg, met dié van ander soortgelyke ondernemings, sonder dat sy identiteit bekend word. Dit kan lei tot die opsporing van swakhede in die bedryfsvoering. Verder kan 'n onderneming vasstel waarom daar verskille in prestasies voorkom en of daar 'n verklaring vir die verskille is. Laastens verkry die bestuur insig in watter aspekte van sy beleid en optrede dringende of minder dringende aandag vereis om die winsgewendheid en doeltreffendheid te verbeter.

Die tegniek kan met vrug aangewend word vir die verbetering van interne bestuurskontrole. Deurdat 'n vergelykende studie periodiek herhaal word vir dieselfde bedryfstak, kan 'n onderneming 'n stel maatstawwe ontwikkel waarteen sy eie resultate vergelyk kan word met die resultate van vorige periodes. Hierdeur word verseker dat bedryfsvoering sal aanpas by veranderende omstandighede. Doeltreffendheid mag so nie alleen vir deelnemende ondernemings verhoog word nie, maar ook vir die hele bedryf en landseconomie as geheel.

1.3 Die toepassing van Bedryfsvergelyking

Alle ondernemings streef na 'n sekere gestelde doelwit. Ten einde te kan bepaal tot watter mate 'n doelwit bereik is, behoort daar 'n maatstaf gestel te word waarteen die resultate in terme van die doelwitte, beoordeel kan word. In enige onderneming bestaan daar sulke maatstawwe waarmee die bestuur kan vasstel tot watter mate die doelwit bereik is. Alhoewel die meeste maatstawwe subjektief en op historiese gegewens van 'n onderneming self gebaseer is, bly

die nuttigste maatstaf die gunstige resultate van soortgelyke ondernemings; het-sy in die vorm van 'n enkele prestasiesyfer van 'n ander soortgelyke onderneming of gemiddelde prestasiesyfers van 'n groep ondernemings in dieselfde bedryfstak.

Deur die tegniek van Bedryfsvergelyking word daar gepoog om algemene maatstawwe te formuleer en te ontwikkel, waarteen individuele ondernemings hulle prestasies kan beoordeel. Dit word verkry eerstens deur 'n raamwerk van inter-afhanklike verhoudingsgetalle op te stel, wat toepaslik is vir die spesifieke bedryfstak wat ontleed word. Tweedens word die verhoudingsgetalle vir elke onderneming, sowel as die gemiddeldes vir groepe ondernemings op uniforme wyse bereken. Die berekende verhoudingsgetalle, wat almal inpas in 'n raamwerk van inter-afhanklike verhoudings, dien dan as maatstaf van vergelyking.

In Diagram 1.1 word die basiese piramide van inter-afhanklike verhoudingsgetalle gegee, soos ontwikkel deur Ingham (23, p.1.). Hierdie piramide is van toepassing op enige tipe bedryf, maar sekere uitbreidings en wysigings is nodig om dit op 'n spesifieke bedryfstak van toepassing te maak.


Die piramide van verhoudingsgetalle neem as uitgangspunt die verband wat daar bestaan tussen netto wins, omset of verkope en totale bates. Rose (39, p. 5,) beskou die totale hoeveelheid fondse waaroor 'n onderneming beskikkingsmag gehad het as die som van alle bates, volgens die balansstaat, minus enige fiktiewe ("fictitious") bates soos byvoorbeeld onverdeelde winste en verliese. Hierdie totale hoeveelheid fondse, word beskou as die totale bates. Die verhouding van netto wins tot totale bates (rentabiliteit) toon die algehele winsgewendheid en globale doeltreffendheid van 'n onderneming aan. Alle resultate vanaf die tegniese produksie vlak tot by die finansiële vlak, kulmineer in hierdie verhouding. Dit dien daarop te let dat hier bedoel word die rentabiliteit in die bedryfsekonomiese sin, dit wil sê die netto wins as persentasie van totale bates, waar die wins ook die rente wat verdien is, omvat.

Die twee komponente van rentabiliteit van totale bates, bestaan uit die winsgrens (wins tot totale verkope) en die omloopspoed van totale bates (totale verkope tot totale bates). Die verband wat daar bestaan is die volgende:

$$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Totale bates}} = \frac{\text{Netto wins}}{\text{Totale verkope}} \times \frac{\text{Totale verkope}}{\text{Totale bates}}$$

Dit is duidelik uit Diagram 1.1 dat alle ander verhoudingsgetalle verband

Diagram 1.1: Piramide van verhoudingsgetalle (I.F.C.(20, p.3.))



$(A = B \times C, F = \frac{1}{C}, B + C + D + E = 100 \text{ persent}, C = G + H + I, F = J + K, J = L + M + N + S \text{ en } K = P + Q + R).$

hou met die primêre verhouding, naamlik, netto wins as persentasie van totale bates. Die verklarende verhoudings toon op 'n logiese en sistematiese wyse aan waarom die primêre verhoudings tussen ondernemings verskil. Hierdie raamwerk van verhoudingsgetalle bied dus weens die inter-afhanklikheid 'n basis aan vir interpretasie en evaluering van inter-bedryfsverskille tussen die verhoudingsgetalle van ander soortgelyke ondernemings. Aangesien die verhoudings soos uiteengesit in Diagram 1.1, 'n globale maatstaf van vergelyking verskaf vir die onderneming as geheel, en selde 'n presiese verklaring bied vir bedryfsverskille tussen finansiële verhoudings, is dit nodig dat die piramide uitgebrei word na die tegniese doeltreffendheidsvlak van produksiefaktorbenutting. So word bykomende maatstawwe van vergelyking daargestel wat as basis kan dien vir die verklaring en interpretasie van verskille tussen ondernemings in dieselfde bedryfstak.

Die eerste stap in die ontwikkeling van 'n raamwerk van tegniese doeltreffendheidsverhoudings is om verhoudings te formuleer waardeur die doeltreffende benutting van die belangrikste direkte produksiefaktore weergegee word, soos arbeid, grondstowwe en kapitaal. Tweedens behoort verhoudings opgestel te word wat die doeltreffende benutting van 'n kombinasie van direkte produksiefaktore sal aandui, byvoorbeeld arbeid en kapitaalgoedere. Gevolgtrekkings kan nie sonder meer gemaak word met betrekking tot die doeltreffende benutting van één produksiefaktor soos arbeid nie, aangesien die produksie-resultaat die gevolg is van 'n kombinasie van produksiefaktore. Byvoorbeeld, indien die aantal man-ure gebruik per eenheid opbrengs daal, beteken dit nie noodwendig dat die verhoging in doeltreffendheid die gevolg was van 'n doeltreffender benutting van arbeid alleen nie, maar kan ook die gevolg wees van 'n doeltreffender benutting van kapitaal of 'n kombinasie van produksiefaktore. Die laaste stap in die ontwikkeling van 'n raamwerk van tegniese doeltreffendheidsverhoudings is om verhoudings te formuleer waardeur indirekte produksiefaktore soos bestuur, gekombineer word met direkte produksiefaktore soos arbeid en/of kapitaal.

Tabel 1.1 gee 'n uiteensetting van moontlike tegniese doeltreffendheidsverhoudings wat opgestel kan word vir Bedryfsvergelyking. Die tipe en aantal verhoudings waarop daar uiteindelik besluit word, sal afhang van die tipe bedryf en probleme waarmee die bedryf, wat ontleed word, te kampe het. 'n Groot verskeidenheid tegniese verhoudings kan geformuleer word na gelang van die spesifieke bedryfstak wat ontleed word. Basies bestaan die tegniese verhoudings

uit die verband wat bestaan tussen die benodigde hoeveelheid van 'n produksiefaktor en die geassosieerde fisiese opbrengs.

Tabel 1.1: Verskillende tegniese doeltreffendheidsverhoudings en die interpretasie daarvan

VERHOUDING	INTERPRETASIE AS VOORBEELD
<u>Direkte man-ure</u> Fisiese opbrengs	5,76 man-ure benodig per metrieketon druie verwerk
<u>Rand vaste bates</u> Produksiekapasiteit	R205 in vaste bates benodig per metrieketon verwerk per dag
<u>Volume grondstowwe</u> Fisiese opbrengs	1,8 metrieketon druie benodig per 5,78 hektoliters wyn geproduseer
<u>Verkoelingskapasiteit</u> Fisiese opbrengs	0,14 kilowatt uur-dae benodig per hektoliter wyn geproduseer

Doeltreffendheid kan op twee maniere gedefinieer word, naamlik, die opbrengs per eenheid produksiefaktor, byvoorbeeld metrieketon per man-uur en die hoeveelheid produksiefaktor per eenheid opbrengs, byvoorbeeld man-ure gebruik per metrieketon. Vir die doel van hierdie ondersoek sal die laaste begrip gebruik word. 'n Belangrike voordeel van hierdie doeltreffendheidsbegrip is

eerstens dat faktorbenodigdhede van verskillende produksieprosesse gesameer kan word tot 'n totaal vir die onderneming, wat volgens Ruist (40, p.20.) nie moontlik is met 'n begrip soos opbrengs per eenheid produksiefaktor nie. Byvoorbeeld, die arbeidsbenodigdhede in verskillende produksieprosesse kan gesameer word tot 'n totale arbeidsinset per eenheid opbrengs vir die onderneming. 'n Tweede voordeel is dat die eenhede waarin doeltreffendheid uitgedruk word van 'n groter formaat en meer realisties is. Byvoorbeeld dit is makliker om 'n begrip soos 280 man-ure gebruik per metrieketon te interpreteer, as 0,0012 metrieketon per man-uur.

Daar bestaan verskeie bronne van inligting, soos byvoorbeeld die gepubliseerde finansiële state van ondernemings en primêre inligting wat direk by die onderneming self ingesamel kan word. Die gepubliseerde finansiële state van ondernemings is inligting wat teen 'n lae koste bekombaar is

Finansiële state verskaf min of geen agtergrond inligting oor die tegniese aspekte en kostes nie. Hierdie feit maak dat die verklaring en interpretasie van verskille tussen ondernemings bemoeilik word. Verkeerde gevolgtrekkings kan gemaak word indien daar oor onvoldoende agtergrond kennis beskik word. Verder stel die I.F.C. (21, p.8 en 9.) dat die gegewens wat in finansiële state verskyn nie altyd vergelykbaar is nie, aangesien elke onderneming sy eie konvensies volg waarvolgens die wins bepaal word, kostes geallokeer word en waardevermindering bereken word.

Die insameling van die benodigde inligting vir 'n Bedryfsvergelykende studie, geskied gewoonlik in die vorm van 'n vraelys, wat of persoonlik deur navorsers

by die onderneming ingevul word, of deur die onderneming ingevul en teruggestuur word. Inligting uit gepubliseerde finansiële state word aanvullend tot die primêre inligting gebruik.

By die opstelling van die vraelys moet die uiteindelijke doelwit van die ondersoek en die wyse waarop die gegewens verwerk gaan word (meganies of met elektroniese hulpmiddels), in gedagte gehou word. 'n Voorlopige vraelys word gewoonlik opgestel en getoets om te verseker dat die korrekte inligting wel met die finale opname verkry sal word.

Die verwerkte resultate word gepubliseer of aan deelnemende (of belangstellende) ondernemings beskikbaar gestel. Om anonimiteit te verseker word aan elke onderneming 'n kodenommer toegeken, wat alleen aan hom en die verwerkende instansie bekend is. Resultate kan of volgens die kodenommers aangebied word, of verder verwerk word om gemiddelde resultate vir voorafbepaalde groepe ondernemings te verskaf. Hierdeur word die graad van vergelykbaarheid en die nut van resultate vir besluitneming verhoog. (Sien 1.6.2). Daar kan verder gegaan word deurdat die resultate van die onderskeie ondernemings gerangskik word van swak na goed, na gelang van die maatstaf wat gestel word; byvoorbeeld volgens finansiële sukses of tegniese doeltreffendheid. Individuele ondernemings kan dan hulle prestasiesyfers vergelyk met soortgelyke ondernemings, en/of vergelyk met die gemiddelde prestasiesyfers van die groep waarin hy val, en/of vasstel waar sy prestasiesyfer val met betrekking tot die rangorde van sukses wat algemeen behaal is, byvoorbeeld die beste derde, middelste derde of swakste derde vir die verskeie doeltreffendheidsverhoudings.

1.4 Probleme by die toepassing van Bedryfsvergelyking in die landbou

Verskeie praktiese en teoretiese probleme word ondervind met die toepassing van die tegniek in die landbou. Eerstens word deur die heterogeniteit, natuurgebondenheid van die landboubedryf en seisoensaard van produksie, probleme ondervind om ondubbelsinnige maatstawwe van vergelyking te formuleer. Faktore soos die tipe en intensiteit van boerderye, klimaat, grondverskille, beskikbaarheid van water en 'n wye keuse van alternatiewe produkte, mag die interpretasie van doeltreffendheidsverhoudings bemoeilik. Tweedens bestaan die probleem van substitusie tussen produksiefaktore en produkte. Die meeste tegniese doeltreffendheidsverhoudings bring één produksiefaktor in verband met één tipe opbrengrs, wat nie altyd realisties is nie, aangesien daar dikwels medeprodukte geproduseer word en produksiefaktore en dus kostes moeilik allokeerbaar maak.

Verder is dit nodig dat die eenhede waarin faktorbenodigdhede gemeet word uniform sal wees. Dit is dus nodig om vir die nut van vergelykbaarheid, byvoorbeeld man-ure bymekaar te tel, sonder om verskille in vaardigheid, opleiding en ouderdom in aanmerking te neem.

'n Derde probleem mag wees dat doeltreffendheidsverhoudings gegrond is op historiese gegewens. In 'n bedryf waar tegnologiese ontwikkeling snel plaasvind, mag dit gebeur dat die berekende doeltreffendheidsverhoudings vir 'n gegewe situasie of kombinasie van produkte by die tyd dat resultate gepubliseer word, onbevredigend is vir beplanning.

Ten opsigte van besluitneming mag die probleem ontstaan dat individuele ondernemings die optimum produksie-intensiteit oorskry indien gestreef word na maksimum doeltreffendheid. Die rede hiervoor is geleë in die feit dat die tegniese- en finansiële doeltreffendheidsverhoudings, soos dit gebruik word by Bedryfsvergelyking, gemiddelde syfers is, en nie marginale hoeveelhede nie, wat die beplanning van die optimum kombinasie van faktore en produkte en optimum produksie-intensiteit moeilik maak.

Laastens word die probleem van rentabiliteitsontledings by landboukoöperasies ondervind. By die normale industriële onderneming vorm die rentabiliteitsverhouding die toppunt van die piramide van verhoudingsgetalle. Aangesien die doelwit by 'n koöperasie een van „diens" is, byvoorbeeld om die bemerkingsfunksies teen die laags moontlike koste te verrig en daardeur 'n maksimum surplus aan lede te probeer uitkeer op grond van lede se deelname aan die koöperasie, word volgens Steenkamp (42, p.59.) geen rentabiliteitsberekening soos by winsgeoriënteerde ondernemings gemaak nie. Om hierdie rede behoort die rentabiliteitsverhouding en daarmee saam die hele piramide van verhoudingsgetalle omvorm te word tot 'n meer toepaslike een.

Die verskil tussen 'n industriële onderneming en 'n koöperasie ten opsigte van wins en surplus onderskeidelik, kan soos volg verduidelik word. Veronderstel 'n industriële onderneming en 'n koöperasie verwerk albei dieselfde grondstof G (druive) na 'n eindproduk E (wyn). Die koöperasie se lede is produsente van G, terwyl die industriële onderneming G aankoop as 'n grondstof. Die wins- en surplusvergelyking by die industriële onderneming en koöperasie kan soos volg gestel word:

$$\text{WINS} = P_e E - \sum P_i X_i - P_g G - V \quad \dots\dots\dots (1)$$

$$P_g G \text{ (SURPLUS)} = P_e E - \sum P_i X_i - V \quad \dots\dots\dots (2)$$

Waar P_e die prys van die eindproduk, E die hoeveelheid eindproduk geproduseer, P_i die pryse van die onderskeie produksiefaktore, X_i die hoeveelhede produksiefaktore, P_g die prys van die grondstof, G die hoeveelheid grondstof en V die vaste koste verteenwoordig. Die surplus in vergelyking (2) word beskou as daardie bedrag wat aan lede uitbetaal kan word, nadat voorsiening gemaak is vir reserwes (Sien 2.2.1.1.).

Soos blyk uit vergelykings (1) en (2), beskou die industriële onderneming $P_g G$ as 'n konstante kostefaktor, terwyl die koöperasie $P_g G$ as veranderlik beskou. Die surplus in die geval van die koöperasie moet dus gemaksimeer word. 'n Verdere probleem by die rentabiliteitsberekening by 'n verwerkingskoöperasie is die feit dat die omvang van die surplus bepaal word deur die hoeveelheid en gehalte van die grondstof (G), wat lede in 'n spesifieke jaar lewer. Die hoeveelheid grondstof word grootliks beïnvloed deur natuurlike faktore soos weersomstandighede en siektes, en is derhalwe buite beheer van die bestuur. Afleidings en vergelykings op grond van die „rentabiliteit“ by koöperasies, moet dus met omsigtigheid gedoen word en behoort nie vergelyk te word met die rentabiliteit van 'n winsonderneming nie.

Gesien teen die agtergrond van die koöperasie se primêre doelwit, verskuif die klem vir vergelyking doeleindes noodwendig van die globale doeltreffendheidsverhoudings na die tegniese- en koste-oorewegings. Vergelykings en ontledings slegs op grond van gepubliseerde finansiële state van koöperasies alleen, en op gemiddeldes daaruit bereken, kan tot 'n onvolledige oordeel lei. Die insameling van agtergrond inligting en die klem op tegniese doeltreffendheid, kan goeie evaluering van vergelykende resultate by landboukoöperasies moontlik maak. Die propagering en instelling van 'n standaard rekeningkundige stelsel, sal verder verseker dat meer uniforme gegewens verkry word vir Bedryfsvergeljking by landboukoöperasies.

1.5 Die doel en omvang van die ondersoek

Die huidige en verwagte ontwikkelingspatroon van die wynbedryf soos nuwe produksiegebiede wat ontwikkel word, bring mee dat belanghebbende instansies en ondernemings gebuk gaan onder aanpassingsprobleme. Hierdie probleme

behels ondermeer die volgende aspekte:

- (i) Die vraag na wyn met betrekking tot tyd, plek, tipe en gehalte;
- (ii) Die doelmatigheid van die prys- en kwotastelsel;
- (iii) Die effektiwiteit van mededinging in die wynbedryf;
- (iv) Die bepaling van die kostes verbonde aan verwerking, opberging, veroudering en distribusie.

Die stelselmatige opsporing van probleme, die vasstelling van prioriteite ten opsigte van probleemoplossings, navorsing ter oplossing daarvan, en die beskikbaarstelling van inligting daaroor, is die logiese stappe om die doeltreffendheid van die hele wynbedryf te verhoog. Dit is noodsaaklik dat ondernemings betrokke by produksie, verwerking en verspreiding van druiwe en wyn, moderne bestuurshulpmiddels sal gebruik om hulle doeltreffendheid te verhoog.

Weens die redelike eenvormigheid van koöperatiewe wynkelders se bedrywighe, maar diversiteit in die uitvoering van produksieprosesse, verleen wynkoöperasies hulle by uitstek vir die toepassing van die tegniek van Bedryfsvergelyking. Weens die heterogeniteit van bestuursoptrede, mag die doeltreffendheid waarmee take uitgevoer word, verskil. Dit is hierdie verskille in benaderings ten opsigte van taakvolvoering wat vergelyk kan word. Gegewe die lokale probleme van elke wynkelder, kan daar met behulp van Bedryfsvergelyking riglyne verskaf word vir probleem identifikasie en probleemopsporing, die blootlegging van moontlike alternatiewe oplossings vir dieselfde probleemsituasie en laastens vir beleidformulering.

Weens die belangrike rol wat koöperatiewe wynkelders speel in die vervaardiging van wyn, sou dit dus nuttig wees om vas te stel tot watter mate Bedryfsvergelyking kan bydra tot verhoogde doeltreffendheid in die kelderbedryf. Die belangrikheid van wynkelders in die wynbedryf kan uit Tabel 1.2 afgelei word. Die afname in die totale druiweoes in 1968/69 was as gevolg van droogtes wat geheers het in die Montagu-Robertson-area waar daar in sommige gebiede ook donsige skimmel (Plasmopora viticola) besmettings voorgekom het, wat ooste nadelig beïnvloed het.

Tabel 1.2: Die belangrikheid van koöperatiewe wynkelders tot nie-koöperatiewe verwerkingsinstansies, volgens volume druiwe verwerk en hoeveelheid wyn vervaardig, 1967/68 tot 1969/70

OESJAAR	Totale Druive-oes verwerk	Hoeveelheid druive deur koöperatiewe wynkelders verwerk	Persentasie van totale druiveoes verwerk deur koöperatiewe wynkelders	Totale wynoes	Hoeveelheid wyn geproduseer deur koöperatiewe wynkelders	Persentasie van die totale wyn oes geproduseer deur koöperatiewe wynkelders
	metrieketon Balling	teen 20 grade Balling	(%)	miljoen teen 20 grade	hektoliters Balling	(%)
1967/68	661 494	477 403	72,17	4,91	3,81	77,68
1968/69	649 818	493 598	75,96	4,82	3,91	81,28
1969/70	572 655	448 120	78,25	4,24	3,51	82,64

Bron: K.W.V. (49).

1.6 Navorsingsprosedure

1.6.1 Algemene omvang en tydperk waaroor die ondersoek strek

Dit is noodsaaklik dat navoersers en instellings wat Bedryfsvergelyking as beplanningstegniek by wynkelders wil gebruik, 'n deeglike agtergrond kennis sal opdoen oor die wynbedryf. (Sien 1.3). 'n Advies-komitee is benoem uit persone wat nou verbonde is aan die wynbedryf; die sekretaris van die Koöperatiewe Wynkelders-Komitee, 'n ingenieur wat behulpsaam is by die beplanning van wynkelders en agt koöperatiewe wynkelder bestuurders. Die funksie van hierdie komitee was om die navorser in te lig oor die praktiese uitvoering van die ondersoek, die verskaffing van moontlike bronne van inligting en die formulering van die mees toepaslike en nuttigste doeltreffendheidsverhoudings. Aangesien gespesialiseerde kennis nodig was oor die tegniek van Bedryfsvergelyking self, is die ondersoek in samewerking met die Buro vir Finansiële Analise, te Pretoria gedoen.

Die uitgangspunt in hierdie ondersoek was om soveel as moontlik van

die kooperatiewe wynkelders by die ondersoek te betrek. Van die 62 kooperatiewe wynkelders wat per brief deur bemiddeling van die Kooperatiewe Wynkelders-Komitee genader is vir deelname, het 48 positief gereageer. Weens onvolledige agtergrond inligting wat vyf kelders verskaf het, is die inligting van 43 kelders by die ondersoek gebruik.

Hierdie 43 wynkelders is goed versprei oor die hele wynproduserende gebied. In Tabel 1.3 word die verspreiding van wynkelders wat ingesluit is, tussen die vyf streke aangetoon.

Tabel 1.3: Verspreiding en deelname van kooperatiewe wynkelders, volgens geografiese streke, 1967/69

STREEK*	1	2	3	4	5	TOTAAL
Totale aantal kelders in streek	15	10	12	7	18	62
Persentasie van totaal (%)	24	16	19	11	30	100
Aantal kelders in ondersoek	12	7	10	6	8	43
Persentasie van totaal in ondersoek (%)	28	16	23	14	19	100

* Die onderskeie streke is soos volg saamgestel:

STREEK

- 1 Paarl, Stellenbosch, Franschhoek en Wellington;
- 2 Malmesbury, Riebeek-Kasteel, Porterville, Clanwilliam, Citrusdal, Klawer, Vredendal en Lutzville;
- 3 Tulbagh, Wolseley en Rawsonville;
- 4 Worcester en Villiersdorp;
- 5 Robertson, Montagu, Ashton, Bonnievale, Barrydale, Ladismith en Calitzdorp.

Die tydperk waarvoor die ondersoek strek moet duidelik gespesifiseer word by Bedryfsvergelyking, aangesien die lengte van die periode 'n groot invloed mag uitoefen op die betroubaarheid van eindresultate. Om betroubare

resultate te verkry is dit nodig dat die gebruik van produksiefaktore oor dieselfde periode sal strek as waaroor produksie geskied het, aangesien 'n spesifieke opbrengs in verband gebring moet word met die produksiefaktore wat in die produksieproses gebruik is.

Die periode waarop daar vir die ondersoek besluit is, is drie oesjare vir die finansiële doeltreffendheidsverhoudings. Vir die tegniese doeltreffendheidsverhoudings is die periode verdeel in oesjare en parsseisoene. Die grootste deel van die produksie-aktiwiteite en 'n deel van verkope geskied by wynkelders oor die loop van een parsseisoen, terwyl werksaamhede soos herstelwerk, uitbreidings aan geboue, installering van nuwe toerusting en 'n deel van verkope buite die parsseisoen gedoen word. Die doeltreffendheid van benutting van die belangrikste produksiefaktore word dus bepaal binne die bestek van 'n parsseisoen.

In die ondersoek is gebruik gemaak van die opnamemetode om inligting te bekom. 'n Vraelys is persoonlik in dié verband gesamentlik deur die navorser en die koöperatiewe bestuur ingevul vir die oesjare 1966/67, 1967/68 en 1968/69.

1.6.2 Klassifikasie van gegewens, volgens soortgelyke groepe

Die waarde van Bedryfsvergelyking vir die bestuur van 'n wynkelder is geleë in die feit dat doeltreffendheidsverhoudings vergelyk kan word met dié van ander soortgelyke kelders. In die kelderbedryf bestaan daar, nieteenstaande die eenvormigheid van algemene werksaamhede, tog verskille tussen kelders weens die unieke situasie waarin elkeen homself bevind. Byvoorbeeld een produksiegebied mag weens die ligging en klimaat meer onderhewig wees aan droogtes, of 'n langer produksie-seisoen hê vir dieselfde druiwe cultivar as 'n ander gebied. Vergelykings van doeltreffendheidsverhoudings van kelders tussen sulke gebiede mag tot verkeerde gevolgtrekkings aanleiding gee. Wynkelders van dieselfde gebied mag egter met meer vertroue hulle syfers met mekaar vergelyk.

Die waarde van Bedryfsvergelyking kan dus verder uitgebrei word, deurdat vergelykings beperk word tot 'n kleiner aantal, maar meer vergelykbare kelders. Dit beteken dat die kelders geklassifiseer moet word in groepe, op grond van die mate waarin hulle resultate deur dieselfde faktore beïnvloed word. By die keuse van watter faktore as basis moet dien vir die groeipindelning, moet die mate waarin elke faktor die resultate van die kelder beïnvloed, in aanmerking

geneem word. Daar moet verder gelet word op die aantal kelders in elke groep, aangesien die aantal in elke groep die mate van vergelykbaarheid nadelig kan beïnvloed. Indien 'n kelder sy resultate vergelyk met slegs een ander kelder, is die waarde wat uit so 'n vergelyking spruit moontlik relatief laag. Groepe kan ook so wyd gespesifiseer word dat die mate waarin dieselfde faktore resultate beïnvloed, te veel verskil tussen kelders en die vergelykbaarheidsgraad so verlaag word. By die bepaling van grense van die onderskeie groepe, is bogenoemde faktore in ag geneem. Die grense vir die produksie-omvang is oorspronklik in Britse-eenhede vasgestel en daarna is dit omgerek na metrieke-eenhede.

In Tabel 1.4 word die verspreiding van koöperatiewe wynkelders aangetoon, volgens verskillende faktore wat 'n invloed mag uitoefen op die graad van vergelykbaarheid.

Die geografiese indeling het ten doel gehad om die natuurlike faktore, wat die resultate van kelders mag beïnvloed, uit te skakel. Hierdie indeling sal egter nie al die faktore kan uitskakel nie, aangesien daar nog ander natuurlike faktore mag wees, byvoorbeeld die besproeiing of droëland verbouing van druiwe, wat die prestasies van kelders mag beïnvloed. Nou gekoppel aan bogenoemde indeling, is die groepering van kelders volgens die persentasie van lede se totale toegekende kwotas deur die K.W.V., wat ontvang is vir verwerking. Hierdie indeling is gedoen om na te speur of die persentasie kwota lewering enige invloed het op die finansiële- en finansieringstruktuur van kelders. Die indeling op grond van die persentasie goeiewyn geproduseer, mag moontlike verskille tussen kelders se eenheidskoste, surplus per eenheid en batestruktuur blootlê.

Kelders is volgens hulle produksie-omvang geklassifiseer om veral die effek van omvang op eenheidskoste te ondersoek. Laastens is kelders in groepe ingedeel op grond van faktore, soos die ouderdom van kelders, hoeveelheid druiwe ontvang per dag en die mate waarin die totale kapasiteit van die kelder benut word. Hierdie indeling is gevolg om hoofsaaklik die effek daarvan op eenheidskoste en tegniese doeltreffendheid te bepaal.

Tabel 1.4: Verspreiding van wyndelders, volgens 'n aantal faktore wat die vergelykbaarheidsgraad mag beïnvloed, 1966/67 - 1968/69

FAKTOR	GROEPIDELING	Aantal per groep			Persentasie van die totaal		
		1966/67	1967/68	1968/69	1966/67	1967/68	1968/69
Geografiese verspreiding	Streke						
	1	12	12	12	28	28	28
	2	7	7	7	16	16	16
	3	10	10	10	23	23	23
	4	6	6	6	14	14	14
	5	8	8	8	19	19	19
	TOTAAL	43	43	43	100	100	100
Persentasie druiwe gelewer deur lede van totale kwota van lede	Persent						
	45 en minder	24	15	13	55	35	30
	46 tot 64	16	19	20	37	44	46
	65 en meer	3	9	10	8	21	24
	TOTAAL	43	43	43	100	100	100
Persentasie goeiewyn geproduseer	Persent						
	55 en minder	30	23	17	69	53	40
	56 tot 65	9	12	14	21	28	32
	66 en meer	4	8	12	10	19	28
	TOTAAL	43	43	43	100	100	100
Totale hoeveelheid wyn geproduseer	Bruto hektoliters (000)						
	46,29 en minder	17	12	11	40	28	25
	46,30 tot 69,49	16	15	15	37	35	35
	69,50 en meer	10	16	17	23	37	40
	TOTAAL	43	43	43	100	100	100
Ouderdom van kelders	Jaar van oprigting						
	1900 - 1950	24	24	24	55	55	55
	1951 - 1960	9	9	9	21	21	21
	1961 - 1969	10	10	10	24	24	24
	TOTAAL	43	43	43	100	100	100
Gemiddelde druiwe ontvangste per dag	Metrieketon per dag						
	315 en minder	16	13	14	37	30	32
	316 tot 540	16	19	18	37	44	42
	541 en meer	11	11	11	26	26	26
	TOTAAL	43	43	43	100	100	100
Persentuele benutting van die totale kapasiteit	Persent						
	84 en minder	16	12	10	37	28	24
	85 tot 99	14	9	10	32	21	24
	100	13	22	23	31	51	52
	TOTAAL	43	43	43	100	100	100

HOOFSTUK II

DIE TOEPASSING VAN BEDRYFSVERGELYKING OP KOÖPERATIEWE WYNKELDERS

2.1 Algemeen

Die uiteindelijke voortbestaan van 'n onderneming word eerstens bepaal deur die totale inkomste en totale uitgawes, wat die wins of surplus in die geval van koöperasies bepaal. Tweedens hang die voortbestaan van 'n onderneming af van die doeltreffendheid waarmee produksiefaktore aangewend word by die fisiese verwerking van 'n grondstof na 'n eindproduk en laastens die totale hoeveelheid kapitaal wat gebruik is om die gerealiseerde wins of surplus moontlik te maak. Hieruit blyk dit duidelik dat daar ten opsigte van finansiële sukses van enige onderneming 'n samehang bestaan tussen tegniese en finansiële doeltreffendheid en die finansieringstruktuur van die onderneming.

'n Ontleding van die mate van sukses wat bereik is in 'n gegewe periode, kan dus in die drie bogenoemde velde verdeel word, naamlik tegnies, finansiël en die finansieringstruktuur. As maatstaf van besluitneming kan sekere doeltreffendheidsverhoudings in elke veld gespesifiseer word. Afhangende van die doel van ontleding en tipe bedryf, sal die klem op een van hierdie velde val, of op 'n kombinasie daarvan. Vir die bestuur wat streef na die hoogste globale doeltreffendheid is dit noodsaaklik dat die doeltreffendheidsverhoudings in die drie velde aanvullend tot mekaar gebruik word. Indien die klem alleen val op die doeltreffendheidsverhoudings in één van die velde, kan verkeerde besluite geneem word, aangesien die onderliggende faktore wat verantwoordelik was vir veranderings in verhoudings, nie in aanmerking geneem word nie.

Die oorsaaklike faktore moet opgespoor en in verband gebring word met die betrokke verhouding, voordat enige verhouding van praktiese nut kan wees by besluitneming. Deur 'n raamwerk van interafhanklike verhoudings op te stel, wat die drie bogenoemde velde van ontleding dek, kan bestuur meer op daardie verhoudings konsentreer wat ongunstig afwyk van die gemiddelde maatstaf. Die oorsaak van die afwyking kan dan in die verklarende verhoudings gesoek word.

2.2 Raamwerk van verhoudingsgetalle vir koöperatiewe wynkelders

By die toepassing van Bedryfsvergelyking moet 'n raamwerk van interafhanklike doeltreffendheidsverhoudings opgestel word, wat as maatstaf kan dien

vir vergelyking van resultate. Die uitgangspunt by die formulering van sulke verhoudings behoort eerstens te wees, die relatiewe waarde wat verhoudings vir besluitneming bied, en tweedens die betekenisvolheid en toepasbaarheid van verhoudings vir bestuur en laastens die mate waarin die verskillende verhoudings of groepe verhoudings die werklike doeltreffendheid van die onderskeie aspekte van die wykelder se aktiwiteite weerspieël.

In Diagram 2.1 word die raamwerk van doeltreffendheidsverhoudings gegee, waarmee die verband aangetoon word tussen die tegniese en finansiële sy en die finansieringstruktuur van elke koöperatiewe wykelder.

Die verband wat daar bestaan tussen die verhoudingsgetalle in Diagram 2.1 is kortliks soos volg:

$$(A)4. = (A)5. \times (A)6., \quad (A)5. = f((C)1., 1(a), 1(b), 1(c) \text{ en } 1(d)),$$

$$(A)6. = f((B)1., (B)2., (B)3. \text{ en } (B)4.), \quad \text{dus is } (A) = f((B), (C) \text{ en } (D)).$$


Soos dit blyk uit Diagram 2.1 kan die doeltreffendheid van 'n koöperatiewe wykelder in drie komponente verdeel word, naamlik tegnies, finansiël en die doeltreffende verkryging en aanwending van kapitaal. 'n Verandering in die globale doeltreffendheid word eerstens bepaal deur die fisiese benutting van individuele en groepe produksiefaktore en tweedens bepaal deur die kostes aan vervaardiging, verkope en diensverskaffing. Derdens word die globale doeltreffendheid beïnvloed deur die inkomste verkry uit verkope van wyn, byprodukte en verskaffing van dienste. Laastens behoort die kelder vir 'n suksesvolle voortbestaan sy finansiering aan te pas by die tegniese- en finansiële aspekte van sy bedrywig-hede.

Die raamwerk van doeltreffendheidsverhoudings vir koöperatiewe wykelders verskil van dié in Diagram 1.1, wat basies ontwikkel is vir Bedryfsvergelyking by winsgeoriënteerde ondernemings. Die rede vir die verskil spruit voort uit twee faktore.

Eerstens het 'n wykelder 'n eie finansiële karakter, wat verskil van die gewone kapitalistiese winsonderneming. Die redes hiervoor blyk volgens Steenkamp (43, p.57.) die volgende te wees:

- (i) „Dat die koöperasie ten aansien van die funksie wat hy uitoefen, die beslissings neem;
- (ii) dat die koöperasie aan die boer 'n prys betaal wat nie noodwendig die prys is wat sy produkte behaal het nie;

Diagram 2.1: Piramiede van doeltreffendheidsverhoudings vir die ontleding van bedryfvergelijkende statistiek by kooperatiewe wynkelders



- (ii) dat wanneer die koöperasie 'n kapitaalfonds stig wat nie terugbetaalbaar is nie, ook die kapitaalbesit uit die hande van die lid gaan; en
- (iii) dat hoewel die koöperasie nie na 'n maksimale wins streef nie, 'n mens by hom tog 'n sekere vorm van winsmaksimalisering moet veronderstel".

Dus kan dit gestel word dat die risiko- en winsverdeling, as gevolg van die eie karakter van 'n wynkelder, op transaksiegrondslag plaasvind, in plaas van op 'n kapitaalgrondslag soos by 'n gewone winsonderneming die geval is.

Tweedens verskuif die klem na een finansiële aspek, naamlik koste-oorewegings, aangesien die primêre doelwit van 'n koöperasie een van „diens" of minimum koste is en daarmee saam die minimering van die benodigde hoeveelheid produksiefaktore per eenheid opbrengs.

Die belangrikste doeltreffendheidsverhoudings sal vervolgens kortliks aan die hand van Diagram 2.1 en 2.2 bespreek word.

2.2.1 Globale doeltreffendheidsverhoudings

2.2.1.1 Surplus na rente per metrieketon druiwe verwerk (A)1.

Die maatstaf van die sukses van 'n wynkoöperasie, is sy vermoë om die boerdery-inkomste van sy lede oor die langtermyn te verhoog. Lede stel belang in wat hulle uiteindelik vir hulle gelewerde druiwe ontvang. Om hierdie rede is dit van wesenlike belang dat kelders in die eerste plek die maksimum inkomste verkry uit die vervaardigde wyn en tweedens hierdie inkomste realiseer teen die laags moontlike koste. Die uiteindelijke uitbetalings aan lede is onderhewig aan die bedrag wat jaarliks op reserwe geplaas word. Die terughouding van 'n deel van die surplus ter versterking van die eie finansiering met die oog op gesonde finansiering, het egter dié probleem dat lede se onmiddellike belange vereis dat die bedrag wat aan hulle uitgekeer word, so groot as moontlik moet wees en dus dat die bedrag teruggehou vir reserwes so klein as moontlik sal wees. Afhangende van die omstandighede wat in 'n kelder heers, moet daar dus 'n balans geskep word met die oog op die langtermyn voordele wat daar bestaan vir lede in die gesonde finansiering van hulle koöperasie.

Dit sou dus van belang wees om die surplus per eenheid, nadat dit aangepas is met die bedrag wat per jaar op reserwe geplaas is, tussen kelders te verge-

lyk, aangesien dit koste- sowel as inkomste-oorwegings in ag neem. Die surplus hang natuurlik ook af van die gehalte en tipe druiwe wat die lede aan hulle kelder gelewer het. Hierdie aspek behoort deeglik in ag geneem te word indien die surplus per eenheid druiwe tussen kelders vergelyk word. Die surplus word geassosieer met die hoeveelheid druiwe teen 20 grade Balling, aangesien dit die basis vorm waarvolgens uitbetalings aan lede gemaak word.

Drie surplusbegrippe is in die verhandeling ter sprake, naamlik, surplus voor rente, surplus na rente op eie- en vreemde finansiering en verdeelbare surplus. Die verskil kan soos volg verduidelik word -

- Totale ontvangste
- Produksiekostes
- Verkoopskostes
- Administratiewe kostes
- = Surplus voor rente
- Rente op eie- en vreemde finansiering^{*}
- = Surplus na rente
- Bedrae teruggehou vir reserwes
- = Verdeelbare surplus

^{*}(Sien 2.2.3.1(d)).

In die res van die verhandeling word na surplus voor rente op eie- en vreemde finansiering verwys na „surplus“. Die verdeelbare surplus is daardie bedrag wat aan lede uitgekeer kan word, maar aangesien die bedrag wat teruggehou word vir reserwes 'n interne beleidsbesluit is, wat nie wesenlik die doeltreffendheid beïnvloed nie, word slegs die twee ander surplusbegrippe gebruik in die verhoudingsyfers.

2.2.1.2 Surplus na rente tot totale ledebelang (A)2

Die surplus na rente op eie- en vreemde finansiering in verhouding tot totale ledebelang is soortgelyk aan die rentabiliteit van eie finansiering by 'n gewone winsonderneming. Hierdie verhouding toon aan die bestuur van 'n kelder watter opbrengs verkry is uit die totale fondse wat van lede ontvang is. Die verhouding van surplus na rente as persentasie van totale ledebelang is slegs geformuleer vir vergelykingdoeleindes tussen kelders en moet onder geen omstandighede vergelyk word met die rentabiliteit van ander ondernemings se eie finansiering nie. Die redes hiervoor is eerstens dat die

surplus 'n bedrag is waarby die „wins" van die koöperasie, sowel as die koste aan grondstofaankope ingesluit is. Tweedens is 'n koöperasie as sulks nie aanspreeklik vir inkomstebelasting nie. Daarom word daar ook geen aansuiwering gemaak vir belasting by die surplus per R100 eie finansiering nie, wat wel die geval is by die rentabiliteitsberekening van die eie finansiering by 'n winsgeoriënteerde onderneming.

2.2.1.3 Totale eie finansiering tot totale finansiering (A)3

Die verskil tussen die wins voor rente tot totale aangesuiwerde bates en die wins na rente tot eie finansiering, is by 'n winsonderneming die gevolg van die hefboomeffek van die gebruik van vreemde kapitaal. (Daar sal vervolgens slegs na bates verwys word waar „aangesuiwerde bates" bedoel word, om die skryfwyse te vergemaklik). By 'n koöperasie is daar egter nie sprake van 'n soortgelyke hefboomeffek nie, omdat hy volgens Steenkamp (43, p.57.) sy wins op 'n ander manier verdeel as 'n winsonderneming. Steenkamp (43, p.123.) beweer dat, soos die kapitalistiese onderneming, „kan die koöperasie deur goedkoop finansiering die winste op sy eie middele (finansiering) laat styg en só 'n ekstra voordeel aan sy lede besorg. Per saldo kom dit daarop aan om, met inagneming van die voortbestaan van die koöperasie, 'n so groot moontlike deel van die benodigde middele te verkry op voorwaardes wat die wins op die eie middele laat styg". Daarom sê Steenkamp (43, p.123.) is dit beter om in die geval van 'n koöperasie te verwys na „kapitaalkoste-oorwegings, in plaas van rentabiliteitsoorwegings."

Die verhouding van eie finansiering tot totale finansiering toon dus die mate waarin die kelder gefinansier word deur sy lede en deur vreemde middele. 'n Hoë verhouding dui aan dat 'n kelder hoofsaaklik gefinansier word deur sy lede en derhalwe die finansiële las van vreemde finansiering ligter maak. Onder gunstige omstandighede kan die kelder deur gebruik te maak van vreemde finansiering 'n ekstra voordeel aan sy lede besorg.

2.2.1.4 Surplus tot totale bates (A)4

In die geval van 'n wynekelder gaan dit in die eerste plek om koste-oorwegings vir die gegewe funksies wat verrig moet word en in die tweede plek om die maksimering van die surplus vir die gegewe hoeveelheid totale bates. Die verhouding van surplus as persentasie van totale bates weerspieël die glo-

bale doeltreffendheid van die kelder. Hierdie verhouding toon aan met watter sukses die totale bates, waarvoor die bestuur beskikkingsmag gehad het vir die periode, benut is. Hierdie verhouding as sulks verskaf geen duidelike maatstaf van finansiële sukses nie, maar toon slegs die „globale” resultaat van alle aktiwiteite aan, in dié sin dat alle ander doeltreffendheidsverhoudings hierin kulmineer. Dié verhouding verskaf aan die bestuur die beginpunt van waar die swakhede in die kelder se bedryfsvoering deur vergelyking gevind kan word, deurdat verskille in die ander verklarende verhoudings gesoek word.

Aangesien vreemde finansiering as deel van die totale finansiering bygedra het tot die vorming van die surplus, behoort die rente wat betaal is op vreemde finansiering teruggetel te word by die surplus om dit in verband te kan bring met die totale bates. Die surplus na rente beteken dus dat die vergoeding aan kapitaal as produksiefaktor reeds afgetrek is.

Die volgende twee verhoudings wat direk uit surplus per R100 totale bates voortspruit, is die surplus per R100 totale ontvangste en die totale ontvangste per R100 totale bates. Indien die twee verhoudings met mekaar vermenigvuldig word, word die verhouding van surplus tot totale bates gevind.

2.2.1.5 Surplus tot totale ontvangste (A)5


Die surplus per R100 totale ontvangste kombineer die inkomste- en koste aspekte van die kelder. Uit hierdie verhouding spruit 'n hele reeks finansiële doeltreffendheidsverhoudings waardeur die bestuur van 'n kelder kan naspur waar die probleem by die finansiële sy van die kelder geleë is. Van die belangrikste verhoudings is die volgende: Die verskillende koste-items per R100 totale ontvangste, die persentasie wat elke koste-item uitmaak van die totale koste, totale koste per eenheid opbrengs, koste-items per eenheid opbrengs en kostes per eenheid produksiefaktor. Verskeie inkomste-verhoudings kan ook bereken word, soos byvoorbeeld die totale ontvangste per eenheid opbrengs of per hoeveelheid druiwe verwerk en totale ontvangste per lid.

2.2.1.6 Totale ontvangste tot totale bates (A)6

Die verhouding van totale ontvangste tot totale bates toon die omloopspoed van die totale bates per jaar aan.

Die totale ontvangste per R100 totale bates, word vervolgens in vier komponente ontleed, naamlik: Die verhouding van totale ontvangste uit wyn per eenheid opbrengs (hektoliters wyn) en die hoeveelheid opbrengs per R100 totale bates en die verhouding van totale ontvangste uit wyn per eenheid druiwe verwerk en die hoeveelheid druiwe verwerk per R100 totale bates.

Diagram 2.2: Verhoudings vir die ontleding van die omsetsnelheid van totale bates van koöperatiewe wynkelders



Die verband wat daar bestaan tussen die verhoudingsgetalle in Diagram 2.2 is soos volg: (A)4. = (a) x (b) = (c) x (d), (b) = b₁ x b₂ x b₃, (d) = d₁ x d₂ x d₃, dus is (A)4. = f((a), (b), (c) en (d)).

Alhoewel die vier verhoudings (a), (b), (c) en (d), soos in Diagram 2.2 uiteengesit verskillend geïnterpreteer kan word, verskaf dit aan die individuele kelders 'n aanduiding van die verskille wat mag voorkom in die verhouding van totale ontvangste per R100 totale bates ten opsigte van twee van die belangrikste aktiwiteite, naamlik verwerking en opberging en verkope.

Die totale ontvangste per R100 totale bates is 'n funksie van twee aspekte, naamlik, die doeltreffendheid waarmee wyn opgeberg en verkoop word en die doeltreffendheid waarmee druiwe verwerk word. Elkeen van hierdie aspekte kan in sy verklarende verhoudings opgebreek word. Die doeltreffendheid waarmee wyn opgeberg en verkoop word, kom tot uiting in basies drie verhoudings, naamlik die stoorkapasiteit per Rand vaste bates in stoor en verkope (Sien 2.2.4.), die persentasie wat die bates in stoor en verkope van die totale bates uitmaak en die hoeveelheid geproduseerde wyn per eenheid stoorkapasiteit. Die stoorkapasiteit word uitgedruk in totale hektoliters stoorruimte beskikbaar. Die doeltreffendheid waarmee druiwe verwerk word, soos dit weerspieël word in die verhouding van totale ontvangste uit wyn per hoeveelheid druiwe ontvang per R100 totale bates, hang ook eweneens af van drie verhoudings. Hulle is: Die verwerkingskapasiteit per R1 000 vaste bates in masjiene en toerusting van ontvangs tot gisting en dopverwerking (Sien 2.2.4.), die persentasie wat dié bates in masjiene en toerusting uitmaak van totale bates en die hoeveelheid druiwe ontvang per eenheid verwerkingskapasiteit. Die verwerkingskapasiteit word uitgedruk in metrieketon wat per dag ontvang kan word in seisoen.

Dit is dus duidelik dat die algemene doeltreffendheid waarmee die twee genoemde aktiwiteite uitgevoer word, afhang van die tegniese doeltreffendheid van die benutting van die bates betrokke by die aktiwiteite en van die persentasie wat die betrokke bates uitmaak van die totale bates. Indien die drie verskillende verhoudings met mekaar vermenigvuldig word, word die verhoudings (A)4(b) en (A)4(d) verkry.

2.2.2 Balansstaatontledings (B)

Vir die suksesvolle voortbestaan van 'n koöperatiewe wynkelder, behoort die kelder oor voldoende fondse van verskillende soorte te beskik om sy funksies doelmatig tot voordeel van sy lede uit te voer. Soos enige ander onderneming behoort die kelder kapitaal op die mees voordelige wyse te bekom en op die mees winsgewende wyse aan te wend. 'n Reeks verhoudings is

dan ook gespesifiseer om die doelmatigheid van finansiering op 'n gegewe moment te meet.

Weens 'n gebrek aan eenvormigheid by die opstelling van finansiële state by wykelders, is 'n „algemene" balansstaat geformuleer waarvolgens die verskillende verhoudings bereken is. Die balansstaat-items soos verkry uit die gepubliseerde finansiële state van kelders is herrangskik soos uiteengesit in Tabel 2.1.

Tabel 2.1: Algemene balansstaat soos opgestel vir die berekening van balansstaatverhoudings

LASTE	BATES
<u>Eie finansiering:</u>	<u>Vaste bates: (herwaardeer)</u>
Aandelekapitaal	Grond en geboue
Reserwes wins en verlies-saldo	Masjiene en toerusting
Verwante kapitaal	Kantoormeubels
<u>Kapitaal reserwes</u>	Voertuie
<u>Totale eie finansiering</u>	Watervoorsiening
<u>Langtermyn vreemde finansiering</u>	<u>Aandele beleggings</u>
<u>Totale langtermyn finansiering</u>	<u>Totale vaste bates</u>
<u>Korttermyn finansiering:</u>	<u>Vlottende bates:</u>
Handelsvoorskotte	Voorraad: wyn
Ope rekeninge en onkoste	benodigdhede
Oortrokke bankrekening	Debiteurlede
Verskuldig aan lede	Kontant en deposito's
Ander laste	
<u>Tussentydse poelsaldo</u>	
<u>Totale korttermyn finansiering</u>	<u>Totale vlottende bates</u>
<u>Totale finansiering</u>	<u>Totale aangesuiwerde bates</u>

Die volgende konvensies is gevolg by die berekening van die verskillende balansstaat-items. Die vaste bates is herwaardeer om 'n meer realistiese huidige waarde te vind. Die metodiek wat gevolg is vir die herwaar-

dering, is soos volg:

Nadat 'n volledige voorraadopname gemaak is van alle masjiene en toerusting, is die boekwaarde daarvan volgens departemente aangepas om 'n realistiese huidige waarde te vind waarop waardevermindering op 'n eenvormige wyse bereken kon word. Die herwaardasie het geskied in oorleg met verskillende maatskappye wat toerusting aan kelders verskaf. In die geval van geboue moes die bestuur 'n skatting maak van die huidige waarde. Grond is herwaardeer op grond van die perseel se waarde vir alternatiewe gebruike, soos vir landboudoeleindes of residensiële gebruik indien dit in of naby 'n dorpsgebied geleë is. Die totale aangesuiwerde bates word in twee hoofgroepe verdeel, naamlik totale vaste bates en totale vlottende bates. Verder is die verskillende items gerangskik volgens die mate van likwiditeit.

Die totale finansiering van die kelders word in twee hoofgroepe verdeel, naamlik, totale langtermyn- en totale korttermyn finansiering. Die totale langtermyn finansiering bestaan uit eie- en vreemde finansiering. Eie finansiering sluit drie items in, naamlik aandelekapitaal, algemene reserwes en wins en verlies-saldo en kapitaalreserwe. In daardie gevalle waar 'n aandele-premie-rekening vir nuwe lede voorgekom het, is dit by die aandelekapitaal gereken. Die aandelekapitaal sluit slegs dié deel in wat deur lede opbetaal is. Die pos reserwes, wins en verlies-saldo sluit die volgende items in: Algemene reserwes, gebeurlikheidsreserwes, uitgestelde bonusbetalingsfonds, roterende heffingsfonds en die saldo op die wins en verliesrekening indien daar een voorgekom het. Verwante kapitaal behels kapitaal wat in die vorm van ledeheffings in 'n fonds gestort is. Kapitaalreserwes verteenwoordig die verskil tussen die herwaardeerde waarde van vaste bates en die boekwaarde van vaste bates en word as deel van eie kapitaal beskou as 'n vorm van „geheime" reserwe, wat nou bekend is.

Die korttermyn finansiering sluit 'n reeks items in, naamlik handelsvoorskotte wat slegs voorskotte op wyn van handelaars verteenwoordig. Oprekeninge en onkoste behels die volgende items: Bedrae verskuldig aan handelskrediteure, agterstallige uitbetalings soos huur en salarisse. Bedrae verskuldig aan lede sluit voorsiening in vir rentes en agterskotte aan lede. Onder ander laste word verstaan enige laste wat nie onder enige van die bogenoemde poste geklassifiseer kon word nie, byvoorbeeld oeslenings. Die tussentydse poel-saldo is die balans op die vorige poelrekening en verteenwoordig 'n bedrag wat nog nie uitbetaal is op die vorige poel nie.

Voordat betekenisvolle vergelykings tussen individuele kelders se balansstate of balansstaatverhoudings gemaak kan word, moet daar gewys word op die feit dat die balansstaat 'n deursnit van die finansieringsposisie gee op 'n gegewe moment, wat dus nie die dinamiese veranderings in die loop van die jaar in ag neem nie; en tweedens dat die tydstip waarop die finansiële state opgestel word tussen kelders verskil en dus die waardering van bates soos voorrade, kan beïnvloed; en laastens dat elke kelder se boekhouders hulle eie konvensies volg met betrekking tot toedeling van sekere kostes, soos byvoorbeeld die bestuur se salaris en berekening van items soos waardevermindering. In die ondersoek is hierdie probleme meestal oorkom deurdat die vraelys persoonlik in samewerking met die bestuur van die kelders ingevul is en samesprekings met die advieskomitee gevoer is. Die hergroepering en aanpassing van gegewens uit finansiële state het ten doel gehad om van die genoemde probleme te verminder sonder om die waarde van die gegewens nadelig te beïnvloed.

By die ontleding van die totale bates sal die aandag gewy word aan die wyse waarop die beskikbare fondse aangewend is. Die doeltreffendheid van die benutting van vaste bates word ook as 'n fisiese produksiefaktor bepaal. Die probleem ontstaan om 'n realistiese maatstaf te vind waarmee die „fisiese hoeveelheid“ kapitaal gemeet kan word. Die kern van die probleem ontstaan weens die heterogeniteit van die fisiese vorme van kapitaal en veral dat die doel waarvoor kapitaalgoedere gebruik word so uiteenlopend van aard is. Byvoorbeeld, 'n realistiese gemeenskaplike noemer vir die bepaling van die fisiese bydrae van arbeid tot produksie is byvoorbeeld man-ure, terwyl die gebrek aan so 'n gemeenskaplike noemer by die meting van kapitaal se fisiese bydrae, juis bestaan weens die heterogeniteit van fisiese vorme van kapitaal en die aard van die take wat met kapitaalgoedere verrig word.

Verskeie verhoudings kan bereken word, soos byvoorbeeld die masjien-ure per eenheid opbrengs of krag verbruik per eenheid opbrengs. Die mees toepaslike maatstaf om die hoeveelheid kapitaal te meet, is die produksiekapasiteit van kapitaalgoedere. Hierdie maatstaf is verwant aan die man-ure begrip soos in die geval van arbeid, aangesien dit 'n geskiktheid of vermoë aandui. Vir die meting van die doeltreffendheid van vaste bates vir die kelder is die verhouding gebruik van die hoeveelheid druiwe ontvang per dag per R1 000 bates in masjiene en toerusting. Hierdie verhouding is vir die onderskeie departement (Sien Diagram 2.3) bereken, met 'n toepaslike kapasiteitsbegrip vir elke departement.

By die ontleding van die finansiering van 'n kelder is die wyse waarop fondse verkry is, ontleed. Die verhoudings wat bereken is, is die volgende: Die aandeelkapitaal per lid, totale ledebelang per metrieketon-kwota, totale vreemde finansiering per lid en die persentasie wat eie middele uitmaak van totale finansiering.

Wynkelders behoort eerstens te verseker dat hy te alle tye in staat sal wees om sy finansiële verpligtinge oor die kort- en langtermyn na te kom, soos gestel word deur solvabiliteits- en likwiditeitsoorwegings; tweedens moet verseker word dat by die ontbinding van die koöperasie voldoende kontant gerealiseer sal word om die vreemde laste af te los, soos weerspieël word by die verhouding van eie- tot totale finansiering; derdens moet die kelder sorg dat die finansieringskoste so laag as moontlik gehou word deur te let op die verhoudings van laste-items tot totale laste; vierdens moet die kelder verseker dat die aanwending van die verkreeë fondse, soos weerspieël in die verhoudings van bate-items tot totale bates in ooreenstemming is met die potensiële vraag na verskillende wynsoorte en die mate van onsekerheid en risiko wat daar verbonde is by die vervaardiging en opberging van wyn; en laastens moet wynkelders verseker dat die grootste voordeel verkry word oor tyd deur vreemde fondse aan te trek, sonder om die solvabiliteit en likwiditeit van die kelder in gevaar te stel.

Likwiditeitsoorwegings, dit wil sê die beplanning deur die bestuur van 'n kelder om op reëlmatige wyse sy finansiële verpligtinge veral oor die korttermyn na te kom, word in twee verhoudings weerspieël. Die eerste is die verhouding van totale vlottende bates tot totale vlottende laste en die tweede is die verhouding van vlottende bates, voorraad wyn uitgesluit, tot vlottende korttermyn laste ("Acid test" of „Suurtoetsverhouding”).

Elkeen van die bogenoemde verhoudings dek 'n sekere aspek van finansiering en behoort nie individueel beoordeel te word nie, aangesien daar 'n interafhanklikheid tussen die verhoudings bestaan.

2.2.3 Finansiële doeltreffendheidsverhoudings (C)

Vir hierdie ondersoek is die geouditeerde finansiële state van wynkelders gebruik om die basiese inligting te bekom, maar waar nodig is addisionele tegniese- en finansiële gegewens ingewin om gepubliseerde gegewens aan te vul vir vergelyking doeleindes.

By die berekening en groepering van finansiële gegewens, is die volgende konvensies gevolg:

2.2.3.1 Bepaling van kostes

Die kostestruktuur van elke wykelder sal vir die doel van hierdie ondersoek in die volgende hoofgroepe ontleed word:

- (a) Produksiekostes;
- (b) Verkoopkostes;
- (c) Administratiewe kostes;
- (d) Rente op kapitaal.

Elk van bogenoemde hoofkoste-items word saamgestel uit 'n reeks subkoste-items, en word vervolgens afsonderlik omskryf.

(a) Produksiekostes

Die volgende kostes is as produksiekoste geklassifiseer:

(i) Arbeid

'n Onderskeid is gemaak tussen arbeid in die parsseisoen en totale arbeid per jaar. 'n Verdere verdeling is gemaak op grond van blanke arbeid, wat permanente- sowel as seisoenspersoneel insluit, en nie-blanke arbeid wat ook seisoens- en permanente personeel insluit.

Die totale arbeidskoste per jaar sluit alle direkte en indirekte vergoeding aan personeel in, sowel as die arbeid gebruik vir bottelering, toesighouding en kontrole. Alle kontantvergoeding in die vorm van salarisse, lone en bonusse is in berekening gebring, terwyl voordele soos natura vergoeding, pensioene, versekering en mediese onkoste teen beramings ingebring is. Die waarde van huisvesting vir die personeel is op 'n uniforme wyse bereken vir alle kelders, wat daarna by die arbeidskoste getel is, aangesien dit gewoonlik gratis of teen 'n redelike lae huur aan personeel beskikbaar gestel word.

Die direkte arbeidskoste in seisoen van blanke- en nie-blanke personeel is geallokeer tot die onderskeie departemente op grond van die persentasie van die totale man-ure gebruik in elke departement.

(ii) Waardevermindering

Aangesien elke wykelder sy eie konvensies volg ten opsigte van waardeverminderingskoerse op verskillende bate-items, is 'n eenvormige koers op die herwaardeerde waardes van vaste bates gebruik. In die geval van toerusting en masjiene is 'n eenvormige koers, volgens die onderskeie departemente gebruik. Die verskillende koerse is bepaal volgens die normale verwagte lewensduur van die bate-items.

Die volgende depresiasiekoerse is gebruik om die gemiddelde herwaardeerde waardes van vaste bates te bereken:

Geboue	3 persent
Toerusting, volgens departemente: (Sien Diagram 2.3)	
I	15 persent
II	10 persent
III	3 persent
IV	15 persent
V	10 persent

Waardevermindering op geboue is nie geallokeer tot die onderskeie departemente nie, aangesien geen aanvaarbare verdelingsbasis gevind kon word nie. Dit is slegs by die totale waardevermindering vir die jaar gereken. Geen waardevermindering is op grond bereken nie. Waardevermindering op voertuie is as 'n vervoerkoste behandel.

(iii) Krag en water

Kostes aan krag en water spruit voort uit die gebruik van elektrisiteit en watervoorsiening. Hierdie koste kon nie vir die seisoen alleen bereken word nie en word dus as 'n totaal per oesjaar behandel. Dit word aan die onderskeie departemente toegedeel op grond van die totale Watt gebruik per departement.

(iv) Bottelering

Botelleringskoste verteenwoordig uitgawes op grondstowwe soos kartonne, bottels en proppe en sluit nie arbeidsuitgawes op bottelering in nie. Dit is gereken by die totale arbeidskoste per jaar, aangesien geen verdeling moontlik was nie en bottelering normaalweg na die parseisoen geskied.

Botteleringskoste is by totale ander produksiekoste gereken in die bespreking.

(v) Chemikalieë en spiritus

In die wynmaakproses word 'n verskeidenheid chemiese middels soos swawel, brei- en wasmiddels gebruik. By die vervaardiging van soetwyne word wynspiritus gebruik vir fortifikasie doeleindes.

(vi) Spoorvrag en vervoer

Kostes aan spoorvrag en vervoer behels alle uitgawes om benodigdhede en toerusting na die kelderperseel te vervoer. Die vervoer van stookwyn is nie hierby ingesluit nie, maar is as 'n verkoopskoste gereken.

(vii) Herstelwerk en onderhoud

Alle uitgawes op herstelwerk en onderhoud aan geboue, tenke en toerusting wat deur die loop van die jaar gedoen is, resorteer hieronder. In dié gevalle waar die kelder 'n permanente werktuigkundige op sy personeel het, is sy salaris en byvoordele ook hierby ingesluit. In sommige gevalle maak die bestuur gebruik van addisionele arbeid in die afseisoen vir die uitsluitlike doel om herstelwerk en onderhoud te doen. In hierdie gevalle is die lone en byvoordele ook onder hierdie koste-item gereken.

(viii) Diverse produksiekostes

Enige ander koste-item wat direk met produksie verband hou en nie onder die bogenoemde items gereken kon word nie, val in hierdie kategorie.

(b) Verkoopskoste

Die volgende uitgawes het betrekking op die verkoop van wyne.

(i) Aksynsbelastings

In gevolge fiskale wetgewing (K.W.V. (27, p.40.)) moet aksynsregte op alle alkoholiese dranksoorte in Suid-Afrika betaal word. Aksynsbelasting word deur kelders betaal op wyne wat aan lede en nie-lede verkoop word.

(ii) Reklameheffing

In sy hoedanigheid as beherende liggaam het die K.W.V. (27, p.40.) die bevoegdheid om 'n heffing te lê, ten einde sy navorsing- en reklame

program te finansier.

(iii) Vervoer van wyn

Die handel is verantwoordelik vir alle vervoerkostes verbonde aan die vervoer van goeiewyn. Slegs in uitsonderlike gevalle mag 'n kelder direk of indirek bydra tot die vervoerkoste. Dit gebeur gewoonlik by daardie kelders wat ver van die tradisionele marke geleë is. Hierdie koste-item is dus slegs van toepassing op stookwyn en sluit alle uitgawes op lisensies, versekering, brandstof en herstelwerk asook waardevermindering op die kelder se eie vragmotors in, of waar nodig van gehuurde vervoer gebruik gemaak is.

(c) Administrasie

Die volgende uitgawes is as administrasie koste gereken.

(i) Kantoor

Die volgende uitgawes ressorteer onder hierdie hoof, naamlik, seëls, telefoon, skryfbehoeftes, drukwerk, advertensies en bankkoste (nie bankrente nie).

(ii) Ouditeuring

Koöperatiewe wynkelders word deur wetgewing verplig om geouditeurde finansiële state aan verskeie instansies soos die K.W.V., kredietinstellings en die Registrateur van Koöperasies te lewer.

(iii) Boekhouding

Sommige kelders maak gebruik van deeltydse sekretarisse of boekhouders en alle uitgawes soos salarisse en reistoelaes word hieronder geklassifiseer. Geen voorsiening word gemaak om 'n deel van die bestuurder of ander permanente personeel se vergoeding hierby in te sluit nie. Die vergoeding van die permanente blanke personeel vir normale administratiewe pligte is by die arbeidskoste gereken en in die geval van departementalisasie by bestuur en administrasie of departement V.

(iv) Subskripsies en donasies

Intekengelde op tydskrifte en donasies aan instellings word onder hierdie hoof geklassifiseer.

(v) Assuransie

Assuransie op geboue, toerusting en wyn tydens opberging val in hierdie kategorie. Motorvoertuigassuransie word nie hierby ingesluit nie, maar is as 'n vervoerkoste gereken.

(vi) Belasting en lisensies

Die belangrikste uitgawes hier is munisipale- en afdelingsraadbelasting en gelde aan 'n wynboerlisensie vir wynverkope aan nie-lede.

(vii) Reiskoste

Alle uitgawes op reiskostevergoeding aan personeellede en direkteure val in hierdie kategorie.

(viii) Algemene kostes

Onder algemene kostes word verstaan alle uitgawes wat nie onder bogenoemde items geklassifiseer kon word nie. Kostes soos direkteursvergoeding, beurse geskenk, onthaalkostes en kostes aan eksperimentele wingerde val in hierdie kategorie.

(d) Rente op kapitaal

Om die koste aan die gebruik van kapitaal as produksiefaktor te bereken is die volgende metode gevolg: Ag persent rente is bereken op die eie finansiering waarop nie rente deur die kelder betaal is nie en daarby is die rente wat werklik betaal is, getel om sodoende 'n totale rentekoste te bereken op eie- en vreemde middele. Alhoewel hierdie rentekoste nie presies die werklike koste aan totale kapitaal as produksiefaktor gee nie en aan kritiek onderworpe mag wees, verskaf dit nogtans 'n aanduiding van die koste wat aan kapitaal verbonde was. Die persentasie fout wat gemaak kon word deur hierdie teoretiese berekening, word tot 'n minimum beperk deurdat die werklike rente betaal in ag geneem word en die berekening van ag persent op 'n klein deel van die finansiering bereken is.

2.2.3.2 Bepaling van ontvangstes

Die inkomste wat 'n wynekelder deur die loop van 'n jaar ontvang, geskied nie alleen van die verkope van een jaar se wyneoes nie, maar ook die

van die vorige oesjaar. Om die totale inkomste te vind wat één oes gelewer het, is die volgende metodiek gevolg vir elke oesjaar onder bespreking. As voorbeeld sal 1967/68 gebruik word. Die som van ondergenoemde items gee die totale inkomste waarby die beginvoorraad ingesluit is. Om die werklike totale ontvangste te bepaal, moet die beginvoorraad^x (1967/68) afgetrek word.

- (i) Totale verkope van wyn
- (ii) Eindvoorraad van wyn^x
- (iii) Bonus op stook- en rabatwyn^{xx}
- (iv) Inkomste uit die verkope van doppe en wynsteen
- (v) Netto inkomste uit brandstofverkope
- (vi) Dividende en rente ontvang
- (vii) Enige ander inkomste
- (viii) Voordele aan personeel ten opsigte van huisvesting soos waardeer^{xxx}

Deur spesiale wetgewing (die belangrikste wette is die Wet No. 30 van 1928, Wet No. 23 van 1940, Wet No. 22 van 1954, Wet No. 38 van 1956, Wet No. 25 van 1957, Wet No. 47 van 1957, Wet No. 88 van 1963 en Wet No. 54 van 1965) word sekere magte aan die K.W.V, (27, p.38,) verleen ten opsigte van die beskerming en beperking van die primêre wyndruiweprodusent en die bemarking en verbruik van wyn. Die K.W.V. (27, p.34) stel met die goedkeuring van die Minister van Landbou elke jaar 'n minimumprys vas vir goeiewyn en 'n vasgestelde prys vir stookwyn, wat dus beteken dat prysrisiko tot 'n groot mate uitgeskakel is in die kelderbedryf.

^xDie begin- en eindvoorraad van wyn is soos gewaardeer deur die kelderbestuur vir ouditeuringsdoeleindes.

^{xx}Die bonus vir 1967/68 is soos volg bereken: Bonus (1967/68) plus bonus ontvang in 1968/69 op die 1967/68 oes minus bonus ontvang in 1967/68 op die 1966/67 oes.

^{xxx}Die waarde van huisvesting is waardeer volgens 'n bedrag per jaar waarby die tipe woning en ligging van die woning in ag geneem is. Hierdie direkte inkomste is ook as 'n koste-item gereken by die berekening van die surplus.

2.2.4 Diverse tegniese doeltreffendheidsverhoudings (D)

Die wynmaakproses is vir algemeen en in vyf departemente verdeel. Die volgende verkorte benamings sal vir die onderskeie departemente gebruik word:

<u>Departement</u>	<u>Benaming</u>
I	Ontvangs tot skeiding
II	Afsak en gisting
III	Stoor en verkope
IV	Dopverwerking
V	Bestuur en administrasie


In plaas daarvan dat die departement volledig omskryf word, sal in die teks slegs na die verkorte benamings verwys word. Die doel met die departementalisasie was om, eerstens waar moontlik die doeltreffendheid van produksiefaktorbenutting in die onderskeie departemente te bepaal en tweedens om die geassosieerde finansiële doeltreffendheidsverhoudings te bepaal. Verder bied dit 'n logiese benadering tot die opsporing van die oorsaaklike faktore tussen die verskillende verhoudings.

Die stippellyne en aktiwiteite tussen hakies in Diagram 2.3, toon prosesse aan wat minder belangrik is en net deur sekere wynkelders verrig word. 'n Reeks tegniese doeltreffendheidsverhoudings is geformuleer vir elkeen van die vyf departemente, asook algemene tegniese verhoudings wat globaal gesproke die doeltreffendheid van 'n wynkelder mag beïnvloed.

Die persentasie van die totale kwota van lede wat deur die kelder ontvang word, verskaf 'n aanduiding wat die produksie-omvang van 'n wynkelder kon wees, indien die totale kwota wel gelewer sou word. Hierdie verhouding mag veral belangrik wees by die beplanning van toekomstige uitbreidings.

Die wynmaaktegniek en tipe toerusting gebruik, speel 'n belangrike rol by die hoeveelheid mos en uiteindelik die hoeveelheid wyn, wat per eenheid druiwe ontvang, verkry word. Aangesien die toerusting wat by die wynmaakproses gebruik word, gespesialiseer van aard is, en 'n groot kapitale belegging vereis, ontstaan daar dikwels die vraag of daar met die installering van meer gespesialiseerde toerusting meer wyn van 'n hoër gehalte vervaardig

Diagram 2.3: Vloeiendiagram van die produksie van wyn en die departementalisasie van die wynmaakproses



kan word.

Die bestuur se taak is om soveel as moontlik wyn van goeie gehalte, uit die hoeveelheid druiwe ontvang, te verhaal. Aanvullend tot hierdie verhouding kan ook die persentasie opbrengs van verskillende tipes wyne per hoeveelheid druiwe ontvang volgens goeiewyn- en stookwynsoorte, asook die bruto opbrengs van verskillende wynsoorte per hoeveelheid druiwesoorte ontvang, gesien word. Hierdie verhoudings moet egter teen die agtergrond van die volgende faktore gesien word, naamlik, die tegniek en tipe toerusting in gebruik, benutting van verkoelingsgeriewe, tipe, gehalte en suikergraad van druiwe.

Die meeste winkelders gebruik die kouegistingstegniek by die vervaardiging van goeiewyn. Aangesien die benutting van verkoelingsgeriewe van deurslaggewende belang is by die gehalte wyn wat geproduseer word, is by hierdie aktiwiteit die volgende verhouding bereken om die effektiewe benutting van die verkoelingskapasiteit te bepaal: Die totale hoeveelheid kilo Joule-dae per hektoliters wyn geproduseer. 'n Relatief groot verhouding kan op 'n ondoeltreffende benutting van die verkoelingsgeriewe dui, maar dit hoef nie noodwendig die geval te wees nie. Indien die verhouding relatief groot is, kan verskeie faktore die oorsaak daarvan wees, soos byvoorbeeld die klimaatstoestand gedurende die parsseisoen in die gebied waarin die kelder geleë is, veral temperatuur, suikergehalte en tipe druiwe ontvang, hoeveelheid en tipe stoorruimte beskikbaar, tipe verkoelingsstelsel gebruik en die tempo waarteen druiwe ontvang word.

Die oppervlakte vloerspasie beskikbaar per hoeveelheid druiwe ontvang per dag in seisoen verskaf 'n weergawe van die effektiewe benutting van die vloerspasie deur die bestuur. Indien die verhouding relatief hoog is, beteken dit dat die beskikbare vloerspasie moontlik ondoeltreffend benut word. Spesifieke omstandighede kan moontlik 'n oorsaak wees vir 'n relatief swak of goeie syfer, en sal van faktore soos die volgende afhang; ouderdom van kelder, geografiese gebied waarin die kelder geleë is, wat die lengte van die oesseisoen bepaal, mate van meganisering van produksieprosesse, geskiktheid en uitleg van bestaande keldergeboue, tempo waarteen druiwe ontvang word en of daar 'n hoeveelhedsbeperking van toepassing is op lede vir die hoeveelheid druiwe wat per dag gelewer mag word.

Die verskillende prosesse wat by wynmaak betrokke is, is deurlopend (kontinuerend) en opeenvolgend van aard, wat impliseer dat daar 'n noue verband

bestaan in die tempo waarteen elkeen geskied. Indien een van die prosesse versnel word, byvoorbeeld die inname-tempo van druiwe, behoort die opeenvolgende prosesse ook versnel te word sodat kontinuïteit nie versteur word nie. Kelderbestuur ondervind in die algemeen dat die druiwe ontvangste per dag geleidelik styg tot 'n piek en neem daarna weer af totdat 'n klein hoeveelheid druiwe per dag ontvang word. Hierdeur kan verskeie knelpunte ontstaan indien daar nie voorsiening voor gemaak word nie. 'n Moontlike kritiese plek in die proses waar knelpunte kan ontstaan, is by die beskikbare totale stoorruimte, asook die beskikbare stoorruimte vir doppe en mos. Daar word gevind dat die bestuur gewoonlik sekere tenks reserveer vir spesifieke doeleindes, byvoorbeeld vir die stoor van doppe voor en tydens gisting, afsak van mos, gisting van goeie- en stookwyn en die stoor van goeie-, stook- en rabatwyn. Dit gebeur dikwels dat sekere tenks tussen alternatiewe gebruike gewissel word na gelang van omstandighede en in watter stadium van die parseisoen die kelder verkeer. Byvoorbeeld vroeg in die seisoen word 'n reeks tenke gebruik vir gisting van goeiewyn en later in die seisoen word hulle gebruik vir die stoor van goeiewyn. Dit gebeur selde dat tenks waarin stookwyn en doppe gegis word, gebruik word vir die stoor van goeiewyn.

Die volgende verhoudings verskaf 'n aanduiding van die effektiewe benutting van beskikbare stoorruimte. Eerstens die hoeveelheid stoorruimte per Rand vaste bates in stoor en verkope asook die stoorruimte gebruik per hoeveelheid goeie-, stook- en rabatwyn vervaardig; en tweedens die stoorruimte gebruik per totale hoeveelheid druiwe ontvang as doeltreffendheidsverhouding by die gisting van doppe en afsak van mos. 'n Relatief groot verhouding dui op 'n ondoeltreffendheid, maar faktore soos die uitleg en tipe tenks, inname-tempo van druiwe, suikergehalte en temperatuur van druiwe, oefen 'n invloed uit op die verhouding.

Die verskillende tegniese doeltreffendheidsverhoudings alleen verskaf geen maatstaf vir die beoordeling van prestasies nie, behalwe dat dit sê dat die verhouding verlaag moet word; of deur minder van die produksiefaktor te gebruik vir dieselfde of groter opbrengs; of meer te produseer met dieselfde of minder hoeveelheid produksiefaktore. Verder is dit belangrik dat 'n enkele tegniese verhouding in sy volle verband met ander tegniese verhoudings gesien word, aangesien 'n enkele produksiefaktor selde alleen by die produksie van 'n produk gebruik word.

2.2.5 Die verband tussen die verskillende doeltreffendheidsverhoudings

Die verhoging van die algemene doeltreffendheid van 'n onderneming is 'n tegniese- sowel as 'n finansiële probleem. Finansiël deurdat kostes en inkomstes ter sprake kom, en tegnies deurdat fisiese produksiefaktore by die produksieproses betrokke is.

Eerstens bestaan die wynmaakproses uit 'n aantal tegniese aktiwiteite wat 'n geïntegreerde geheel vorm. Elke aktiwiteit vorm 'n noodsaaklike skakel in die wynmaakproses, en daarom is dit nodig dat tegniese doeltreffendheidsverhoudings vir elke aktiwiteit of vir groepe aktiwiteite nie in isolasie beoordeel moet word nie, maar die verband tussen die verhoudings beoordeel sal word.

In die tweede plek bring 'n verhoging of verlaging van 'n tegniese doeltreffendheidsverhouding finansiële implikasies mee. Vir hierdie rede is dit vir die bestuur belangrik om die effekte van tegniese doeltreffendheidsverhoudings op die kostestruktuur van die kelder te bepaal. Die beoordeling van die kostes verbonde aan die gebruik van produksiefaktore, verskaf 'n aanknopingspunt vir die bestuur vanaf die tegniese- na die finansiële sy (via kostes) van die kelder. Hierdeur kan die bestuur die tegniese en ander aspekte met mekaar integreer. Tweedens beklemtoon dit vir die bestuur die wenslikheid om 'n vergelyking te tref tussen die verwagte voor- en nadele (tegnies en finansiël) van 'n beoogde verandering. Derdens verskaf kostes 'n gemeenskaplike noemer vir die vergelyking van die tegniese effekte van doeltreffendheidsverandering met die gepaardgaande koste-effekte. Vierdens kan kostes beoordeel word nie alleen in terme van die aggremaat (som totaal) nie, maar ook in terme van die bydrae wat elke koste-kategorie maak tot die totale koste. Hierdeur kan die verskille in tegniese doeltreffendhede gemeet word in terme van die gepaardgaande verandering in totale koste, totale koste per eenheid opbrengs en totale koste per eenheid opbrengs volgens die verskillende koste-kategorieë. Dit word dus moontlik om nie alleen die netto-effek op totale koste of totale koste per eenheid opbrengs te bepaal nie, maar ook om die patroon van koste stygings of dalingste te ondersoek, wat onderliggend is aan die tegniese verhoudings.

Die verband tussen die tegniese- en kosteverhoudings kan soos volg verduidelik word:

$$\frac{\sum P_i X_i}{Y} = \frac{\sum P_i X_i}{X_i} \times \frac{X_i}{Y} \dots\dots\dots (1)$$

waar P_i die prys van die onderskeie produksiefaktore, X_i die fisiese hoeveelheid produksiefaktore en Y die fisiese hoeveelheid opbrengs verteenwoordig. Die $\sum P_i X_i$ verteenwoordig die totale koste aan alle produksiefaktore by die vervaardiging van Y en word saamgestel uit die onderskeie kostekategorieë soos produksie- en verkoopskoste. Dit is dus duidelik dat die totale koste per eenheid opbrengs 'n funksie is van die gemiddelde vergoeding aan die produksiefaktore en die tegniese doeltreffendheid van die produksiefaktore. As voorbeeld kan arbeid as produksiefaktor geneem word om die verband te illustreer:

$$\frac{\text{Arbeidskoste}}{\text{metrieketon druïwe}} = \frac{\text{Arbeidskoste}}{\text{man-ure}} \times \frac{\text{man-ure}}{\text{metrieketon druïwe}}$$

Die arbeidskoste per metrieketon druïwe is dus gelyk aan die gemiddelde vergoeding per man-uur maal die tegniese doeltreffendheid van arbeidsbenutting. Die bestuur behoort dus nie slegs te let op die verwagte kostevoordele wat verhoogde arbeidsdoeltreffendheid meebring nie, maar ook op ander moontlike aanpassings wat dieselfde of groter kostevoordele inhou. Die verwagte effekte van verhoogde tegniese doeltreffendheid kan dus nie na waarde geskat word, sonder om gelyktydig die moontlike kansellerings-effek van die vergoeding per eenheid produksiefaktor, asook die fisiese effek op ander produksiefaktore in ag te neem nie.

Daar moet by die evaluering van die verskillende koste-verhoudings gelet word op die feit dat die totale koste bestaan uit die som van 'n reeks koste-items. Om hierdie rede behoort daar nie net gelet te word op die absolute totale van die verskillende kostes nie, maar ook op die verhouding waarin die koste-items staan tot die totale koste.

In die derde plek bepaal die mate waarmee kelders hulle kostes minimeer en inkomste maksimeer die surplus wat aan lede uitbetaal kan word, nadat voorsiening gemaak is vir reserwes. Die terughouding van 'n deel van die surplus met die oog op die verstewiging van reserwes, is 'n interne beleidsbesluit en het geen direkte verband met die tegniese- en finansiële doeltreffendheid nie.

Opsommend kan dus gestel word dat:

(i) Die surplus per R100 totale ontvangste afhang van die gemiddelde prys wat vir geproduseerde wyne ontvang is, die hoeveelheid en gehalte wyn verkoop, ander inkomstes ontvang en van die gemiddelde vergoeding per eenheid produksiefaktor en die tegniese doeltreffendheid van produksiefaktorbenutting.

(ii) Die verhouding van surplus tot totale bates word bepaal deur vyf faktore, naamlik, die gemiddelde prys per eenheid opbrengs verkoop, wat die gehalte wyn vervaardig ter sprake bring, gemiddelde totale koste per eenheid opbrengs, die verhoudings van fisiese opbrengs tot verwerking- en stoorkapasiteit, die verhoudings van verwerkings- en stoorkapasiteit tot vaste bates en laastens die persentuele samestelling van totale vaste bates.

HOOFSTUK IIIBEDRYFSVERGELYKENDE STATISTIEK VAN43 KOÖPERATIEWE WYNKELDERS

Bedryfsvergelykende statistiek verskaf aan die bestuur van 'n wynkelder nie 'n formele prosedure om doeltreffend te funksioneer nie, maar word beskikbaar gestel om 'n diagnose te kan maak van al die aspekte van bedryfsvoering. Deurdat vergelykende statistiek aan die kelderbestuur verskaf word, kan die bestuur kennis neem van die relatiewe afwykings van doeltreffendheidsverhoudings van dié van ander kelders. Dit verskaf nie noodwendig aan die bestuur die spesifieke oorsaak van die afwyking nie. Die oorsaak vir 'n relatief swak of goeie verhouding in vergelyking tot ander kelders se verhoudings moet deur die bestuur self opgespoor word, deur te let op die spesifieke omstandighede wat vir sy eie kelder geld en die moontlike redes probeer opspoor deur op 'n logiese wyse alle verwante verhoudings te ontleed.

Om 'n kritiese diagnose te kan maak, behoort die werklike verhoudingsyfers van alle kelders aan die bestuur beskikbaar gestel te word. Die rede hiervoor is dat bestuurders maklik tot foutiewe gevolgtrekkings kan raak indien net gemiddelde verhoudingsyfers verskaf word, aangesien die waarde van afleidings vir besluitneming afneem namate die verhouding verder afwyk van die gemiddelde. As voorbeeld kan 'n hipotetiese kelder geneem word, wat deur vergelyking vind dat sy produksiekoste per R100 totale ontvangste relatief laer is as die gemiddelde. Hieruit mag die gevolgtrekking gemaak word dat wat hierdie aspek betref, geen wesenlike probleme bestaan nie. Al is die totale produksiekoste per R100 totale ontvangste laer as die gemiddelde, sal dit nogtans goed wees om 'n ontleding te maak van die koste-items waaruit die produksiekoste saamgestel is. Sodoende kan vasgestel word of daar nie miskien wel koste-items is, wat verlaag kan word nie. Dit kan dus gevaarlik wees om bevindings, wat vir die gemiddelde kelder geld, sonder meer te individualiseer tot spesifieke aanbevelings vir afsonderlike kelders.

Aangesien hierdie ondersoek nie daarop ingestel is om aanbevelings te maak vir spesifieke kelders nie, word slegs die geweegde gemiddelde verhoudings van groepe kelders aangebied en bespreek. Om vir vergelykingdoelendes 'n aanduiding te gee van die relatiewe sukses van groepe kelders, sal die ooreenstemmende geweegde gemiddelde verhoudings vir die tien „hoogste” en tien „laagste” kelders ook verskaf word. Die kriterium wat toegepas is by die keuse van die tien „hoogste” en tien „laagste” kelders is gebaseer op daardie kelders wat vir 'n spesifieke verhoudingsyfer die „hoogste” of

„laagste" syfer getoon het. Die feit dat die tien „hoogste" kelders die „hoogste" verhouding toon, beteken geensins dat hulle ten opsigte van alle ander verhoudings die hoogste syfer gehad het nie. Dit impliseer slegs dat hulle vir 'n bepaalde verhouding die hoogste syfer gehad het. 'n Ontleding van die verskillende verhoudingsyfers vir al die kelders toon dan ook duidelik dat geen kelder in alle verhoudings die hoogste syfers getoon het nie. Afleidings op grond van die tien „hoogste" of tien „laagste" verhoudingsyfers met die piramiedes van verhoudingsgetalle kan nie gemaak word nie, aangesien dié tien kelders gewoonlik nie uit dieselfde kelders bestaan nie. Die prestasiesyfers van die tien „hoogstes" en tien „laagstes" verskaf wel die gemiddelde uiterste grense vir 'n bepaalde verhoudingsyfer. Daar moet ook verder op gelet word dat die gemiddelde verhoudings vir die tien „hoogste" kelders op 'n goeie of swak prestasie kan dui en nie sonder meer as die gemiddelde beste prestasie geïnterpreteer moet word nie. Om dus die waarde van vergelykende statistiek vir besluitneming so groot as moontlik te maak, word die werklike verhoudingsyfers vir alle kelders wel in 'n afsonderlike verslag aan die onderskeie kelders beskikbaar gestel.

Die geweegde gemiddelde verhoudings vir die verskillende groepe kelders sal soos volg behandel word:

- (i) Globale doeltreffendheid
- (ii) Balansstaatontledings
- (iii) Finansiële doeltreffendheid
- (iv) Diverse tegniese doeltreffendheid

Bogenoemde indeling sal aan die hand van Diagram 2.1 en 2.2 gevolg word by die bespreking van die geweegde gemiddelde verhoudings vir die 43 kelders en die tien „hoogstes" en tien „laagstes". Daarna sal die verskille tussen groepe kelders, volgens die belangrikste faktore, wat resultate mag beïnvloed, bespreek word in Hoofstuk IV.

3.1 Globale doeltreffendheid

In Tabel 3.1 word die verskillende gemiddelde globale doeltreffendheidsverhoudings aangegee vir die 43 kelders en vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes".

Tabel 3.1: Geweegde gemiddelde globale doeltreffendheidsverhoudings vir 43 kelders van 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes” en tien „laagstes” vir 1968/69

VERHOUDING	Eenheid	Geweegde gemiddelde vir 43 wynkelders			Geweegde gemiddelde vir 1968/69	
		1966/67	1967/68	1968/69	Tien „hoogstes”	Tien „laagstes”
1. Surplus na rente per mt. druiwe verwerk teen 20 grade Balling	Rand	42,17	46,74	50,64	54,58	46,48
2. Surplus na rente as persentasie van totale ledebelang	%	133,55	153,95	158,55	237,29	103,29
3. Totale ledebelang as persentasie van totale finansiering	%	54,22	51,79	46,51	62,61	29,52
4. Surplus voor rente as persentasie van totale bates	%	76,78	83,77	77,40	113,87	53,79
5. Surplus as persentasie van totale ontvangste	%	85,60	87,10	87,18	90,42	81,76
6. Totale ontvangste gedeel deur totale bates	Keer per jaar	0,897	0,962	0,888	1,276	0,655

Tensy anders gespesifiseer, sal die verhoudingsyfers waarna verwys word betrekking hê op die 1968/69 oesjaar. Indien na syfers van ander oesjare verwys word, sal dit tussen hakies vermeld word.

Dit is opmerklik dat daar 'n wesenlike verskil voorkom by al die verhoudingsyfers van die tien „hoogste” en tien „laagste” kelders.

Die gemiddelde hoeveelheid druiwe wat van lede ontvang is by die tien „hoogste” en tien „laagste” kelders was onderskeidelik 8 513 en 8 178 metrieketon teen 20 grade Balling, met 'n gemiddelde surplus van R464 640 en R380 113 onderskeidelik. Die kelders wat die hoogste en laagste surplus per metrieketon teen 20 grade Balling getoon het (R41,79 en R59,85), het 'n produksie-omvang en surplus van 10 759 metrieketon en R643 930 en 2 997

metrieketon en R125 259 onderskeidelik gehad. Die geweegde gemiddelde surplus na rente per metrieketon teen 20 grade Balling vir die 43 kelders het 'n geleidelike styging geopenbaar oor die loop van die drie oesjare onder bespreking. Die redes hiervoor kan kortliks soos volg saamgevat word: Die totale ontvangstes van die 43 kelders het van 1966/67 tot 1968/69 met ongeveer 32 persent toegeneem. Die hoeveelheid druiwe teen 20 grade het in dieselfde periode met slegs 13 persent toegeneem, terwyl die totale koste voor rente met 17 persent toegeneem het (Sien Tabel 3.7.). Aangesien daar verskeie faktore is, soos streeksverskille, tipe en gehalte druiwe ontvang, wat hierdie syfer kan beïnvloed, kan nie veel afleidings op grond van hierdie gemiddelde gemaak word nie. Vergelykings tussen soortgelyke kelders mag vir die lede van betekenis wees, aangesien dit die syfer is wat vir hulle van direkte belang is. Daar moet egter in gedagte gehou word dat in hierdie berekende verhouding nog nie voorsiening gemaak is vir die bedrag wat jaarliks vir reserwes teruggehou is nie. Die bedrag wat teruggehou word vir reserwes verskil aansienlik tussen kelders van jaar tot jaar. Dit word bepaal deur die omstandighede van 'n kelder in 'n spesifieke jaar, soos byvoorbeeld, wat die omvang van beoogde uitbreidings in vaste verbeterings sal wees (Sien ook 2.2.1.1.).

Die surplus na rente op eie en vreemde finansiering as persentasie van totale finansiering, was aansienlik hoër vir die tien „hoogste” kelders, as vir die tien „laagstes”. Die hoogste en laagste verhoudings wat by die 43 kelders voorgekom het, was onderskeidelik vir twee kelders 379,63 en 69,15 persent. Die rede vir die relatief swak verhouding van dié een kelder was hoofsaaklik weens die gebruik van relatief minder vreemde finansiering.

Die surplus na rente per R100 totale eie finansiering het gemiddeld vir die 43 kelders oor die loop van die drie oesjare toegeneem van 133,55 persent na 158,55 persent. Die redes vir hierdie groter opbrengs op lede se fondse kan soos volg saamgevat word: 'n Toename van 14 persent in eie finansiering en 'n toename van 21 persent in vreemde finansiering (Sien Tabel 3.2.). 'n Groter gemiddelde surplus per R100 totale bates en 'n min of meer konstante omsetsnelheid van totale bates. Laastens was daar gemiddeld vir die 43 kelders ook 'n groter surplus per R100 totale ontvangste.

Die verhouding van eie tot totale finansiering was eweneens aansienlik hoër vir die tien „hoogste” kelders, as vir die tien „laagstes”. Wat insiggewend is, is dat 12 persent van al die kelders 'n verhouding getoon het wat hoër was as die gemiddelde van die tien „hoogste” kelders, terwyl

16 persent van die kelders in die ondersoek 'n laer verhouding as 29,52 persent gehad het. Die laagste en hoogste syfer wat bereken is, was onderskeidelik 18,89 en 84,98 persent.

Die verhouding van surplus per R100 totale bates vorm die beginpunt vir die ontleding van verhoudingsgetalle en is as sulks 'n globale maatstaf van die sukses waarmee die kelder sy funksies uitgevoer het. 'n Aansienlike verskil kom voor tussen die surplus per R100 totale bates vir die tien „hoogste” (113,87 persent) en tien „laagstes” kelders (53,79 persent). Die hoogste en laagste verhouding wat vir kelders voorgekom het, was onderskeidelik 127,65 en 32,00 persent. Wat opmerklik is, is dat die kelder met die laagste surplus per R100 eie finansiering, ook die laagste surplus per R100 totale bates getoon het.

Die gemiddelde verhouding van surplus tot totale bates vir die 43 kelders was onderskeidelik vir die drie oesjare 76,78, 83,77 en 77,40 persent. Die relatief hoër verhouding in 1967/68 in vergelyking met 1966/67, kan toegeskryf word, eerstens aan 'n vinniger omsetsnelheid van totale bates en hoër surplus per R100 totale ontvangste. Die relatief laer verhouding in 1968/69 was eweneens die gevolg van 'n stadiger omloopsnelheid van totale bates, terwyl die surplus tot totale bates nie noemenswaardig verander het nie. Die totale bates het van 1966/67 tot 1967/68 toegeneem met 13 persent en van 1967/68 tot 1968/69 met ongeveer 18 persent (Sien Tabel 3.2.), terwyl die totale ontvangste in die ooreenstemmende periodes onderskeidelik met 20,7 en 8,9 persent toegeneem het.

Die verhouding van surplus tot totale ontvangste verskaf 'n aanduiding van die inkomste- en koste aspekte van 'n kelder en verskaf die beginpunt van waar hierdie twee aspekte ondersoek kan word. Die geweegde gemiddelde surplus per R100 totale ontvangste vir die tien „hoogste” en tien „laagste” kelders het onderskeidelik 90,42 en 81,76 persent beloop. Die hoogste en laagste verhouding wat vir twee kelders bereken is, was 92,11 en 72,22 persent. Die verklaring vir die verskil tussen dié twee kelders was eerstens as gevolg van 'n relatief hoër totale koste per R100 totale ontvangste (R11,44 en R13,69) en tweedens 'n hoër totale koste per metrieketon (R7,33 en R8,00) en laer totale ontvangste per hektoliter wyn geproduseer (R8,29 en R7,40) respektiewelik vir die twee kelders. Die surplus tot totale ontvangste het nie noemenswaardig verander oor die drie oesjare nie.

Dit is logies om te aanvaar dat hoe meer dikwels 'n kelder sy totale bates per jaar kan omkeer, hoe hoër behoort die kelder se globale doeltreffendheid te wees. Soos wat die omloopspoed verhoog word, word al hoe minder fondse benodig om dieselfde hoeveelheid verkope te bewerkstellig. Die kelderbedryf word egter hierin gestrem deur die seisoensgebondenheid van sy produksie-aktiwiteite.

Vir finansiële beplanning en vooruitskatting is dit noodsaaklik dat die kelderbedryf sy eie „standaard” omsetsnelheid sal probeer vasstel deur eie ondervinding. Hierdie verhouding hang primêr af van die normale verhouding van die totale bate-struktuur tot totale ontvangste, die aard van die produk wat geproduseer word (tipe en gehalte wyn), die betalingsvoorwaardes wat geld vir debiteure en krediteure en die tegniese doeltreffendheid van die produksie-uitleg.

'n Aansienlike verskil kom voor in die omloopsnelheid van totale bates by die tien „hoogstes” en die tien „laagstes”. Die laagste omloopsnelheid (0,46 keer per jaar) het voorgekom by 'n kelder met 'n totale bate van R385 608 en 'n totale ontvangste van R176 790. Die hoogste omloopsnelheid wat vir 'n kelder bereken is, was 1,689 keer per jaar, wat hoofsaaklik die gevolg was van 'n lae persentasie vaste bates. Dit is insiggewend om daarop te let dat 14 persent van al die kelders in die ondersoek 'n stadiger omloopsnelheid van totale bates gehad het as 0,655 keer per jaar, terwyl slegs 7 persent van die kelders se omloopsnelheid vinniger was as 1,276 keer per jaar.

3.2 Balansstaatontledings

Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die finansiering van die kelderbedryf, aangesien dit verband hou met die een deel van die globale verhoudings, wat voortvloei uit die verhouding van totale ontvangste tot totale bates. Verder kan dit ook moontlik lig werp op die algemene leemtes wat daar in die finansiering van kelders voorkom, want 90 persent van al die kelders in die ondersoek het 'n omsetsnelheid van totale bates van minder as 1,276 persent („hoogste” kelders) getoon, of 48 persent van al die kelders se omsetsnelheid was minder as 0,888 persent, wat die geweegde gemiddelde vir die 43 kelders was.

Tabel 3.2: Gemiddelde balansstaat per wykkelder vir 1966/67, 1967/68 en 1968/69

ITEM	Bedrag per kelder			Persentasie van die totaal per kelder		
	1966/67	1967/68	1968/69	1966/67	1967/68	1968/69
	Rand	Rand	Rand	%	%	%
<u>Totale ledebelang (1):</u>						
Aandelekapitaal	77 438,20	83 887,70	90 688,63	17,99	17,30	15,85
Reserwes, wins en verlies-saldo	91 128,26	101 875,07	108 135,00	21,18	21,01	18,89
Verwante kapitaal	15 292,08	18 542,84	21 319,88	3,54	3,82	3,73
Kapitaalreserwes	49 475,09	46 799,16	46 043,86	11,49	9,65	8,05
	233 333,63	251 104,77	266 187,37	54,20	51,78	46,52
<u>Langtermyn vreemde finansiering (2):</u>						
	84 346,62	87 295,58	102 368,77	19,62	18,03	17,88
<u>Totale langtermyn finansiering (1 + 2):</u>						
	317 680,25	338 400,35	368 556,14	73,82	69,81	64,40
<u>Totale vlottende finansiering (3):</u>						
Handelsvoorskotte	46 735,16	63 891,67	106 659,19	10,86	13,18	18,64
Operekeninge en onkoste	9 294,19	19 780,63	17 071,30	2,16	4,08	2,98
Oortrokke bankrekening	7 904,91	6 616,19	9 445,16	1,84	1,36	1,65
Verskuldig aan lede	16 075,28	21 621,53	23 708,70	3,74	4,46	4,14
Ander laste	3 100,63	1 708,35	2 495,65	0,72	0,35	0,44
Tussentydse poel-saldo	29 537,84	32 770,50	44 376,81	6,86	6,76	7,75
	112 648,01	146 388,88	203 756,81	26,18	30,19	35,60
<u>TOTALE FINANSIERING (1 + 2 + 3):</u>						
	430 328,26	484 789,23	572 312,95	100,00	100,00	100,00
<u>Totale vaste bates (4):</u>						
Grond en geboue	187 566,40	197 783,14	215 360,02	43,59	40,80	37,62
Masjiene en toerusting	104 522,43	109 618,95	127 773,95	24,29	22,61	22,32
Kantoormeubels	681,47	773,72	863,72	0,16	0,16	0,15
Voertuie	1 065,19	693,12	713,28	0,25	0,14	0,14
Watervoorsiening	1 348,93	1 245,34	1 598,98	0,31	0,26	0,27
Aandelebeleggings	679,86	1 000,63	616,86	0,16	0,20	0,11
	295 864,28	311 114,90	346 926,81	68,76	64,17	60,61
<u>Totale vlottende bates (5):</u>						
Voorraad wyn	70 028,00	89 322,40	133 757,00	16,27	18,43	23,37
Voorraad benodighede	829,21	871,07	898,49	0,19	0,18	0,16
Debiteurlede	24 437,26	28 937,40	25 912,93	5,68	5,97	4,53
Kontant en deposito's	39 169,51	54 543,46	64 817,72	9,10	11,25	11,33
	134 463,98	173 674,33	225 386,14	31,24	35,83	39,39
<u>TOTALE BATES (4 + 5):</u>						
	430 328,26	484 789,23	572 312,95	100,00	100,00	100,00

3.2.1 Ontleding van die batestruktuur

'n Ontleding van die totale bates verskaf 'n aanduiding van die wyse waarop die kelders die fondse waaroor hulle beskikingsmag gehad het, aangewend het. Dit word in die batestruktuur in Tabel 3.2 weerspieël. Die behoefte aan kapitaal by wynekelders is besonder groot, weens die gespesialiseerde tipe toerusting wat gebruik word.

Die waarde van vaste bates beloop die grootste enkele bedrag, naamlik 68,76, 64,17 en 60,61 persent van die totale bates onderskeidelik in 1966/67, 1967/68 en 1968/69, waarvan die vaste bates in grond en geboue ongeveer die helfte uitmaak. Die totale vaste bates as persentasie van die totale bates was gemiddeld 64 persent en toon die groot behoefte aan voldoende langtermyn finansiering aan. Vlottende bates bestaan hoofsaaklik uit die voorraad wyn (gemiddeld 20 persent van totale bates) en kontant en deposito's, wat die tweede grootste bedrag uitmaak van die vlottende bates (gemiddeld 10 persent van totale bates).

Dit is interessant om te let op die verandering wat daar plaasgevind het oor die loop van drie seisoene. Alhoewel die totale vaste bates in absolute terme met 17 persent toegeneem het en die totale vlottende bates met 67 persent, het die totale vaste bates in verhouding tot die totale bates afgeneem met ongeveer ag persent. Die totale bates in die 43 kelders het met ongeveer 33 persent toegeneem oor die loop van die drie oesjare.

3.2.1.1 Ontleding van totale vaste bates

Bates as 'n produksiefaktor kan op twee maniere gemeet word, eerstens in hulle hoedanigheid as fisiese fasiliteite soos geboue, masjiene en toerusting; of tweedens in finansiële terme, dit wil sê die huidige waarde daarvan in Rand. Dit is moeilik om 'n betekenisvolle fisiese maatstaf te vind om bates as produksiefaktor te meet, weens die heterogeniteit in die fisiese vorms waarin die bates voorkom en die verskeidenheid in die doel waarvoor dit gebruik word. Om hierdie rede word bates in finansiële terme gemeet.

Die doeltreffende benutting van bates, soos globaal weerspieël word in die omsetsnelheid van totale bates en die gegewe definisie van doeltreffendheid, word gemeet met betrekking tot die verhouding van fisiese produksie tot

bates; byvoorbeeld die hoeveelheid wyn geproduseer per R100 totale bates, of die hoeveelheid druiwe verwerk per R100 totale bates. Hierdie basiese verhouding kan in twee verbandhoudende verhoudings verdeel word en wel soos volg:

$$\frac{\text{Fisiese produksie}}{\text{Bates (Rand)}} = \frac{\text{Produksiekapasiteit}}{\text{Bates (Rand)}} \times \frac{\text{Fisiese produksie}}{\text{Produksiekapasiteit}}$$

Daar kan dus afgelei word dat veranderinge in die verhouding van produksie tot bates, die gevolg sal wees van veranderinge in die koers waarteen bates (veral vaste bates) benut word en weens veranderinge in die produksiekapasiteit van bates (vaste). In die verband wat dit gebruik word in die skema van doeltreffendheidsverhoudings, beteken dit dat die doeltreffendheid van die benutting van totale bates bepaal word eerstens deur die produksiekapasiteit (stoor- en verwerkingskapasiteit) wat geskep word per R100 vaste bates, tweedens deur die persentasie wat sodanige vaste bates uitmaak van die totale bates en laastens deur die mate waarmee die geskepte produksiekapasiteit benut word. Hierdie drie faktore word op hulle beurt beïnvloed deur 'n reeks tegniese aspekte wat later bespreek word. Dit sal op tegniese en departementele vlak aantoon wat die relatiewe hoeveelheid vaste bates is vir 'n geassosieerde produksie en die benodigde hoeveelheid vaste bates relatief tot produksie indien vaste bates ten volle benut word.

Alhoewel die vaste bates herwaardeer en aangepas is om 'n vergelykbare huidige waarde te vind, moet daar nogtans gelet word op die leemtes wat daar is in die vergelyking van die doeltreffende benutting van vaste bates tussen kelders en verder om 'n globale bedryfsdoeltreffendheid te bepaal wat as maatstaf kan dien vir ander kelders. Die belangrikste probleem by vergelyking duik op weens die feit dat elke kelder sy eie konvensies volg, byvoorbeeld met die berekening van waardevermindering. Hierdie verskille, byvoorbeeld depresiasiekoerse, veroorsaak dat vergelykings veral oor die korttermyn misleidend kan wees. Oor langer periodes maak die feit dat elke kelder voorsiening moet maak vir vervanging van vaste bates, vergelyking meer moontlik. Omvattende empiriese gegewens oor die verskillende boekhoupraktieke wat gevolg word, is dus nodig om 'n aanvaarbare aanpassing te kan maak in bates vir vergelyking doeleindes oor die korttermyn. Oor die langtermyn mag met meer vertroue afleidings gemaak word op grond van die hele bedryf se globale resultate, maar die gevaar bestaan dat 'n paar kelders groot en

skielike veranderings kan aanbring in hulle waardeverminderingsbeleid. Dit sal weer eens die vergelykbaarheidsgraad nadeling beïnvloed. Die oplossing vir hierdie probleme is natuurlik geleë in die aanvaarding van 'n eenvormige boekhoustelsel vir die hele kelderbedryf.

In Tabel 3.3 word die benutting van vaste bates in stoor- en verwerkingsaktiwiteite aangedui, volgens die verhoudings in Diagram 2.2.

Die algemene strewe van die kelderbestuur behoort te wees om vir 'n gegewe belegging in vaste bates, die beskikbare kapasiteit ten volle te benut en tweedens te verseker dat die maksimum kapasiteit geskep word per eenheid vaste bates. Dit beteken dus dat 'n minimum hoeveelheid vaste bates gebruik word per eenheid fisiese opbrengs indien vaste bates ten volle benut word. Dieselfde argumente geld vir die vaste bates in stoor- sowel as verwerkingsaktiwiteite.

Die belangrikste oorsake vir verskille tussen kelders in die benutting van vaste bates is as gevolg van fisiese beperkings wat gestel word deur natuurlike faktore, byvoorbeeld dat die lengte van die seisoen tussen kelders verskil. Oorsake vir verskille kan gesoek word eerstens in die verskille tussen kelders in die kwaliteit en ouderdom van vaste bates. Tweedens mag verskille voorkom weens die effektiwiteit van benutting van vaste bates, soos dit beïnvloed word deur die mate van meganisasie in prosesse en die organisatoriese vermoë van die bestuur en laastens in die mate van onderbenutting van vaste bates, soos dit bepaal word deur die lengte van die parsseisoen en die doeltreffendheid van bestuur. Dit beteken egter nie dat 'n kelder weens groot beperkings sy vaste bates vir ander doeleindes as net vir wyn vervaardiging en opberging kan gebruik nie. Hier word veral gedink aan 'n vollediger benutting van verkoelingskapasiteit en stoorruimte na die parsseisoen. Dit geld ook vir sekere duursame toerusting soos sentrifugeerders en filtreerders, want volgens Tabel 3.3 word die vaste bates by die verwerkingsafdeling „teoreties" intensief benut slegs vir gemiddeld 20,51 dae. Hier moet die gebondenheid aan die natuur, die bederfbaarheid van die produk en gespesialiseerde aard van die toerusting deeglik in gedagte gehou word.

Aan die begin van die parsseisoen word relatief min druive van lede ontvang. Ontvangstes styg geleidelik tot 'n piek en neem daarna weer af.

Tabel 3.3: Die benutting van vaste bates in stoor- en verwerkings-aktiwiteite vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes" vir 1968/69

VERHOUDING	Eenheid	Gewegde gemiddelde vir 43 kelders			Gewegde gemiddelde vir 1968/69	
		1966/67	1967/68	1968/69	Tien „hoogstes"	Tien „laagstes"
<u>Benutting van vaste bates in stoor en verkope</u>						
1. Totale hoeveelheid wyn geproduseer per R100 totale bates	hl.	12,88	13,10	11,26	13,78	9,14
2. hl. stoorruimte beskikbaar per Rand vaste bates in stoor en verkope	hl.	1,81	1,70	1,34	5,47	0,73
3. Vaste bates in stoor en verkope as persentasie van totale bates	%	8,54	8,35	9,09	12,64	6,12
4. Totale hl. wyn geproduseer per 100 hl. stoorruimte beskikbaar	hl.	83,04	92,44	92,58	123,93	64,52
<u>Benutting van vaste bates by verwerking</u>						
5. Totale hoeveelheid druiwe verwerk per R100 totale bates	mt.	1,62	1,63	1,41	1,75	1,61
6. Verwerkingskapasiteit per dag per R1 000 vaste bates in ontvangste tot by gisting en dopverwerking	mt.	5,89	5,92	5,48	8,84	3,61
7. Vaste bates in ontvangste tot gisting en dopverwerking as persentasie van totale bates	%	14,87	13,56	12,57	16,43	8,76
8. Totale mt. druiwe ontvang gedeel deur mt. kapasiteit per dag	dae	18,52	20,31	20,51	29,51	14,81

Voldoende kapasiteit moet dus geskep word vir hierdie redelike kort piekperiode. Dit is dan ook 'n algemene neiging in die kelderbedryf dat die bestuur lede aanmoedig, desnoods met 'n premiestelsel, om vroeë en laat druiwe cultivars aan te plant om sodoende die parsseisoen te verleng.

In verhouding word die meeste vaste bates by stoor en verkope aange-tref, wat beteken dat 'n verhoging in die doeltreffendheid by hierdie aktiwiteit die grootste bydrae kan lewer tot verhoogde doeltreffendheid in die benutting van vaste bates. Ongeveer 41 persent van die totale vaste bates in masjiene en toerusting is, volgens Tabel 3.4 gelokaliseer in stoor en verkope. Gemiddeld word R5,38 belê in totale vaste bates per hektoliter wyn geproduseer vir die 43 kelders, terwyl dit onderskeidelik R8,68 en R3,42 per hektoliter was vir die tien „hoogste” en tien „laagste” kelders.

Gemiddeld word 11,26 hektoliters wyn in totaal geproduseer en 1,41 metrieketon druiwe verwerk per R100 totale bates vir die 43 kelders. Die verskil tussen die tien „hoogstes” en tien „laagstes” kan in die algemeen verklaar word weens 'n relatief groot hoeveelheid vaste bates, veral in stoor-ruimte vir die hoeveelheid druiwe wat verwerk word. Wat opmerklik is, is dat dié verhouding van 1967/68 tot 1968/69 'n daling geopenbaar het, wat impliseer dat totale bates vinniger toegeneem het as die totale produksie. Dié verhouding van die hoeveelheid stoorruimte waarvoor 'n kelder beskik het per R100 vaste bates in stoor en verkope, was gemiddeld 1,34 hektoliters per R100 vir die 43 kelders, terwyl die gemiddeld vir die tien „hoogstes” en „laagstes” onderskeidelik 5,47 en 0,37 hektoliters stoorruimte was. Die groot verskil tussen kelders kom voor weens die feit dat daar in die afgelope jare meer vlekvrystaaltenke geïnstalleer is, wat beteken dat die kapasiteit per R100 in stoorruimte en verkope belê, kleiner sal wees, as byvoorbeeld in die geval van die oprigting van sementtenke. Dit verklaar ook grotendeels die daling in die verhouding oor die loop van die drie oesjare. Vaste verbeterings in hierdie aktiwiteit het met ongeveer 42 persent van 1966/67 tot 1968/69 toegeneem, terwyl die geskepte stoor kapasiteit in dieselfde periode met slegs vier persent toegeneem het.

Die mate van benutting van die beskikbare stoorruimte word gedeeltelik weerspieël in die verhouding van totale hoeveelheid wyn wat geproduseer word per 100 hektoliters stoorruimte. Die geweegde gemiddelde benutting vir die 43 kelders was 92,58 persent, vir die tien „hoogstes” 123,93 persent en vir

die tien „laagstes” 64,52 persent. Die hoë verhouding in die geval van die tien „hoogstes” beteken dat die wyn in die meeste gevalle by hierdie kelders vir 'n betreklik kort periode opgeberg word, wat oorwegend voorkom by kelders wat relatief meer stookwyn produseer en naby K.W.V.-depots geleë is. (Sien ook Tabel C.1. in Aanhangsel.).

Die gemiddelde hoeveelheid druiwe wat per dag verwerk kan word (verwerkingskapasiteit) per R1 000 vaste bates in verwerking, beloop 5,48 metrieketon vir die 43 kelders en 8,84 en 3,61 metrieketon onderskeidelik vir die tien „hoogstes” en „laagstes”. Faktore wat hier 'n rol kan speel is eerstens die tipe en aankoopkoste van verskillende toerusting en tweedens die geografiese gebondenheid van kelders. Dit kan byvoorbeeld die geval wees dat relatief duur, hoë kapasiteit toerusting aangeskaf word vir die hoeveelheid druiwe wat verwerk word. Dit blyk ook dat indien die 43 kelders teen volle kapasiteit funksioneer, dieselfde totale oes (347 696 metrieketon) teoreties binne 20,51 dae verwerk kan word. Dit sou prakties nie moontlik wees nie, aangesien kelders geografies aan lede en 'n seisoen gebonde is.

In Tabel 3.4 word die persentuele samestelling verskaf van die totale vaste bates in masjiene en toerusting, asook die vaste bates per eenheid opbrengs vir die onderskeie departemente.

Tabel 3.4: Vaste bates in masjiene en toerusting per departement, uitgedruk as persentasie van totale masjiene en toerusting en uitgedruk per eenheid opbrengs vir 1966/67 tot 1968/69 vir 43 kelders, sowel as vir die tien „hoogstes” en tien „laagstes” vir 1968/69

DEPARTEMENT	Eenheid	Geweegde gemiddelde vir 43 kelders			Geweegde gemiddelde vir 1968/69	
		1966/67	1967/68	1968/69	Tien „hoogstes”	Tien „laagstes”
I Ontvangs tot skeiding	%	19,76	18,42	17,21	28,43	10,72
II Afsak en gisting	%	23,76	24,25	23,70	36,43	14,05
III Stoor en verkope	%	35,18	36,94	40,73	48,61	15,10
IV Dopverwerking	%	17,68	17,29	15,37	27,98	10,21
V Bestuur en administrasie	%	3,61	3,10	2,98	8,34	0,88
TOTAAL	%	100,00	100,00	100,00	x	x
	Rand per:	R	R	R	R	R
I Ontvangs tot skeiding	100 mt.	296,18	255,36	271,91	486,09	128,72
II Afsak en gisting	100 hl.	46,74	41,84	46,98	87,73	21,71
III Stoor en verkope	100 hl.	66,30	63,72	80,74	178,64	17,75
IV Dopverwerking	100 mt.	264,92	239,71	242,94	415,50	138,21
V Bestuur en administrasie	100 hl.	6,82	5,35	7,39	12,06	2,04
TOTAAL	100 hl.	194,07	176,75	203,15	306,02	136,76

*Hierdie totale sal nie 100 persent wees nie, aangesien die „hoogstes en laagstes” in elke departement die geweegde gemiddelde van verskillende kelders verteenwoordig.

Die departement waarin die grootste persentasie, naamlik, 41 persent van die vaste bates in masjiene en toerusting belê is, is by stoor en verkope, terwyl vir die 43 kelders gemiddeld R80,74 belê is per 100 hektoliters wyn geproduseer in die stoor en verkope aktiwiteit. Relatief tot die ander afdelings, word die tweede meeste vaste bates in masjiene en toerusting aangetref by departement II (Afsak en gisting). Dit beklemtoon die belangrikheid van die feit dat gepoog moet word om vaste bates in hierdie twee aktiwiteite vollediger te benut.

Gemiddeld word daar R5,37 per hektoliter wyn in totale vaste bates belê vir die 43 kelders, waarvan R3,34 per hektoliter in grond en geboue is en R2,03 per hektoliter in masjiene en toerusting. Algemeen kan gestel word dat wat vaste bates betref, die bestuur van 'n kelder oor die langtermyn oorweging moet skenk aan die grootte van die verhouding van vaste bates tot totale bates. Indien die verhouding te „groot” raak, word die omsetsnelheid van totale bates dienoooreenkomstig verlaag as totale ontvangste nie ook toeneem nie en sal dit uiteindelik lei tot 'n laer surplus op totale bates. Indien die verhouding te „klein” word, kan dit aanleiding gee tot onvoldoende fasiliteite en veral, 'n verlaging in die sekuriteit wat aangebied word vir die aantrekking van vreemde fondse.

Die benutting van vaste bates hang nou saam met die benutting van arbeid, aangesien daar deur byvoorbeeld meganisasie 'n verplasing kan plaasvind van arbeid deur vaste bates. Dié verband wat daar bestaan tussen die doeltreffende benutting van arbeid en vaste bates kan soos volg verduidelik word:

$$\frac{\text{Man-ure}}{\text{Vaste bates}} = \frac{\text{Man-ure}}{\text{Fisiese opbrengs}} \times \frac{\text{Produksiekapasiteit}}{\text{Vaste bates}} \times \frac{\text{Fisiese opbrengs}}{\text{Produksiekapasiteit}}$$

Die verhouding waarin arbeid as produksiefaktor gekombineer word met vaste bates, hang dus eerstens af van die doeltreffendheid van arbeid (man-ure benodig per metrieketon verwerk), tweedens van die produksiekapasiteit per R100 vaste bates en laastens van die koers waarteen die beskikbare produksiekapasiteit benut word. Gegewe 'n sekere gemiddelde vergoeding aan produksiefaktore, soos arbeid en kapitaal, dan sou die bestuur van 'n kelder moet poog om die laagste totale koste kombinasie van arbeid en vaste bates na te streef. Dit sou egter moeilik wees om met die beskikbare gegewens 'n minimum koste-punt te bepaal, wat van veel praktiese nut sal wees vir vergelykingsdoelendes.

3.2.1.2 Ontleding van totale vlottende bates (B)2.

Die omlooptyd, gemeet in dae of maande, van die verskillende vlottende bates verskaf 'n aanduiding van hoe lank fondse vasgevang bly in elke afdeling. Die doelwit behoort dus te wees om hierdie tydperk so kort as moontlik te probeer maak. Die omlooptyd is soos volg bereken: Die bate-item gemaak met 365 dae, gedeel deur die totale ontvangstes. In Tabel 3.5 word die gewegde gemiddelde omlooptye van vlottende bates vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 gegee.

Tabel 3.5: Gemiddelde omlooptye van vlottende bates vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69

BATE-ITEM	EENHEID	OESJAAR		
		1966/67	1967/68	1968/69
1. Kontant en deposito's	dae	37,04	42,70	46,56
2. Debiteur-lede	dae	23,01	22,65	18,62
3. Voorrade (wyn en benodigdhede)	dae	67,10	70,61	96,73
4. TOTALE VLOTTENDE BATES	dae	127,15	135,96	161,91

Volgens Tabel 3.5 is dit duidelik dat die omsetsnelheid van totale vlottende bates afgeneem het oor die loop van die drie seisoene. Dit kan hoofsaaklik verklaar word weens die langer tyd wat fondse in kontant en deposito's en veral in voorrade opgesluit gelê het. Dit is insiggewend om daarop te wys dat die omlooptyd van die tien „hoogstes" en tien „laagstes" onderskeidelik 232 dae en 25 dae was. Oor die algemeen kan gestel word dat die omlooptyd van die voorraad wyn van die 43 kelders redelik lank is, aangesien ongeveer die helfte van die 43 kelders 'n omlooptyd vir voorraad wyn van langer as 113,04 dae (gewegde gemiddeld vir 43 kelders) gehad het. Veertien persent van al die kelders het 'n langer omlooptyd gehad as 232 dae. Faktore wat 'n rol kan speel by die omsetsnelheid van die voorraad wyn is onder andere die persentasie goeiewyn wat geproduseer word en die afstand van die kelder van die tradisionele mark vir wyne.

3.2.1.3. Die verwantskap tussen die omsetsnelheid van totale bates en die totale koste per eenheid opbrengs

Dit behoort vir 'n kelder belangrik te wees om te weet of daar enige voordele verbonde is aan 'n verhoogde omsetsnelheid van totale bates. Soos geblyk het uit Diagram 2.1, sou 'n hoër omsetsnelheid van totale bates bydra tot 'n hoër surplus per R100 totale bates.

Die verhouding tussen die omsetsnelheid van totale bates en totale koste per eenheid opbrengs, word grafies voorgestel in Figuur 3.1. Elke punt op die figuur verteenwoordig die totale koste per eenheid opbrengs vir 'n kelder met 'n gegewe omloopsnelheid van totale bates. Die gepaste regressiekurwes verteenwoordig dus die gemiddelde totale koste per hektoliter wyn vir kelders wat verskillende omsetsnelhede van totale bates handhaaf.


Die volgende vergelykings is gebruik:

$$(i) Y_r = a + bX_r,$$

$$(ii) Y_r = a + bX_r + cX_r^2,$$

waar Y die totale koste per 100 hektoliters, en X die omsetsnelheid van totale bates verteenwoordig. Die korrelasiekoëffisiënte dui volgens die t-toets en met die betrokke betekenispeile, aan dat daar 'n negatiewe korrelasie tussen die omsetsnelheid van totale bates en totale koste per eenheid opbrengs bestaan.

Dit is duidelik uit Figuur 3.1 dat die totale koste per eenheid opbrengs afneem namate die omsetsnelheid van totale bates toeneem. In die geval van die regressiekurwe (i) is die gemiddelde persentuele afname 0,34 persent (die „b-koëffisiënt" in vergelyking (i), maal met 100 en gedeel deur die „a-koëffisiënt") in totale koste per eenheid, met 'n verhoogde omsetsnelheid. Die totale koste per eenheid neem af met R7,26 vir elke 10 persent toename in omsetsnelheid. Volgens regressiekurwe (ii) daal die totale koste per eenheid teen 'n afnemende tempo, met 'n toename in die omsetsnelheid. 'n Redelike voordeel kom dus voor in die vorm van verlaagde totale eenheidskoste deur die omsetsnelheid van bates te verhoog tot by 'n omsetsnelheid van ongeveer 1,30



Figuur 3.1: Die verhouding tussen omsetsnelheid van totale bates en totale koste per hektoliter wyn, 1968/69.


keer per jaar. Daar moet egter gewys word op die feit dat regressiekurwe (ii) betekenisvol is slegs by 'n peil van $p = 0,10$ en verder dat daar slegs drie punte regs van 'n omsetsnelheid van 130 persent voorkom. Indien meer gegewens beskikbaar was oor kelders wat 'n hoër omsetsnelheid handhaaf, kon moontlik betroubaarder afleidings gemaak word aangaande die verloop van die kurwe na regs. Daar is wel 'n aanduiding dat die koste per eenheid toeneem, indien die omsetsnelheid van totale bates hoër as 130 persent styg. Dit kan miskien toegeskryf word aan die beperking van bestuur met oorbenutting van vaste bates. Volgens Tabel 3.6, kan die kelders in die ondersoek gemiddeld hulle totale koste per eenheid met ongeveer 15 persent verlaag, indien die omsetsnelheid verhoog kan word met 0,41 keer per jaar. Dit blyk wel prakties moontlik te wees indien gelet word op die kort periode wat vaste bates per jaar benut word en relatief lae omsetsnelheid van vlottende bates. Die bestuur van 'n kelder moet dus oorweging skenk aan die opbergingskoste verbonde aan 'n groot voorraad wat lank opgeberg word. Tweedens moet hy aandag gee aan die risiko van 'n moontlike kwaliteitsverlaging in die wyn tydens opberging en laastens aan die benutte stoorruimte wat moontlik winsgewender gebruik kon word vir ander doeleindes.

Die omsetsnelheid van vaste bates is nou verwant aan die vaste bates per eenheid opbrengs en die totale koste per eenheid opbrengs. Hierdie maatstaf word ook beïnvloed deur die belegging in vaste bates (veral in grond, geboue en toerusting) en die volume druiwe verwerk. Die volgende vergelyking is gebruik om die verband aan te toon:

$$Y = a + bX,$$

waar $Y =$ totale koste per hektoliter (sent);
 $Y =$ totale vaste bates per hektoliter (Rand).

Die korrelasiekoëffisiënt dui volgens die t-toets en met 'n betekenispeil van 10 persent aan dat daar 'n betekenisvolle positiewe korrelasie bestaan tussen X en Y. Dit is duidelik uit die figuur dat die totale koste per eenheid opbrengs redelik vinnig toeneem soos wat die vaste belegging per eenheid opbrengs styg. Die totale vaste bates per hektoliter was gemiddeld R5,32 vir die 43 kelders in 1968/69, terwyl die totale koste per hektoliter



Figuur 3.2 : Die verhouding tussen vaste bates per hektoliter en totale koste per hektoliter, 1968/69..

R1,33 beloop het.


In Figuur 3.3 word die verband aangetoon tussen die totale bates per hektoliter en die totale koste per hektoliter. Die verskil wat daar voorkom in die posisie en helling van die kurwes in Figure 3.2 en 3.3, is as gevolg van die invloed van die vlottende bates per eenheid opbrengs.

Die samehang wat daar bestaan tussen totale ontvangste en totale bates is van belang, eendersyds vir die samestelling van verskillende bate-items en andersyds vir die samestelling van die finansieringsbronne. Dus verskaf die omloopsnelheid van bates 'n leidraad van hoeveel fondse waar benodig word om 'n sekere totale ontvangste te kan realiseer. Na gelang hiervan sal die finansieringskant van die kelders ook nou ontleed word.

3.2.2 Ontleding van totale finansiering (B)3.

Die verskillende bronne waaruit kelders hulle fondse verkry het, word weerspieël in die finansieringstruktuur van Tabel 3.2. Hieruit blyk dat die totale langtermyn finansiering, wat hoofsaaklik aangewend word om grond, geboue en toerusting te bekom, gemiddeld 64,40 persent van die totale finansiering uitgemaak het. Die grootste deel van die langtermyn finansiering is afkomstig uit eie bronne en bedra gemiddeld 46,52 persent van die totale finansiering. Die hoofbron van eie finansiering is teruggehoue surplusse en beloop ongeveer 40,62 persent van die totale eie finansiering. Die totale langtermyn finansiering het oor die loop van die drie seisoene met ongeveer 16 persent toegeneem, terwyl langtermyn vreemde finansiering met 21 persent toegeneem het, met die gevolg dat relatief minder gebruik gemaak is van eie fondse. 'n Relatief vinnige toename het voorgekom in die vlottende laste, weens groter handelsvoorskotte aan handelaars.

Dit kan algemeen gestel word dat die finansieringstruktuur van die 43 winkelders nie so goed daar uitsien nie. Die eie finansiering (ongeveer 47 persent van totale finansiering) is onvoldoende om die totale vaste bates (ongeveer 61 persent van totale bates) te finansier, terwyl die totale langtermyn fondse slegs ongeveer 64,40 persent van die totaal uitmaak. Die totale ledebelang as persentasie van die totale finansiering het afgeneem van 54,20 persent tot 46,52 persent oor die drie seisoene, terwyl die persentasie vaste



Figuur 3.3: Die verhouding tussen totale bates per hektoliter wyn en totale koste per hektoliter wyn, 1968/69.

bates minder afgeneem het. Al minder eie fondse bly dus oor om die vlottende kapitaalbehoefte te finansier. Eendersyds bestaan dus die probleem dat sekerre koöperasies oor onvoldoende eie finansiering beskik om vir hulle doeleinde oor genoeg eie- plus vreemde fondse beskikkingsmag te verkry. Andersyds bestaan daar ook 'n redelike persentasie kelders wat relatief van min vreemde finansiering gebruik maak.

Tabel 3.6: Geweegde gemiddelde finansieringsverhoudings vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes” en tien „laagstes” vir 1968/69

VERHOUDING	Eenheid	Geweegde gemiddelde vir 43 kelders			Geweegde gemiddelde vir 1968/69	
		1966/67	1967/68	1968/69	Tien „hoogstes”	Tien „laagstes”
1. Aandelekapitaal per lid	Rand	1 413,35	1 506,75	1 627,55	5 790,32	505,41
2. Totale ledebelang per metrieke-tonkwota	Rand	5,21	16,32	17,28	24,79	10,29
3. Vreemde finansiering per lid	Rand	3 595,40	4 197,34	5 218,58	10 840,11	2 129,88
4. Totale vlottende bates as persentasie van totale vlottende finansiering (likwiditeitsverhouding)	%	119,38	118,64	110,62	168,88	74,91
5. Vlottende bates, voorraad wyn uitgesluit, as persentasie van vlottende korttermyn finansiering („Suurtoetsverhouding”)	%	174,86	167,88	172,10	997,74	34,85

Die geweege gemiddelde verhouding van eie tot vreemde finansiering was 87 persent in 1968/69, wat benede die „vereiste” 100 persent soos deur Rädcl en Reynders (36, p.227.) gestel is. In 1964 was hierdie verhouding

volgens Botha (2, p.127.) 95 persent, terwyl dit in 1966/67 en 1967/68, 118 persent en 107 persent onderskeidelik was. Die geweege gemiddelde verhouding van eie tot vreemde finansiering vir die tien „hoogste” en tien „laagste” kelders was, volgens Tabel 3.2 onderskeidelik 229,04 persent en 41,37 persent in 1968/69. Wat dit meer onrusbarend maak is, eerstens die feit dat 18 persent van alle kelders 'n laer aandeel kapitaal per lid as R505 (tien „laagstes”) gehad het, teenoor die geweege gemiddeld vir die tien „hoogstes” van R5 790 per lid. Tweedens dat 18 persent van al die kelders 'n kleiner totale lede-belang per metrieketon-kwota (die som van al die lede se toegekende kwota's deur die K.W.V. vir 'n spesifieke kelder) as R10,29 (tien „laagstes”) gehad het, in vergelyking met R24,79 vir die tien „hoogstes”. Derdens dat 54 persent van al die kelders 'n groter aanspreeklikheid per lid gehad het ten opsigte van vreemde finansiering as R5 219 (geweege gemiddeld vir al 43 kelders). Hierdie syfers beklemtoon die noodsaaklikheid dat kelders oor voldoende stabiele langtermyn fondse moet beskik. Tweedens dat sorg gedra moet word, dat weens die kapitaal-intensiwiteit van die kelderbedryf, die solvabiliteit nie in gevaar gestel sal word deur 'n groot hoeveelheid vreemde fondse aan te trek nie. Deur 'n groot hoeveelheid vreemde fondse te gebruik raak die gevaar progressief groter dat die koöperasie sy eie fondse kan verloor. Dit moet egter beklemtoon word dat dit altyd vir 'n kelder finansiële voordelig sal wees om vreemde fondse te trek, solank as wat die verskil tussen die opbrengs op totale bates groter is as die rente wat betaal moet word vir die gebruik van vreemde kapitaal. Aangesien wynkelders met 'n produk te doen het waarvoor daar prysbeheer uitgeoefen word, is die gevaar wat die likwiditeit en solvabiliteit bedreig nie so groot in soverre dit die vreemde fondse van die Landbank betref nie. Die meeste van die 43 kelders maak dan ook hoofsaaklik gebruik van die kredietfasiliteite by die Landbank.

Die geweege gemiddelde likwiditeitsverhouding vir die 43 kelders beloop 111 persent in 1968/69, wat benede die „vereiste” 200 persent is soos deur Rädcl en Reynders (36, p.225.) genoem. Die likwiditeitsverhouding is soos volg bepaal: Die som van die totale vlottende bates maal 100, gedeel deur die totale vlottende finansiering. Die betalingsvoorwaardes vir wynverkope aan handelaars is wetlik vasgelê (Sien Botha, 2, p.71.). Die grootste persentasie van die wynproduksie word verkoop en betaal voor 31 Augustus van 'n betrokke wynjaar. Betalings geskied dus gemiddeld binne 90 tot 120 dae, terwyl aankope binne 60 tot 90 dae geskied en uitbetalings aan lede normaal-

weg gedoen word soos fondse beskikbaar word. Dit word weerspieël in die feit dat totale vlottende laste en totale vlottende bates ongeveer dieselfde persentasie uitmaak van die totale laste en bates onderskeidelik. Gevolglik behoort die vlottende bates naastenby volledig deur vlottende laste gefinansier te word.

Die „suurtoets-verhouding“ is soos volg bereken: Die som van bates in debiteurlede, kontant en deposito's maal 100, gedeel deur die som van die korttermyn vlottende finansiering. Volgens die „suurtoets-verhouding“ is daar egter 'n aanduiding dat sommige kelders relatief illikwied is, aangesien 60 persent van al die kelders 'n likwiditeitsverhouding van minder as 111 persent (geweegde gemiddeld vir 43 kelders) getoon het en 30 persent 'n „suurtoets-verhouding“ van minder as 100 persent („vereiste“ verhouding volgens Rädcl en Reynders (36, p.225.)) gehad het. Die geweegde gemiddelde „suurtoets-verhouding“ vir die 43 kelders beloop 172 persent. Verder is daar ook 'n aanduiding dat daar 'n paar kelders is wat in vergelyking met die geweegde gemiddelde likwiditeitsverhouding en „suurtoets-verhouding“ relatief te likwied is, weens 'n groot hoeveelheid onaktiewe kontantfondse. Byvoorbeeld, 30 persent van al die kelders het meer as 11 persent van hulle totale bates in kontant en deposito's gehad, terwyl drie kelders 'n persentasie van meer as 30 persent gehad het.

Daar moet egter gewys word op die feit dat die „vereiste“ groottes van die genoemde verhoudings selde as maatstaf kan dien vir alle tipe ondernemings. Elke bedryf behoort 'n eie maatstaf vir elke verhouding te ontwikkel, aangesien die „vereiste“ grootte van sulke verhoudings afhang van die aard van die bedryf ten opsigte van die konjunktuur gevoeligheid, struktuurverandering, tegniese ontwikkeling, natuurgebondenheid en mate van onsekerheid. Verder moet daar gelet word op die feit dat die datum waarop die finansiële state opgestel word die verhoudings kan beïnvloed en derhalwe onderlinge vergelyking onprakties maak, indien daar nie 'n eenvormige rekeningkundige stelsel toegepas word nie.

3.3 Finansiële doeltreffendheid (C)

Soos dit blyk uit Diagram 2.1 word die grootte van die verhouding van surplus per R100 totale ontvangste beïnvloed deur die inkomste- sowel as die koste-aspek. Aangesien die totale ontvangste van 'n kelder en dus die surplus wat aan lede uitgekeer kan word, primêr afhang van die gehalte en tipe

druive wat ontvang word in 'n spesifieke jaar en dus deur faktore beïnvloed word waaroor die bestuur weinig of geen beheer het nie, sal die klem hoofsaaklik val op die koste-aspek en daarmee gepaardgaande tegniese aspekte.

In Tabel 3.7 word 'n gemiddelde wins- en verliesrekening opgestel vir die 43 kelders, wat as basis sal dien vir die ontleding van kostes en ontvangstes.

Basies gaan die maksimering van die surplus per R100 totale bates eerstens om die doeltreffende benutting van totale bates en veral die vaste bates, aangesien dit 'n groot persentasie uitmaak van totale bates. Die tweede basis waarop die maksimering van surplus per R100 totale bates berus vir ontledingsdoeleindes, is die koste- en ontvangste aspek van 'n kelder soos dit tot uiting kom in die verhouding van totale koste-items per R100 totale ontvangste.

Koste verskille tussen kelders en groepe kelders kan basies met betrekking tot drie aspekte ontleed word: Eerstens volgens die individuele koste-items per R100 totale ontvangste; tweedens volgens die relatiewe belangrikheid van verskillende koste-items, soos dit uitgedruk word in die persentasie wat kostes uitmaak van die totale koste en derdens volgens die koste-item per eenheid verwerk of per eenheid opbrengs. Hierdie drie aspekte van ontleding dui vir die bestuur aan wat die koste is om 'n R100 totale ontvangste te kon realiseer en waar die grootste potensiaal bestaan vir koste verlaging deur verhoogde doeltreffendheid, asook hoe daarin geslaag is om die verskillende koste-items binne die perke, soos gestel deur die volume van verkope, te hou. Dit is verder ook van belang om hierdie drie aspekte met betrekking tot tyd te ontleed; dit wil sê, wat die koers van verandering is oor die kort- en langtermyn.

Aangesien enige verandering om die globale doeltreffendheid van 'n kelder te verhoog 'n effek het op die totale koste, die samestelling van totale koste en die koste per eenheid, is dit nodig dat elke koste-item afsonderlik ontleed sal word. Die rede is dat elke koste-item deur 'n ander maatstaf van doeltreffendheid beïnvloed word. Byvoorbeeld 'n verandering wat die doeltreffendheid van nie-blanke arbeid verhoog, het beslis 'n invloed op die arbeidskoste per R100 totale ontvangste, maar hoef nie 'n klaarblykbare invloed uit te oefen op die totale koste nie. Die rede hiervoor is dat ander

Tabel 3.7: Ontleding van die gemiddelde koste-items en totale ontvangste per kelder en van die koste-items uitgedruk as persentasie van totale ontvangstes, vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69

ITEM	Gemiddelde bedrag per kelder			Gewegde gemiddelde persentasie van die totale ontvangste		
	1966/67	1967/68	1968/69	1966/67	1967/68	1968/69
	Rand	Rand	Rand	%	%	%
1. Direkte blanke arbeidskoste	9 334,72	10 549,00	11 485,74	2,42	2,26	2,26
2. Direkte nie-blanke arbeidskoste	3 845,49	4 129,14	4 418,25	1,00	0,88	0,87
3. Totale arbeidskoste (direkte- plus indirekte kostes)	15 422,98	17 012,42	18 288,04	3,99	3,65	3,60
4. Waardevermindering ^x	15 260,11	15 805,52	17 433,44	3,95	3,39	3,43
5. Herstelwerk en onderhoud	4 429,26	5 255,88	5 511,65	1,15	1,13	1,08
6. Chemikalieë en spiritus	4 350,70	4 803,88	4 671,60	1,13	1,03	0,92
7. Krag en water	2 651,12	2 932,44	3 528,23	0,69	0,66	0,69
8. Diverse kostes	622,14	652,02	711,16	0,16	0,14	0,14
9. Spoorvrag	218,62	201,52	229,58	0,06	0,04	0,05
10. Totale ander produksiekostes ^{x x}	28 479,95	30 684,42	33 203,61	7,38	6,58	6,54
11. Vervoer van wyn	4 139,49	3 882,70	3 369,44	1,07	0,83	0,66
12. Reklameheffings	2 151,21	2 512,47	3 821,63	0,56	0,54	0,75
13. Aksynsbelasting	1 067,60	1 087,49	1 258,02	0,28	0,23	0,25
14. Totale verkoopskoste	7 358,30	7 482,66	8 449,09	1,91	1,60	1,66
15. Totale administrasie koste	4 291,30	4 931,74	5 170,35	1,11	1,06	1,02
16. Totale koste sonder rente	55 552,53	60 111,24	65 111,09	14,39	12,89	12,82
17. Totale surplus	330 446,26	406 110,11	442 972,93	85,61	87,11	87,18
18. Totale ontvangstes	385 998,79	466 221,35	508 084,02	100,00	100,00	100,00
Rente soos bereken op eie- en vreemde finansiering	18 828,83	19 546,02	20 935,60	4,87	4,19	4,12

^xDit is die waardevermindering soos bereken vir geboue en masjiene en toerusting.

^{xx}Bottelingskoste is by dié totaal ingesluit.

kostes so kan varieer dat dié effek uitgekanselleer word, of dat nie-blanke arbeidskoste 'n relatief klein persentasie uitmaak van die totale koste en so-doende 'n minimale effek het op die totale koste per eenheid.

3.3.1 Gemiddelde kostes per kelder en die verskillende koste-items uitgedruk as persentasie van totale ontvangste

In die vervolg sal na totale koste verwys word, in plaas van „totale koste met rente“. Waar totale koste sonder rente bereken ter sprake kom, sal dit spesifiek so gestel word. Die totale koste vir die 43 kelders het gemiddeld R60 258 per kelder beloop vir die drie oesjare. Die totale koste sonder rente het volgens Tabel 3.10 van 1966/67 tot 1967/68 met 8,2 persent toegeneem, terwyl dit van 1967/68 tot 1968/69 met 8,3 persent toegeneem het.

3.3.2 Koste-items as persentasie van totale koste sonder rente

In Tabel 3.8 word die relatiewe belangrikheid van die verskillende kostes aangetoon.

Die totale arbeidskoste en waardevermindering het gemiddeld die grootste bedrag aan produksiekoste uitgemaak, naamlik R18 228 en R17 433 per kelder. In albei hierdie koste-items het daar 'n styging voorgekom in die loop van die drie oesjare. In die eerste geval was dit 'n toename van ongeveer 19 persent, terwyl die waardevermindering met 14 persent toegeneem het van 1966/67 tot 1968/69. Die grootste gemiddelde verkoopskoste-items was reklameheffings en die vervoer van wyn, wat onderskeidelik R3 822 en R3 369 per kelder was. Die kostes aan aksynsbelasting en reklame is kostes waarvoor die bestuur geen direkte beheer het nie. Die rente soos bereken het gemiddeld R20 936 per kelder beloop.

Alhoewel die koste-samestelling nie noemenswaardig verander het in die drie oesjare nie, was daar 'n opmerklike verandering in die koste per R100 totale ontvangste. Dit het van 1966/67 tot 1968/69 afgeneem van R14,39 tot R12,82. Dié afname van 10,9 persent kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die daling wat voorgekom het in die arbeidskoste en waardevermindering per R100 totale ontvangste.

Totale arbeidskoste en waardevermindering was verreweg die belangrikste

Tabel 3.8: Totale koste-items as persentasie van totale koste sonder rente vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes" vir 1968/69

KOSTE-ITEM	Geweegde gemiddeldes vir 43 kelders			Geweegde gemiddelde vir 1968/69	
	1966/67	1967/68	1968/69	Tien „hoogstes"	Tien „laagstes"
	%	%	%	%	%
1. Direkte blanke arbeidskoste	16,80	17,55	17,64	23,44	13,88
2. Direkte nie-blanke arbeidskoste	6,92	6,87	6,79	9,86	4,41
3. Totale arbeidskoste (direkte-plus indirekte koste)	27,76	28,30	28,09	35,32	22,84
4. Waardevermindering	27,47	26,29	26,77	35,30	21,15
5. Herstelwerk en onderhoud	7,97	8,74	8,47	11,87	2,42
6. Chemikalieë en spiritus	7,83	7,99	7,17	10,72	2,20
7. Krag en water	4,77	4,88	5,42	8,11	3,14
8. Diverse koste	1,12	1,18	1,09	2,01	0,64
9. Spoorvrag	0,39	0,34	0,35	1,43	0,12
10. Totale ander produksiekoste	51,27	51,05	51,00	68,44	32,16
11. Reklameheffings	3,88	4,18	5,87	9,38	3,73
12. Vervoer van wyn	7,45	6,46	5,17	8,13	2,66
13. Aksynsbelasting	1,92	1,81	1,93	2,73	0,88
14. Totale verkoopskoste	13,25	12,45	12,97	15,45	5,06
15. Totale administrasie koste	7,72	8,20	7,94	12,02	4,67
16. Totale koste sonder rente	100,00	100,00	100,00	×	×

*Die totale van hierdie kolomme sal nie someer na 100 persent nie, aangesien die „hoogstes" en „laagstes" vir elke koste-item, die geweegde gemiddeld is van verskillende kelders.

koste-item, wat onderskeidelik 28,09 en 26,77 persent uitgemaak het van die totale koste sonder rente. Van die totale produksiekoste het arbeidskoste 36 persent beloop en waardevermindering 34 persent. Die belangrikste verkoopskoste was reklameheffings en die vervoer van wyn, wat onderskeidelik 45 en 40 persent uitgemaak het van die totale verkoopskoste en 5,87 en 5,17 persent van die totale koste sonder rente. Die beginsel betrokke by die verlaging van die totale koste, is dat die bestuur op die belangrikste koste-items moet probeer bespaar.

'n Aansienlike verskil kom voor tussen die geweegde gemiddelde syfers van die tien „hoogstes” en tien „laagstes”. Byvoorbeeld, die totale arbeidskoste as persentasie van die totale koste beloop 35,32 persent by die tien „hoogstes”, terwyl dit slegs 22,84 persent beloop by die tien „laagstes”. By die waardevermindering kom ongeveer dieselfde verskil voor. Die totale verkoopskoste as persentasie van totale koste van die tien „hoogstes” is ongeveer drie keer so hoog as dié van die tien „laagstes”.

Algemeen kan dus afgelei word dat die grootste potensiële koste besparing oor die korttermyn geleë is in die benutting van arbeid en veral by blanke arbeid. Wat die langtermyn betref blyk dit duidelik dat die grootste potensiaal geleë is in totale arbeidskoste en waardevermindering.

3.3.3 Koste-items per eenheid opbrengs

In Tabel 3.9 word 'n ontleding gegee van die gemiddelde totale koste-items per eenheid opbrengs.

'n Aansienlike verskil kom voor in die koste-items per eenheid opbrengs van die tien „hoogstes” en tien „laagstes”. Die totale gemiddelde koste sonder rente per eenheid opbrengs van die tien „hoogstes” is 94 persent hoër as dié van die tien „laagstes”. Die verskil tussen die gemiddelde totale arbeidskoste en totale waardevermindering per 100 metrieketon van die tien „hoogstes” en tien „laagstes” is onderskeidelik R194,34 en R158,95 per 100 metrieketon. Die gemiddelde totale verkoopskoste van die tien „hoogstes” is 257 persent hoër as dié van die tien „laagstes”. Die gemiddelde koste aan die vervoer van stookwyn en goeiwyn, waar by laasgenoemde die toegewing

Tabel 3.9: Geweegde gemiddelde totale koste-items per eenheid opbrengs vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes” en tien „laagstes” vir 1968/69

KOSTE-ITEM	Eenheid Rand per:	Geweegde gemiddelde vir 43 kelders			Geweegde gemid- delde vir 1968/69	
		1966/ 67	1967/ 68	1968/ 69	Tien „hoog- stes”	Tien „laag- stes”
1. Direkte blanke ar- beidskoste	100 mt.	133,87	133,49	142,11	240,17	87,25
2. Direkte nie-blanke arbeidskoste	100 mt.	55,15	52,25	54,66	98,73	33,86
3. Totale arbeidskoste (direkte- plus in- direkte koste)	100 mt.	221,18	215,28	226,27	358,81	164,47
4. Waardevermindering	100 mt.	218,76	199,93	215,67	316,96	158,01
5. Herstelwerk en onderhoud	100 mt.	63,49	66,48	68,17	108,04	28,67
6. Chemikalieë en spiritus	100 mt.	62,37	60,76	57,71	81,11	16,31
7. Krag en water	100 mt.	38,00	37,09	43,80	56,82	23,99
8. Diverse kostes	100 mt.	8,92	8,25	8,79	11,22	4,22
9. Spoorvrag	100 mt.	3,13	2,55	2,75	3,06	1,09
10. Totale ander pro- duksiekoste	100 mt.	394,81	375,19	397,03	568,21	224,30
11. Vervoer van wyn	10 hl.	1,40	1,27	1,20	3,07	0,37
12. Reklameheffings	10 hl.	0,39	0,40	0,59	0,98	0,37
13. Aksynsbelasting	10 hl.	0,19	0,17	0,20	0,55	0,04
14. Totale verkoopskoste	10 hl.	1,33 ^x	1,18 ^x	1,31 ^x	2,03	0,57
15. Totale administrasie koste	10 hl.	0,77	0,78	0,80	1,32	0,53
16. Totale koste sonder rente	10 hl.	10,01	9,45	10,10	13,93 ^{xx}	7,18 ^{xx}

^xHierdie totaal sal nie ooreenstem met die som van die verskillende verkoopskoste-items nie, aangesien die vervoerkoste van wyn uitgedruk word per 10 hektoliters stookwyn en nie soos in al die ander gevalle, per 10 hektoliters totale wyn nie.

^{xx}Die totale koste vir die tien „hoogstes en tien laagstes” sal nie ooreenstem met die som van die verskillende koste-items nie, aangesien elke koste-item se gemiddeld uit verskillende kelders bestaan.

we. geld dat sekere produsente 'n gedeelte van die vervoerkoste op goeiwyn mag dra, was R12,01 per 100 hektoliters stookwyn of R5,23 per 100 hektoliters totale wynproduksie. Dit is insiggewend dat kelders wat ver van die K.W.V.-depots geleë is en wat relatief baie volkswyn verkoop by depots van die kelders, 'n hoë koste het aan die vervoer van wyn. (Sien Tabel A.9.). Die administratiewe koste beloop gemiddeld R8,02 per 100 hektoliters en hiervan maak kantooruitgawes ongeveer 20 persent uit en assurances, belastings en lisensies ongeveer 40 persent.

In Tabel 3.10 word 'n aanduiding gegee van die relatiewe mate waarin totale koste-items en totale koste-items per eenheid tussen die drie oesjare verander het.

Tabel 3.10: Persentuele verandering in totale koste-items en in koste-items per eenheid opbrengs, 1966/67 - 1968/69

KOSTE-ITEMS	Persentasie styging in totale koste-items (persent)		Persentasie verandering in koste-items per een- heid opbrengs (persent)	
	van 1966/67 tot 1967/68	van 1967/68 tot 1968/69	van 1966/67 tot 1967/68	van 1967/68 tot 1968/69
1. Totale arbeidskoste	10,3	7,5	- 2,7	+ 5,1
2. Totale ander produksie- koste	7,7	8,2	- 5,0	+ 5,8
3. Totale verkoopskoste	1,7	12,9	-11,3	+11,4
4. Totale administrasie koste	14,9	4,8	0,0	+ 3,4
5. Totale koste	8,2	8,3	- 5,6	+ 6,9

Dit periode waarvoor die ondersoek strek is te kort om enige ^{langtermyn} neigings in kostes bloot te lê. Die totale wynproduksie het van 1966/67 tot 1967/68 toegeneem met 14,6 persent en die hoeveelheid druive wat ontvang is vir verwerking met 13,3 persent. In die periode van 1967/68 tot 1968/69 het die totale wynproduksie met 1,4 persent gestyg en die ontvangste van druive met 2,3 persent. Indien dit vergelyk word met die toename in die totale kostes, is dit duidelik dat kostes per eenheid opbrengs persentueel in die eerste periode gedaal het weens die feit dat die opbrengs vinniger toegeneem het as die kostes. Die teenoorgestelde blyk die geval te wees in 1967/68 tot 1968/69.

In Figuur 3.4 word die verband aangetoon tussen die gemiddelde totale koste en die omvang van produksie vir die kelderbedryf.

Twee regressievergelykings, (i) en (ii), is bereken met die volgende vergelykings:

$$(i) Y_r = a + bX_r,$$


$$(ii) Y_r = a + bX_r + cX_r^2,$$

waar Y die totale koste (in sent) per hektoliter en X die totale wynproduksie verteenwoordig. Die stippunte wat op die figuur aangedui word met "X", verteenwoordig die geweegde gemiddelde totale koste per eenheid onderskeidelik vir kelders met 'n gemiddelde produksie-omvang van 30 000, 70 000 en 90 000 hektoliters wyn.

Die korrelasiekoëffisiënt dui volgens die t-toets en met 'n betekenispeil van 5 persent aan dat daar 'n negatiewe korrelasie tussen die omvang van produksie en totale koste per eenheid bestaan. Kurwe (ii) gee 'n betekenisvoller beskrywing van die stippunte. 'n Betroubaarder weergawe van die verloop van die regressiekurwe kon moontlik gewees het, indien meer gegewens beskikbaar was van kelders met 'n produksie-omvang groter as 100 000 hektoliters.

Die hoogste en laagste totale koste per eenheid by die 43 kelders is onderskeidelik R3,17 en R0,93 per hektoliter wyn, met 'n produksie-omvang van 55 661 en 53 095 hektoliters respektiewelik. Die kelders met 'n produksie-omvang van 209 207 hektoliters het 'n gemiddelde totale koste per hektoliter van R1,67 gehad, wat 80 persent hoër was as dié kelder met die laagste gemiddelde totale koste. Die rede vir die buitengewone hoë gemiddelde totale koste vir twee kelders met 'n produksie-omvang van 24 796 en 55 661 hektoliters, kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n hoë gemiddelde totale produksiekoste. Byvoorbeeld die totale arbeidskoste per eenheid verwerk vir die twee kelders was R7,13 en R6,39 per metrieketon, teenoor gemiddeld R2,26 vir 43 kelders.

Die vraag ontstaan of daar nie oor die korttermyn kostevoordele vir 'n individuele kelder sou wees om produksie uit te brei nie, of oor die langtermyn, koste voordele in is om vir 'n groot produksie-omvang te beplan nie.



Figuur 3.4: Die verhouding tussen produksie-omvang en totale koste per hektoliter wyn, 1968/69.

Dit is veral belangrik vir die kelderbedryf as geheel dat kelders so beplan word dat hulle oor die langtermyn teen die laags moontlike koste sal funksioneer. Foutiewe beplanning by die oprigting van 'n kelder kan die globale doeltreffendheid op een of meer van die volgende maniere oor die langtermyn verlaag: Eerstens onnodige hoë vaste kostes (waardevermindering, versekering en rente op kapitaal), weens 'n te klein produksie-omvang relatief tot beskikbare produksiekapasiteit; tweedens oormatige kostes aan vervanging van en veranderings aan bestaande fasiliteite, indien die produksie-omvang groter word as die beskikbare produksie-kapasiteit; derdens 'n laer totale ontvangste as gevolg van 'n verlaagde wynkwaliteit, weens ondoeltreffende en swak verwerking en opberging van druiwe en wyn by 'n oorbenutting van fasiliteite.


Aangesien vaste kostes volgens Tabel 3.8 'n groot persentasie uitmaak van die totale koste (gemiddeld 53,62 persent), sou dit interessant wees om te weet wat die effek van 'n groter produksie-omvang sal wees op gemiddelde vaste koste. In Figuur 3.5 word dié verband grafies voorgestel. Die volgende koste-items is as vaste kostes gereken: Kostes aan permanente arbeid, waardevermindering, herstelwerk en onderhoud, administrasie kostes en die rente soos bereken is.

Die volgende vergelyking is gebruik om die verband te illustreer:

$$Y_r = a + bX_r$$

waar Y die gemiddelde totale vaste koste (sent per 100 hektoliters) en X die totale opbrengs van wyn is. Die korrelasiekoëffisiënt dui volgens die t-toets en met 'n betekenispeil van 5 persent aan dat daar 'n negatiewe korrelasie tussen die produksie-omvang en gemiddelde vaste koste bestaan, wat ooreenstem met die teorie (Rädel en Reynders (36, p.450)). Kelders sal volgens die regressiekurwe 'n gemiddelde persentuele afname (koëffisiënt „b" maal 100 gedeel deur koëffisiënt „a" in die regressievergelyking) in totale vaste koste per eenheid opbrengs ondervind van 0,29 persent met 'n toename in opbrengs van 40 000 tot 85 000 hektoliters wyn. Die hoogste en laagste gemiddelde totale vaste koste van R1,62 en R0,50 het onderskeidelik voorgekom by 'n opbrengs van 23 700 en 47 800 hektoliters.

Die gevaar en voordele van 'n „te-groot" persentasie vaste koste spruit voort uit die fluktuasies wat mag voorkom oor die korttermyn in die produk-



Figuur 3.5: Die verhouding tussen totale gemiddelde vaste koste en produksie-omvang, 1968/69.

sie van 'n kelder. Die kelderbedryf is vir sy grondstof afhanklik van die natuur, wat 'n groot fluktuasie in totale druiwe-ontvangste kan veroorsaak. 'n Hoë persentasie vaste koste neig om die totale koste per eenheid te laat toeneem soos wat produksie daal. Byvoorbeeld 'n daling van 25 persent in die druiwe ontvangste van 'n kelder weens 'n swak oes, sal neig om die vaste koste per eenheid met 'n derde te laat styg. Die totale koste per eenheid sal met tien persent toeneem indien vaste koste 30 persent uitmaak van die totale koste. Dit sal egter die totale koste per eenheid slegs met vyf persent laat styg as vaste koste 15 persent uitmaak van die totale koste. Om hierdie rede kan 'n hoë vaste kostestruktuur nadelig wees in die kelderbedryf, waar periodieke dalings mag voorkom in die druiwe ontvangste as gevolg van siektes of droogtes.

Daar moet egter onthou word dat vaste koste ook 'n bron kan wees vir dalende totale koste per eenheid indien produksie toeneem, aangesien dieselfde vaste koste daar versprei sou word oor 'n groter produksie-omvang. Met 'n fluktuasie in die werklike produksie tot produksiekapasiteit, neig hoë vaste kostes om 'n opwaartse „drukking” uit te oefen op totale eenheidskoste as produksie daal; maar 'n afwaartse „drukking” indien produksie toeneem. Hoe groter die persentasie vaste koste is, hoe groter sal die op- of afwaartse „drukking” op totale koste per eenheid wees.

Die bestuur van 'n kelder moet dus versigtig wees om net bloot 'n groot persentasie vaste koste as onwenslik te beskou. 'n Noukeurige evaluasie van alle koste-voordele en -nadele moet gemaak word oor al die moontlike korttermyn en langtermyn veranderings wat in produksie mag plaasvind.

3.3.4 Ontleding van departementele produksiekostes

Slegs daardie koste-items wat op 'n bevredigende basis tussen die departemente verdeel kon word, is ondersoek en in verband gebring met die geassosieerde opbrengs vir 'n spesifieke departement.

3.3.4.1 Arbeidskoste

Koöperatiewe wynkelders maak nog tot 'n groot mate gebruik van hande-arbeid. Die benutting van arbeid is belangrik in twee opsigte vir die bestuur, naamlik, om eerstens die optimum verhouding tussen die hoeveelheid permanente arbeid en seisoensarbeid te vind en tweedens die vraag te probeer

beantwoord tot hoe ver meganisasie van prosesse moet geskied. Die arbeidsbehoefte van 'n wynkelder bly nie konstant deur die jaar nie, maar bereik 'n maksimum in die parsseisoen. 'n Sekere hoeveelheid arbeid word egter deur die jaar vereis om normale take, soos herstelwerk, onderhoud, installering van toerusting, wynbehandelings en -verkope en die verskaffing van brandstof en volkswyn aan lede, te verrig.

Aangesien die gebruik van arbeid 'n belangrike invloed kan uitoefen op die uiteindelijke finansiële doeltreffendheid, is arbeid ingedeel nie net in blank en nie-blank, in seisoen en totaal vir die jaar nie, maar ook in die verskillende departemente. Die rede hiervoor is dat daar in die eerste plek 'n groot verskil voorkom ten opsigte van vaardigheid, opleiding en tipe take wat verrig word tussen die verskillende kategorië arbeiders. Tweedens word die meeste arbeid gebruik in die parsseisoen.

Die toepaslike verhoudings wat bereken is om die doeltreffende benutting van arbeid te bepaal, is die volgende: Die hoeveelheid arbeid (gemeet in man-ure) per eenheid opbrengs in seisoen vir blanke- en nie-blanke arbeid, volgens die onderskeie departemente. Om 'n aanduiding te kry van die benutting van arbeid deur die jaar is die totale hoeveelheid arbeid per eenheid opbrengs bereken. 'n Relatief lae verhouding dui nie noodwendig op doeltreffendheid nie, aangesien faktore soos die substitusie van arbeid deur kapitaal, ligging van die kelder ten opsigte van 'n arbeidsmark, uitleg van die keldergebou en vaardigheid en opleiding van arbeid 'n belangrike invloed kan uitoefen op die genoemde verhoudings. Vir besluitneming is dit nie net belangrik om op die fisiese arbeid per eenheid opbrengs te bespaar nie, maar ook om arbeidskoste besparing teenoor addisionele waarde-opbrengs te evalueer. Deur fisies minder arbeid te gebruik, beteken nie noodwendig dat dit meer ekonomies sal wees nie.

In Tabel 3.11 word 'n ontleding gegee van die gemiddelde totale man-ure en gemiddelde totale arbeidskoste per eenheid opbrengs in die seisoen en vir die oesjare.

Tabel 3.11: Totale man-ure en totale arbeidskoste per eenheid opbrengs in seisoen, volgens departemente en vir die oesjaar vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes” en tien „laagstes” vir 1968/69

DEPARTEMENT	Eenheid	Geweegde gemiddelde vir 43 kelders			Geweegde gemiddelde vir 1968/69	
		1966/67	1967/68	1968/69	Tien „hoogstes”	Tien „laagstes”
I <u>Ontvangs tot skeiding</u>						
Man-ure per 100 mt.	man-ure	103,63	91,96	89,91	166,89	46,75
Arbeidskoste per 100 mt.	Rand	18,02	17,53	18,52	29,69	11,26
II <u>Afsak en gisting</u>						
Man-ure per 100 hl.	man-ure	4,40	3,96	3,89	8,84	1,54
Arbeidskoste per 100 hl.	Rand	1,73	1,68	1,78	2,99	0,75
III <u>Stoor en verkope</u>						
Man-ure per 100 hl.	man-ure	7,12	6,31	6,21	11,56	2,67
Arbeidskoste per 100 hl.	Rand	1,12	1,15	1,25	2,82	0,38
IV <u>Dopverwerking</u>						
Man-ure per 100 mt.	man-ure	95,12	84,80	82,32	175,55	42,31
Arbeidskoste per 100 mt.	Rand	12,49	11,63	12,34	25,91	6,63
V <u>Bestuur en administrasie</u>						
Man-ure per 100 hl.	man-ure	1,70	1,54	1,51	2,32	1,20
Arbeidskoste per 100 hl.	Rand	2,54	2,03	2,16	4,30	0,96
<u>Totaal in die seisoen</u>						
Man-ure per 100 mt.	man-ure	303,97	271,76	264,86	309,58	210,41
Arbeidskoste per 100 mt.*	Rand	86,15	83,59	87,79	139,31	64,22
<u>Totaal vir die oesjaar</u>						
Man-ure per 100 mt.	man-ure	559,04	496,63	687,24	821,46	298,76
Arbeidskoste per 100 mt.**	Rand	221,18	215,28	226,27	372,81	164,68

*Sluit net die direkte vergoeding in.

**Sluit alle byvoordele, soos natura-vergoeding en huisvesting in.

Van die totale arbeidskoste vir die 43 kelders het gemiddeld ongeveer 19 persent gegaan vir die direkte vergoeding aan alle blanke arbeid in seisoen. Dit sluit blanke arbeid vir die seisoen sowel as permanente personeel in. Die vergoeding aan alle nie-blanke arbeid in die seisoen het gemiddeld 13 persent uitgemaak van die totale arbeidskoste. Die res, naamlik 68 persent, het gegaan vir die vergoeding aan die blanke- en nie-blanke permanente personeel in die afseisoen. Die arbeidskoste vir addisionele blanke- en nie-blanke arbeid, wat in seisoen gebruik is, het slegs 15,5 persent uitgemaak van die totale arbeidskoste per jaar.

Tabel 3.12: Verskillende arbeidskoste-items uitgedruk as persentasie van die totale arbeidskoste vir 43 kelders vir 1968/69

KOSTE-ITEM	GEWEEGDE GEMIDDELDE PERSENTASIE VAN DIE TOTAAL
1. Direkte arbeidskoste aan addisionele blanke arbeid in seisoen	6,19
2. Direkte arbeidskoste aan permanente blanke arbeid in seisoen	12,88
3. Totale direkte arbeidskoste aan blanke arbeid in seisoen	19,07
4. Direkte arbeidskoste aan addisionele nie-blanke arbeid in seisoen	9,32
5. Direkte arbeidskoste aan permanente nie-blanke arbeid in seisoen	3,56
6. Totale direkte arbeidskoste aan nie-blanke arbeid in seisoen	12,88
7. Totale direkte arbeidskoste aan blanke arbeid per oesjaar	62,80
8. Totale direkte arbeidskoste aan nie-blanke arbeid per oesjaar	24,16
9. Totale indirekte arbeidskoste aan alle arbeid per oesjaar	13,04
10. TOTAAL VIR DIE OESJAAR	100,00

Dit is duidelik uit Tabel 3.12 dat die belangrikste arbeidskoste die vergoeding van die permanente blanke personeel en veral die permanente blanke arbeid gedurende die afseisoen is. 'n Besparing van kostes in hierdie item deur middel van die uitbreiding van die kelder se aktiwiteite in die afseisoen en/of 'n groter produksie-omvang tydens die seisoen, behoort die totale koste per eenheid te verminder.

Die 43 kelders het gemiddeld in die parsseisoen 264,86 man-ure nodig om 100 metrieketon druiwe te verwerk, met 'n totale direkte vergoeding aan arbeid van R87,79 per 100 metrieketon. Vir die hele oesjaar was die ooreenstemmende syfers 537,24 man-ure per 100 metrieketon met 'n direkte arbeidskoste van R226,27. Dit beteken dat die gemiddelde direkte vergoeding per man-uur in die parsseisoen dus 33 sent was en vir die hele jaar, met indirekte vergoeding ingesluit, 42 sent per man-uur. Die gemiddelde direkte vergoeding per man-uur vir die onderskeie arbeiders was soos volg: Permanente blanke 64,86 sent, permanente nie-blanke 15,83 sent, blanke seisoen 56,69 sent en nie-blanke seisoen 12,19 sent per man-uur. Dit is opmerklik dat die arbeidskoste per eenheid opbrengs in die parsseisoen vir die tien „hoogstes“ dubbeld soveel was as vir die tien „laagste“ kelders. Dit is nieteenstaande die feit dat die vergoeding per man-uur nie noemenswaardig verskil het nie (30 sent per man-uur vir die tien „hoogstes“ en 34 sent per man-uur vir die tien „laagstes“).

Die meeste arbeid word gebruik by ontvangs tot skeiding en dopverwerking. Nie-blanke arbeid en veral seisoensarbeid maak die grootste persentasie daarvan uit. Ongeveer 85 persent van die totale arbeid wat gebruik is by ontvangs tot skeiding was nie-blankes, terwyl dit 95 persent is by dopverwerking. Die teenoorgestelde is egter die geval by die ander departemente (veral by die bestuur en administrasie), waar hoofsaaklik gebruik gemaak word van blanke arbeid. Dit is interessant om daarop te let dat die permanente blanke personeel in die parsseisoen, gemiddeld 54 persent van hulle tyd spandeer het aan toesig, kontrole en administrasie.

Die man-ure wat nodig word per eenheid opbrengs is 'n tegniese maatstaf van die arbeidsdoeltreffendheid, wat nie beïnvloed word deur die vergoeding per eenheid aan werknemers nie. Die arbeidskoste per eenheid as maatstaf bevat die tegniese- sowel as die finansiële aspekte van doeltreffendheid. Albei hierdie verhoudings behoort geminimeer te word vir 'n gegewe produksie-uitleg in elke departement. Indien die vergoeding aan werknemers te hoog is, relatief tot die hoeveelheid vaste bates, toon dit aan dat die fisiese fasiliteite

teite onvoldoende is. 'n Lae verhouding van arbeidskoste tot vaste bates toon dat die fasiliteite onderbenut word vir die hoeveelheid arbeid wat gebruik word. 'n „Goeie" verhouding van arbeidskoste per R100 vaste bates sou moeilik globaal vir die kelderbedryf bereken kon word, aangesien daar 'n optimum verhouding bestaan vir elke kelder. Die bestuur behoort dus daarna te streef om die fisiese fasiliteite tot by so 'n punt te benut, dat sodra daar bottelnekke ontstaan die arbeidskoste van jaar tot jaar 'n styging toon in verhouding tot die hoeveelheid vaste bates. Verder behoort elke kelder na 'n optimum verhouding van arbeidskoste tot totale koste te streef vir sy gegewe produksie-uitleg. Met 'n styging in totale produksie behoort die verhouding van arbeidskoste tot totale koste of stabiel te bly of effens te styg.

3.3.4.2 Waardevermindering

Die waardevermindering soos wat dit bereken is op die masjiene en toerusting, is tot die verskillende departemente geallokeer op grond van die masjiene en toerusting wat in elke departement gebruik is. In Tabel 3.13 word 'n ontleding gemaak van die waardevermindering van masjiene en toerusting per eenheid opbrengs vir die verskillende departemente en vir die totale waardevermindering vir die oesjaar.

Tabel 3.13: Totale waardevermindering van masjiene en toerusting en totale waardevermindering (geboue ingesluit) per eenheid opbrengs, volgens departemente vir die 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes" vir 1968/69

DEPARTEMENT	Eenheid Per Rand:	Geweege gemid- delde vir 43 kelders			Geweege ge- middelde vir 1968/69	
		1966/ 67	1967/ 68	1968/ 69	Tien „hoog- stes	Tien „laag- stes"
I Ontvangs tot skeiding	100 mt.	44,41	38,31	40,79	56,73	21,04
II Afsak en gisting	100 hl.	4,57	4,27	4,78	6,54	2,87
III Stoor en verkope	100 hl.	1,98	1,91	2,42	3,34	1,51
IV Dopverwerking	100 mt.	39,75	35,97	36,45	53,88	22,13
V Bestuur en administrasie	100 hl.	0,58	0,44	0,50	0,74	0,30
TOTAAL (geboue ingesluit)	100 hl.	27,51	24,87	27,05	38,16	19,69

Die totale waardevermindering per 100 hektoliters wyn geproduseer het gemiddeld R26,50 beloop vir die drie oesjare, terwyl dit vir die tien „hoogstes“ en tien „laagstes“ onderskeidelik R38,16 en R19,69 per 100 hektoliters was. Hierdie syfers sal beïnvloed word deur die tipe toerusting wat in die departemente gebruik word en die omvang van produksie.

3.3.4.3 Krag en water

Die koste aan krag en water soos toegedeel aan die onderskeie departemente, word in Tabel 3.14 uitgedruk per eenheid opbrengs.

Tabel 3.14: Totale koste aan krag en water per eenheid opbrengs, volgens departemente vir 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir tien „hoogstes“ en tien „laagstes“ vir 1968/69

DEPARTEMENT	Eenheid Rand per:	Geweegde gemiddelde vir 43 kelders			Geweegde gemiddelde vir 1968/69	
		1966/ 67	1967/ 68	1968/ 69	Tien „hoog- stes“	Tien „laag- stes“
I Ontvangs tot skeiding	100 mt.	7,20	6,94	7,73	11,58	4,13
II Afsak en gisting	100 hl.	2,10	2,05	2,64	3,20	1,49
III Stoor en verkope	100 hl.	0,77	0,72	0,79	1,22	0,31
IV Dopverwerking	100 mt.	7,87	8,15	8,52	13,47	3,69
V Bestuur en administrasie	100 hl.	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00
TOTAAL	100 hl.	4,78	4,61	5,47	9,01	3,27

Die totale koste aan krag en water was gemiddeld vir die 43 kelders R5,47 per 100 hektoliters wyn geproduseer. Die tien „hoogstes“ se ooreenstemmende syfer was ongeveer 65 persent hoër as dié van geweege gemiddelde vir al die kelders. Dit is opmerklik dat die meeste van die tien „hoogste“ kelders, of in dorpe geleë is waar munisipale water aangekoop moet word, of hulle eie krag opwek vir elektrisiteitsvoorsiening.

Opsommend kan dus gestel word dat daar basies drie koste-oorewegings is

wat van belang is vir die bestuur van 'n kelder. Die totale koste vir 'n gegewe produksie kan op twee maniere geminimeer word. Eerstens, deur te verseker dat die totale koste teen 'n stadiger tempo styg of teen 'n vinniger tempo daal as 'n gepaardgaande verandering in die fisiese opbrengs of hoeveelheid druiwe verwerk; en tweedens deur te verseker dat 'n afname in een of meer koste-items per eenheid groter sal wees as wat 'n gepaardgaande toename in die oorblywende eenheidskoste is.

Om die totale koste per eenheid te minimeer, is dit in die tweede plek nodig dat die bestuur die waarskynlike rol wat elke koste-item waaruit die totale koste saamgestel is speel, vasstel. Daarom is dit nodig om te let op die samestelling van die totale koste, aangesien die potensiële bydrae wat elke koste-item sal lewer om die totale koste per eenheid te verlaag, afhang van die mate waarmee die spesifieke koste-item verlaag word en die persentasie wat dit uitmaak van die totale koste - dus die relatiewe belangrikheid van dié koste-item.

Die laaste koste-oorweging behels die evaluering van veranderings in koste-items en die koste-samestelling oor tyd; dit wil sê wat die koers van verandering oor tyd is. Dit is veral belangrik, omdat sommige veranderings ter verhoging van die doeltreffendheid kort- en/of langtermyn kostevordele en -nadele mag meebring. Byvoorbeeld, 'n uitbreiding in vaste verbeterings, wat die persentasie vaste koste van die totaal vergroot, mag korttermyn kostevordele inhou, maar oor die langtermyn aansienlike voordele. Die veranderings in kostes en koste-samestelling oor tyd behels oorwegings soos die koers waarteen verwagte voordele gerealiseer sal word en of sulke voordele van 'n permanente, fluktuerende aard of 'n geleidelike verlies is. Die periode waarvoor die ondersoek strek is egter te kort om enige afleidings in hierdie verband te kan maak.

3.3.5 Ontleding van totale ontvangste

In Tabel 3.15 word 'n ontleding gemaak van die gemiddelde totale ontvangstes van die 43 kelders vir die drie oesjare.

Tabel 3.15: Ontleding van die gemiddelde totale ontvangste van 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes” en tien „laagstes” vir 1968/69

INKOMSTE-ITEM	Gemiddeld per kelder			Gemiddeld per kelder vir 1968/69	
	1966/67	1967/68	1968/69	Tien „hoogstes”	Tien „laagstes”
	Rand	Rand	Rand	Rand	Rand
1. Totale wyn verkope	368 442	440 942	479 109	741 110	254 483
2. Bonus vir stook- en rabatwyn	12 541	20 024	23 182	40 760	10 260
3. Doppe en wynsteensuur	760	681	1 092	3 341	194
4. Totale inkomste uit wyn	381 774	461 647	503 383	774 896	278 937
5. Diverse inkomstes*	1 335	805	763	1 935	216
6. Rente en dividende ontvang	1 818	2 649	2 806	8 762	478
7. Totale ander ontvangstes	3 153	3 454	3 569	9 892	827
8. Byvoordele aan huisvesting aan arbeid	1 102	1 120	1 132	2 082	558
9. Totale ontvangste	385 999	466 221	508 084	782 063	281 223
10. Totale ontvangste uit wyn per hektoliter wyn (Rand per hl.)	6,64	7,26	7,81	8,53	7,09
11. Totale ontvangste uit wyn per metrieketon druive (Rand per mt.)	52,83	55,80	62,28	68,41	56,32
12. Totale ontvangste per hektoliter wyn (Rand per hl.)	6,96	7,51	7,88	8,66	7,14

*Diverse inkomstes bestaan uit die volgende: Netto inkomste uit die verkope van brandstof, kommissie op boerderybenodigdhede, stoorgelde en enige ander inkomstes, wat ontvang is.

Die totale ontvangste van die 43 kelders het van 1966/67 tot 1968/69 toegeneem met ongeveer 32 persent van R16,60 miljoen tot R21,85 miljoen. Die totale ontvangste uit wyn verkope alleen het 94,30 persent uitgemaak van die totale ontvangste, terwyl bonusse van die K.W.V. op stook- en rabatwyn en inkomstes uit doppe en wynsteensuur 4,78 persent uitgemaak het van die totaal. Hieruit blyk dit duidelik dat wynkelders hulle hoofsaaklik beperk tot aktiwiteite wat die wynbedryf raak. Die verskaffing van boerderybenodigdhede aan lede vind op 'n uiters beperkte skaal plaas. Kelderbestuurders voorsien dat die bestaande aktiwiteite van kelders nie noemenswaardig uitgebrei sal word nie. Verder word ook voorsien dat die aktiwiteite van kelders na ander bronne van inkomstes, soos byvoorbeeld die gebruik van stoor- en verkoelingsgeriewe vir ander bederfbare produkte in die afseisoen, nie uitgebrei sal word nie.

Die totale ontvangste uit wyn was gemiddeld R7,81 per hektoliter, terwyl dit vir die tien „hoogstes” en tien „laagstes” onderskeidelik R8,53 en R7,09 per hektoliter beloop het. Die belangrikste faktor wat verantwoordelik was vir die verskil tussen die totale ontvangste per eenheid van die kelders was die persentasie goeiewyn wat geproduseer is. Opsommend kan dus gestel word dat die wenslikheid van veranderings om die globale doeltreffendheid te verhoog, dus nie geëvalueer kan word met koste- en inkomste-oorwegings nie, aangesien doeltreffendheidsaanpassings 'n effek het op alle aspekte van 'n kelder se aktiwiteite, soos fisiese produksie, verkope en finansiering. Finansiële oorwegings moet dus beskou word as gedeeltelike riglyne vir veranderings ter verhoging van die globale doeltreffendheid van 'n kelder en is dus supplementêr tot tegniese-, departementele en finansieringsaspekte en moet as sodanig behandel word.

3.3.6 Diverse tegniese doeltreffendheid (D)

Daar bestaan heelwat tegniese en natuurlike faktore wat op 'n direkte en/of indirekte wyse 'n invloed mag uitoefen op die finansiële, bate- en finansieringstruktuur van kelders. So kan die ouderdom van die kelder, byvoorbeeld, tegniese beperkings in die vorm van onbevredigende fasiliteite aan die bestuur bied, wat die verwerkingsdoeltreffendheid mag verlaag en so doende kostes verhoog. Dit mag ook wees dat 'n kelder weens sy geografiese gebondenheid min geleentheid het op moontlike groter druiwe ontvangste, wat weens die kapitaal-intensiwiteit van die kelderbedryf, die persentasie vaste

bates verhoog om sodoende die omsetsnelheid van totale bates te verlaag.

In Tabel 3.16 word 'n reeks tegniese doeltreffendheidsverhoudings ontleed met betrekking tot die benutting van stoorruimte en verskillende verwerkingsaspekte.

3.3.6.1 Benutting van stoorruimte

Die benutting van die beskikbare totale stoorruimte is verdeel in drie aktiwiteite. Eerstens die opvang en uitgis van doppe na die skeiding- en afsakproses, tweedens die benutting van stoorruimte by die gis en stoor van goeiewyn en laastens die benutting van die stoorruimte by die gis en stoor van stookwyn. Daar is gepoog om die stoorruimte wat hoofsaaklik vir 'n sekere doel gebruik word in verband te bring met die spesifieke uitset. Byvoorbeeld, die stoorruimte wat hoofsaaklik gebruik word vir doppe en afsak kan as die inset beskou word, terwyl die geassosieerde uitset of doel waarvoor dit gebruik word, die totale hoeveelheid druiwe wat verwerk word, verteenwoordig. Die hoeveelheid doppe vir verwerking en mos wat afgesak moet word, behoort direk gekorreleerd te wees met die hoeveelheid druiwe wat ontvang word. Dieselfde geld vir goeiewyn en stookwyn. Hierdie verhoudings stem ooreen met die algemene maatstaf van tegniese doeltreffendheid, naamlik die hoeveelheid van 'n inset (stoorruimte) wat benodig word per eenheid opbrengs of uitset (metrieketon druiwe ontvang of hoeveelheid goeie- of stookwyn geproduseer).

Gemiddeld het die 43 kelders 1,28 hektoliters stoorruimte gebruik vir doppe en afsak per metrieketon druiwe wat ontvang is vir verwerking. Dié verhouding sal nie alleen tussen kelders verskil nie („hoogstes" en „laagstes" se gemiddeld is 1,85 en 0,80 hektoliters onderskeidelik), maar ook vir dieselfde kelder oor die loop van die parseisoen. Die rede hiervoor is dat die tempo waarteen druiwe ontvang word in die begin van die parseisoen geleidelik styg tot 'n piek en daarna weer begin daal. Soos wat die piekperiode bereik word en die beskikbare stoorruimte benut word, mag knelpunte ontstaan. Kelders moet dus voorsiening maak vir voldoende stoorruimte vir doppe en afsak van mos vir die piekperiode van druiwe ontvangste. Dit beteken dus dat daar 'n onderbenutting van stoorruimte in hierdie departement sal wees in die begin van die parseisoen.

Kelders het gemiddeld 10,87 hektoliter stoorruimte gebruik per hektoliter

Tabel 3.16: Diverse tegniese doeltreffendheidsverhoudings van 43 kelders vir 1966/67 tot 1968/69 en vir die tien „hoogstes" en tien „laagstes" vir 1968/69

VERHOUDING	Eenheid	Geweegde gemiddelde vir 43 kelders			Geweegde gemiddelde vir 1968/69	
		1966/67	1967/68	1968/69	Tien „hoogstes"	Tien „laagstes"
<u>Benutting van stoorruimte</u>						
1. hl. stoorruimte gebruik vir doppe en afsak per totale mt. druiwe ontvang	hl.	1,27	1,24	1,28	1,85	0,80
2. hl. stoorruimte gebruik vir gisting en stoor van goeiewyn per hl. goeiewyn geproduseer	hl.	1,74	1,40	1,32	1,46	0,78
3. hl. stoorruimte gebruik vir gisting en stoor van stookwyn per hl. stookwyn geproduseer	hl.	4,15	4,13	4,41	7,00	2,33
<u>Verwerkingsdoeltreffendheid</u>						
4. Totale mt. druiwe gebruik per 100 hl. wyn geproduseer	mt.	12,58	12,44	12,54	13,00	12,23
5. Totale hl. goeiewyn geproduseer per mt. druiwe ontvang as goeiewyndruiwe	hl.	7,94	8,02	7,92	8,05	7,52
6. Totale hl. stookwyn geproduseer per mt. druiwe ontvang as stookwyndruiwe	hl.	7,90	8,08	7,96	8,28	7,67
7. m ² vloerspasie per mt. druiwe per dag verwerk	m ²	14,01	13,60	13,60	20,78	2,27
<u>Ander</u>						
8. k Joule-dae verkoelingskapasiteit per hl. wyn geproduseer	kilo Joule-dae	65,157	68,443	70,687	119,595	50,837
9. Persentasie goeiewyn van totale wynproduksie	%	42,57	48,23	53,04	68,08	36,74
10. Persentasie volkswyn van totale wynproduksie	%	5,00	4,57	4,69	18,89	1,58
11. Persentasie stookwyn van totale produksie	%	38,52	37,21	34,18	50,62	23,62
12. Persentasie rabatwyn van totale produksie	%	13,91	9,99	8,09	22,25	3,43
13. Persentasie van die totale kwota van lede ontvang	%	47,13	53,11	53,99	72,21	37,91

goeiewyn wat geproduseer is en 4,41 hektoliters stoorruimte per hektoliter stookwyn. Die groot verskil tussen die stoorruimte benutting van goeie- en stookwyn, is as gevolg van die feit dat goeiewyn normaalweg heelwat langer opgeberg word as stookwyn en verdere behandelings moet ondergaan, voordat dit verkoop word.

3.3.6.2 Verwerkingsdoeltreffendheid

Die verhouding van die hoeveelheid druiwe wat gebruik is om 100 hektoliters wyn te vervaardig, verskaf 'n globale tegniese maatstaf van hoe doeltreffend die totale druiwe verwerk is na wyn. Gemiddeld het die 43 kelders 12,54 metrieketon druiwe gebruik om 100 hektoliters wyn te vervaardig. Dit is opmerklik dat daar nie 'n groot verskil voorkom tussen die gemiddeld vir die 43 kelders en die tien „hoogstes" en tien „laagstes" nie. 'n Aansienlike verskil kom egter wel voor tussen individuele kelders, hoofsaaklik vanweë natuurlike faktore soos klimaat en grondverskille.

Saam met bogenoemde verhouding gaan ook die hoeveelheid van 'n wynsoort (goeie- en stookwyn) wat per eenheid druiwe verwerk is. Normaalweg word druiwe by aflewering aan kelders gegradeer deur die bestuur volgens cultivars en kwaliteit vir die vervaardiging van sekere tipes wyne. Hierdie gradering wat plaasvind word gedoen hoofsaaklik om druiwe-ontvangstes van mekaar te skei met die oog op gehalte en tipe wyn wat vervaardig kan word ; tweedens om 'n premie aan lede te kan uitbetaal vir gehalte en op sekere cultivars, om die aanplanting van sekere soorte druiwe aan te moedig met die oog op verandering in die vraag na verskillende wynsoorte en/of die afplatting van die seisoenspiek. Gemiddeld het die 43 kelders 7,92 hektoliters goeiewyn geproduseer vir elke metrieketon druiwe wat as goeiewyndruiwe gegradeer is. Die tien „hoogste" en tien „laagstes" het gemiddeld onderskeidelik 8,05 en 7,52 hektoliters geproduseer per metrieketon druiwe ontvang vir goeiewyn. Uit die aard van die wynmaakproses, sal daar altyd 'n sekere persentasie van hierdie goeiewyndruiwe se mos wees waarvan stookwyn vervaardig moet word. Die persentasie sal wissel na gelang van die tipe toerusting wat gebruik word, byvoorbeeld die tipe skeier gebruik, die tegniek wat gevolg word en die tipe en gehalte van die druiwe ontvang. Die persentasie behoort egter so klein as moontlik gehou te word.

Die 43 kelders het gemiddeld 7,96 hektoliters stookwyn vervaardig per metrieketon druiwe ontvang, wat gegradeer is as stookwyndruiwe. Hierby moet

ingedagte gehou word die hoeveelheid mos wat normaalweg ook van die goeiewyn-druive verkry word.

Die benutting van die beskikbare vloeroppervlakte, mag 'n aanduiding verskaf van die doeltreffendheid waarmee geboue benut word. Gemiddeld het 43 kelders 13,60 vierkante meters gebruik (inset) per metrieketon druive wat per dag verwerk (uitset) is. Dié verhouding moet vir die gegewe omstandighede so klein as moontlik gehou word. Daar kom 'n aansienlike verskil voor tussen die tien „hoogste” en tien „laagste” kelders. Die ontwerp en tegniese uitleg van geboue en die verwerkingskapasiteit van kelders mag hierdie verhouding beïnvloed.

3.3.6.3 Ander tegniese doeltreffendheidsverhoudings

'n Groot variasie kom tussen kelders voor by die benutting van die totale verkoelingskapasiteit. Indien gelet word op die groot verskil wat daar voorkom in die doeltreffendheid waarmee die verkoelingskapasiteit benut word by die tien „hoogste” en tien „laagste” kelders, dan is dit duidelik dat by hierdie aspek 'n onderbenutting moontlik voorkom. Gemiddeld het die 43 kelders 70,687 kilo Joule-dae per hektoliter wyn gebruik. Indien die werklike benutting van die verkoelingskapasiteit bepaal wou word, moes die presiese aantal dae vasgestel word wat die verkoelingstelsel gebruik is. Dit was egter nie moontlik nie, aangesien gegewens nie beskikbaar was nie. Die gemiddelde lengte van die parseisoen was 39,81 dae, wat beteken dat die totale verkoelingskapasiteit in die parseisoen vir 43 kelders $3,95 \times 10^8$ kilo Joule-dae beloop het. Indien veronderstel word dat die kelders in die ondersoek hulle verkoelingsstelsel vir 230 dae sou kon gebruik, beteken dit dat die totale verkoelingskapasiteit per oesjaar slegs teen ongeveer 17 persent benut word. Hierdie syfer sal natuurlik grootliks afhang van die lengte van die parseisoen, die wynmaaktegniek wat gevolg word, die hoeveelheid goeiewyn wat geproduseer word, die tydperk waarin wyne koelopgeberg word en die gemiddelde temperatuur wat in 'n gebied voorkom.

Aangesien minimum pryse vir goeiewyn geld, is dit logies dat die bestuur van kelders daarna sal streef om die maksimum hoeveelheid kwaliteitswyne te vervaardig uit die druive wat ontvang is, gegewe die prys wat daarvoor ontvang kan word en die koste om dit te vervaardig. Gemiddeld het die 43 kelders 53,04 persent goeiewyn, 4,69 persent volkswyn, 34,18 persent stookwyn en 8,09 persent rabatwyn vervaardig. Met die minimum prys wat geld vir goeiewyn en

premies wat op rabattyn deur die K.W.V. betaal word, behoort 'n kelder die minimum hoeveelheid stookwyn te vervaardig. Die persentasie stookwyn wat geproduseer word, sal natuurlik afhang van faktore soos die tipe en gehalte druiwe ontvang, die wynmaaktechniek wat gevolg word, die tipe toerusting wat gebruik word en die afstand van die mark vir goeiewyn.

Weens die kwotastelsel wat vir lede geld as produksie beperkingsmaat-reël, is dit interessant om te let op die persentasie wat kelders gemiddeld ontvang van die totale toegekende kwota's van lede. Dit verskaf 'n aandui-ding van wat die produkssie-omvang van 'n kelder kon wees, indien die totale kwota wel gelewer sou word. Die 43 kelders het gemiddeld in die drie oesjare 1966/67, 1967/69 en 1968/69 onderskeidelik 47,53 en 54 persent van lede se totale kwota's ontvang. Dit beteken dat 'n aansienlike uitbreiding in die produksie-omvang van kelders kan plaasvind indien lede wel hulle volle kwota lewer. Of lede wel hulle volle kwota sal lewer is te betwyfel, aangesien 'n lid in 'n „goeie" jaar maklik meer as sy kwota kan lewer. So 'n lid sou dan op dié gedeelte van die oes wat meer is as die kwota geen vergoeding ontvang nie. Hierdie bedrag wat die lid moes ontvang, word egter vir twee jaar vir hom in reserwe gehou. Indien so 'n lid in die twee opeenvolgende jare min-der as sy kwota sou lewer, dan word hy uit dié reserwe vergoed, asof hy sy volle kwota gelewer het. As die lid na twee jaar net sy kwota lewer, word die bedrag op reserwe na twee jaar deur die K.W.V. gekonfiskeer. Hieruit blyk dit dat lede, afhangend van die gebied waarin hulle boer, die boerdery-praktyke wat gevolg word en moontlike alternatiewe gebruik vir die oorskot (rosyne te vervaardig), 'n buffer sal laat, om voorsiening te maak vir 'n „goeie" jaar se hoër produksie.

HOOFSTUK IV

BEDRYFSVERGELYKENDE STATISTIEK BY GROEPE WYNKELDERS

Basies bestaan daar twee tipes vergelykings wat 'n kelder kan tref. Eerstens kan hy sy prestasiesyfers vergelyk met sy eie maatstawwe (indien dit bestaan) wat deur homself deur ondervinding op grond van historiese gegewens opgestel is. Dit verskaf egter nie noodwendig aan hom die oorsaak vir 'n gunstige of ongunstige syfer nie, aangesien nie bekend is hoe ander kelders onder soortgelyke omstandighede presteer het nie. Tweedens kan die kelder sy verhoudingsyfer vergelyk met dié van ander kelders. As maatstaf kan geneem word die gemiddelde prestasiesyfers van al die kelders soos in Hoofstuk III bespreek is en/of die gemiddelde van soortgelyke groepe kelders.

Die volgende prosedure kan gevolg word by die beoordeling van 'n kelder se doeltreffendheidsverhoudings. Indien die surplus tot totale bates van 'n kelder byvoorbeeld laer is as die gemiddelde van die 43 kelders, kan die oorsaak daarvan soos volg opgespoor word: Eerstens kan die surplus per R100 totale bates swak vergelyk met die gemiddelde vir 43 kelders, weens die feit dat daar faktore mag wees wat die verhouding ongunstig laat vergelyk, byvoorbeeld, indien klimaat en geografiese ligging 'n rol gespeel het, kan die kelder sy surplus per R100 totale bates vergelyk met die gemiddelde van kelders wat in dieselfde gebied geleë is. So word die effek van natuurlike faktore tot 'n mate uitgeskakel. Indien die kelder se surplus per R100 totale bates gunstig vergelyk met die gemiddelde van die streek waarin dit geleë is, mag die oorsaak van die lae surplus per R100 totale bates weens ander faktore wees, by voorbeeld 'n klein produksie-omvang. Die kelder vergelyk daarna sy surplus per R100 totale bates met die gemiddelde van kelders, wat dieselfde produksie-omvang as hy het. Indien die surplus per R100 totale bates nou ongunstig vergelyk, word die oorsaak daarvan gesoek in die verklarende verhoudings, volgens Diagram 2.1 en 2.2. Die relatief swak verhouding mag die gevolg wees van 'n lae omsetsnelheid van totale bates, of 'n lae verhouding van surplus per R100 totale ontvangste. Hierdie twee globale verhoudings verskaf deur die verhoudings wat uit hulle spruit, die twee basisse waarop die ontleding verder berus, naamlik die balansstaatontledings en finansiële doeltreffendheid. Indien die oorsaak van 'n relatief laer surplus per R100 totale ontvangste geleë is by die omsetsnelheid, kan die oorsaak tweërlei van aard

wees; of 'n klein totale ontvangste en/of 'n groot totale bate. Deur die batestruktuur en die finansiering in hulle verskillende aspekte te ondersoek, mag die oorsaak moontlik opgespoor word. Dit mag nodig wees om die ontleding verder te voer tot op die tegniese doeltreffendheid- en departementele vlak. Die oorsaak van 'n relatief ongunstige surplus per R100 totale bates, mag ook geleë wees in 'n lae surplus per R100 totale ontvangste, wat weer twee aspekte na vore bring, naamlik, koste- en inkomste-oorwegings. Koste kan hoog wees en/of ontvangstes laag. Deur die verskillende koste-items te ondersoek in verhouding tot totale ontvangste, totale koste en totale produksie, mag die leemtes moontlik blootgelê word met betrekking tot watter koste-items relatief te hoog is. Die totale ontvangste mag ook moontlik laag wees as gevolg van faktore soos, byvoorbeeld, 'n klein produksie-omvang, swak gehalte druiwe ontvang of lae persentasie goeiewyn. Die ontleding van kostes kan net soos in die geval van balansstaat-ontledings verder gevoer word na die tegniese doeltreffendheid- en departementele vlak.

4.1 Globale doeltreffendheidsverhoudings van groepe kelders, volgens faktore wat resultate mag beïnvloed

Daar sal verskille voorkom in die globale doeltreffendheidsverhoudings tussen groepe kelders, basies om die volgende redes: Eerstens weens die natuurlike en fisiese faktore wat ontvangstes, koste en finansiering beïnvloed, soos die geografiese gebied waarin dit geleë is en die tipe, gehalte en hoeveelheid druiwe wat verwerk moet word. Tweedens is daar die ekonomiese faktore wat ontvangstes, koste en finansiering beïnvloed, soos byvoorbeeld die relatiewe pryse van produksiefaktore en gemiddelde pryse van wyn wat verkoop is. Dit is hierdie variasies wat voorkom in die verhoudings wat 'n aanduiding verskaf van wat die invloed was van verskillende faktore op die prestasies van groepe kelders en dus as vergelyking kan dien vir individuele kelders.

Om die effek van 'n reeks faktore op die resultate van kelders te ontled, word die volgende faktore bespreek: (Sien Tabel 1.4.).

- (i) Geografiese ligging en die persentasie van lede se totale kwota ontvang.
- (ii) Produksie-omvang.
- (iii) Persentasie goeiewyn geproduseer.

(iv) Ander faktore

- (a) Ouderdom van kelders
- (b) Druive ontvangste per dag
- (c) Persentuele benutting van totale kapasiteit.

Die verhoudingsyfers vir groepe kelders het net betrekking op die 1968/69 oesjaar. By die verklaring van verskille tussen groepe kelders se globale doeltreffendheidsverhoudings, sal verwys word na die Tabele in Aanhangel A tot E.

4.1.1 Geografiese ligging en persentasie van lede se totale kwota ontvang

Die volgende verkorte benamings sal gebruik word vir die kelders in die verskillende streke:

<u>STREEK</u>	<u>BENAMING</u>
1	Stellenbosch-Paarl
2	Malmesbury-Lutzville
3	Tulbagh-Rawsonville
4	Worcester
5	Robertson

Vir 'n duideliker omskrywing van die verskillende streke, sien 1.6.1. Weens die geografiese gebondenheid van kelders kan verwag word dat, weens die groot rol wat klimaat en grond-tipes speel, die verhoudingsyfers tussen streke sal verskil. Volgens Tabel 4.1 blyk dit wel die geval te wees.

Tabel 4.1: Globale doeltreffendheidsverhoudings vir groepe kelders, volgens geografiese ligging vir 1968/69

VERHOUDING (A)	Eenheid	Geweege gemiddelde verhoudings vir verskillende streke vir 1968/69				
		Streke				
		Stellenbosch-Paarl	Malmesbury-Lutzville	Tulbagh-Rawsonville	Worcester	Robertson
1. Surplus na rente per mt. druiwe verwerk teen 20 grade Balling	Rand	50,92	49,01	50,86	53,93	49,65
2. Surplus na rente as persentasie van totale ledebelang	%	134,62	143,80	149,84	238,08	199,16
3. Totale ledebelang as persentasie van totale finansiering	%	51,83	51,40	42,52	30,24	55,03
4. Surplus as persentasie van totale bates	%	73,97	77,93	66,57	74,49	114,59
5. Surplus as persentasie van totale ontvangste	%	86,21	84,52	88,76	89,53	88,35
6. Totale ontvangste gedeel deur totale bates	keer per jaar	0,858	0,922	0,750	0,832	1,297

Gemiddeld het kelders in die Worcester-gebied die grootste surplus na rente bereken per metrieketon druiwe teen 20 grade Balling getoon. Volgens Tabel A.9 kan dit hoofsaaklik wees as gevolg van 'n lae totale koste per metrieketon, naamlik, R6,50 teenoor gemiddeld R10,16 per metrieketon vir kelders in Malmesbury-Lutzville-gebied. Die surplus per eenheid vir kelders in Worcester is die hoogste, nieteenstaande dit die tweede laagste totale ontvangste het. (Sien Tabel A.7).

Kelders in Worcester het ook die hoogste surplus na rente per R100 totale ledebelang gehad, in vergelyking met dié van die ander streke en vergelyk goed met die tien „hoogstes" (237,29 persent).

Dit is opmerklik dat kelders in Worcester die laagste verhouding van eie tot totale finansiering (30,24 persent) getoon het, wat vergelyk met die gemiddeld vir die kelders met die tien „laagste" verhoudings. Die kelders in Tulbagh-Rawsonville toon 'n relatief lae surplus per R100 totale bates. Alhoewel die surplus per R100 totale ontvangste nie veel verskil tussen kelders in Tulbagh-Rawsonville en Robertson nie, onderskeidelik R88,76 en R88,35, blyk dit dat die lae verhouding van surplus tot totale bates vir kelders in Tulbagh-Rawsonville toe te skryf was aan 'n lae omloopsnelheid van totale bates. Die relatief lae omloopsnelheid van totale bates vir kelders in Tulbagh-Rawsonville kan toegeskryf word aan 'n relatief klein hoeveelheid wyn wat vervaardig word per R100 totale bates. Kelders in Tulbagh-Rawsonville het ook volgens Tabel A.1 oor die algemeen minder wyn geproduseer per eenheid stoorruimte beskikbaar. Wat verwerking betref, het kelders in Tulbagh-Rawsonville die laagste totale hoeveelheid druive verwerk per R100 totale bates. Verder verwerk hierdie kelders ook slegs 5,94 metrieketon druive per dag per R100 vaste bates in ontvangste tot gisting en dopverwerking, teenoor 6,76 metrieketon per dag per R100 vaste bates van kelders in Worcester (Tabel A).

Dit is logies dat hoe groter die persentasie vaste bates word, hoe stadiger raak die omsetsnelheid van totale bates. In die geval van die kelders in Robertson, wat nieteenstaande 'n persentasie van 78 persent vaste bates die vinnigste omsetsnelheid van totale bates toon. Dit kan toegeskryf word aan die hoë totale ontvangste per R100 totale bates, aangesien hierdie streek relatief meer stookwyn produseer waar nie sulke duur en gesofistikeerde toerusting benodig word nie. Dit word gestaaf indien gelet word op die relatief klein gemiddelde persentasie voorrade (11 persent) van kelders in Robertson en die kort omlooptyd van voorrade (31 dae teenoor die geweegde gemiddeld van 97 dae).

In vergelyking met die geweegde gemiddeld vir die 43 kelders het die kelders in Tulbagh-Rawsonville volgens Tabel A.2, 'n groter persentasie van hulle totale vaste bates in masjiene en toerusting in ontvangste tot skeiding en dopverwerking gehad. Hierdie kelders het ook die grootste bedrag per metrieketon belê in ontvangste tot skeiding in vergelyking met die gemiddeld vir die 43 kelders (R2,72 per metrieketon).

Dit is verder van belang om daarop te let dat kelders in Tulbagh-Rawsonville en Worcester se omlooptyd vir vlottende bates heelwat langer was as die gemiddeld vir die ander streke. Dit kan volgens Tabel A.3 grotendeels toegeskryf word aan 'n langer tyd wat fondse in voorraad opgesluit lê. Kelders in hierdie gebiede is eerstens verder van die mark geleë en produseer oor die algemeen 'n groter hoeveelheid goeiewyne wat langer moet verouder.

Kelders in Tulbagh-Rawsonville het nie net die hoogste aandeelkapitaal per lid van al die streke nie, maar het ook die grootste totale ledebelang per metrieketon-kwota, weens 'n groot persentasie van lede se totale kwota's wat ontvang word (Tabel A.11). Wat opmerklik is, is dat hierdie groep kelders ook gemiddeld R11 019 per lid vreemde finansiering gehad het, teenoor R5 216 per lid gemiddeld vir die 43 kelders en R3 337 per lid vir kelders in die Malmesbury-Lutzville-gebied.

Wat die korttermyn finansiering betref het kelders in Robertson die laagste likwiditeits- (75,63 persent) en „suurtoetsverhouding" (78,63 persent) getoon in vergelyking met kelders in Stellenbosch-Paarl en Malmesbury-Lutzville, wat onderskeidelik vir die twee ooreenstemmende verhoudings die hoogste was, naamlik 120,11, 130,43 persent vir die likwiditeitsverhouding en 248,14 en 263,66 persent vir die „suurtoetsverhouding". Kelders in Stellenbosch-Paarl en Malmesbury-Lutzville behoort dus hulle korttermyn finansiële verpligtinge na te kom.

Dit is baie duidelik uit Tabel A.5 en A.6 dat vir al die streke, kelders oor onvoldoende eie fondse beskik om hulle totale vaste bates te finansier, terwyl langtermyn finansiering die persentasie vaste bates met 'n geringe persentasie oorskry. By kelders in Robertson is die eie finansiering 55 persent van die totale finansiering en die persentasie vaste bates is 78 persent van die totale bates. Die aandeelkapitaal beloop ook slegs R625 per lid vir hierdie kelders, wat nagenoeg drie keer laer is as die gemiddeld vir die 43 kelders. Die Steenkamp-Kommissie insake koöperatiewe aangeleenthede (43, p.149.), beveel dan ook verskeie wysigings aan in die bestaande wetgewing vir koöperasies om die „wondplek" van koöperatiewe finansiering, naamlik 'n gebrek aan voldoende eie fondse te probeer oplos. Onder andere word aanbeveel dat „koöperasies wat oorwegend verwerkingskoöperasies is, 25 persent van sy wins voor enige aanwending in algemene reserwes moet stort, solank as wat die aandeelkapitaal plus reserwes nog nie 60 persent van sy totale finansiering oorskrei nie". Indien dit as maatstaf geneem word, is

dit duidelik dat wynkelders in die algemeen oor ontoereikende eie fondse beskik.

Kelders in Malmesbury-Lutzville het in vergelyking met ander streke die laagste surplus per R100 totale ontvangste getoon (R84,52). Dit kan verklaar word aan die hand van die hoë persentasie wat die totale koste uitmaak van totale ontvangste (15,50 persent), teenoor slegs R10,45 per R100 totale ontvangste vir kelders in Worcester en R12,82 gemiddeld vir die 43 kelders. (Sien ook Tabel A.7). Alhoewel kelders in Malmesbury-Lutzville se totale arbeidskoste as persentasie van totale koste die laagste was van al die streke, het die ander produksiekostes (veral krag en water koste en chemikalieë en spiritus) die grootste persentasie uitgemaak, naamlik 51,29 persent van totale koste sonder rente. Dit was egter nie veel hoër as die gemiddeld vir die 43 kelders nie (51,00 persent). Wat veral belangrik is by die kelders in Malmesbury-Lutzville, is die feit dat hulle ver van die mark geleë is. Dit word weerspieël in die feit dat hulle vervoerkoste aan wyn 8,73 persent uitmaak van die totale koste sonder rente, of R2,41 per 10 hektoliters stookwyn, teenoor slegs R0,71 en R0,60 per 10 hektoliters stookwyn vir kelders in Stellenbosch-Paarl en Robertson, wat naby K.W.V.-depots geleë is. Kelders wat ver van K.W.V.-depots geleë is en op groot skaal volkswyn verkoop by hulle eie depots, maak gebruik van hulle eie vragmotors om die wyn te vervoer, terwyl kelders wat min stookwyn produseer en naby K.W.V.-depots geleë is van gehuurde vervoer gebruik maak.

Variasies in die totale arbeidskoste per eenheid tussen kelders en groepe kelders is die gevolg van variasies in die gemiddelde vergoeding per man-uur en die doeltreffendheid waarmee arbeid met gegewe fisiese fasiliteite gebruik word. Faktore wat aanleiding kan gee tot verskille in die doeltreffendheid van arbeid is, byvoorbeeld, die kwaliteit van arbeid ten opsigte van geskooldheid, ondervinding, fisiese vermoë, die toepassing van 'n aansporingstelsel, loonaanpassings, uitleg van die kelder gebou en die mate van meganisering van prosesse. Al hierdie faktore kom tot uiting in twee verhoudings, naamlik die hoeveelheid arbeid (man-ure) benodig per eenheid opbrengs en die arbeidskoste per eenheid opbrengs.

Volgens Tabel A.9 vorm die totale arbeidskoste die grootste persentasie van die totale koste by kelders in Stellenbosch-Paarl en in Robertson, naamlik, 30,16 en 30,25 persent onderskeidelik. Die totale arbeidskoste vir die oesjaar was gemiddeld vir kelders in Stellenbosch-Paarl R269,02 per 100

metrieketon verwerk, terwyl dit slegs R183,73 per 100 metrieketon was vir kelders in Worcester. Die rede vir hierdie relatief groter arbeidskoste per eenheid, is die feit dat kelders in Stellenbosch-Paarl oor die algemeen in 'n industriële- en intensiewe landbou-gebied geleë is waar arbeid relatief skaars is.

Aangesien kelders in Stellenbosch-Paarl 'n redelike kort parsseisoen het weens klimaatsfaktore, word hier 21 persent meer arbeid (man-ure) per eenheid verwerk gebruik in seisoen as voorbeeld vir kelders in Worcester, wat 'n langer seisoen het. Dit kan volgens Tabel A.10 grotendeels toegeskryf word aan meer arbeid wat by dopverwerking gebruik word.

Aangesien waardevermindering op 'n eenvormige wyse bereken is vir alle kelders, op die aangesuiwerde huidige waarde van vaste bates, behoort die waardevermindering per eenheid vergelykbaar te wees tussen kelders. Die hoogste waardevermindering per eenheid het voorgekom by kelders in Stellenbosch-Paarl, wat hoofsaaklik goeiewyn produseer en in 'n geïndustrialiseerde gebied geleë is met 'n relatief hoër huidige waarde vir grond en geboue. Met die relatief groot persentasie van die vaste bates wat by stoor en verkope gelokaliseer is, is dit noodsaaklik dat stoorruimte so doeltreffend moontlik benut word. Kelders in Tulbagh-Rawsonville gebruik meer stoorruimte vir doppe en afsak (1,68 hektoliters per metrieketon druiwe ontvang) as die ander streke, terwyl kelders in Stellenbosch-Paarl, wat oorwegend goeiewyn produseer weer relatief min stoorruimte gebruik vir doppe en afsak, maar ook die meeste vir stookwyn opberging (4,76 hektoliters per hektoliter stookwyn geproduseer). Streke waar oorwegend stookwyn geproduseer word, maak ook doeltreffender gebruik van hulle stoorruimte vir stookwyn.

Kelders in Stellenbosch-Paarl het meer druiwe gebruik om 100 hektoliters wyn te vervaardig. Dit kan verklaar word weens die meer kwaliteitwyne en veral rooiwyn wat in hierdie gebied geproduseer word. Die druiwe wat benodig word vir hierdie tipe wyne het normaalweg minder mos per eenheid druiwe.

In vergelyking met ander groepe kelders en die gemiddelde vir 43 kelders, maak kelders in Stellenbosch-Paarl relatief meer gebruik van verkoeling (108,891 kilo Joule-dae per hektoliter wyn). Kelders in Worcester gebruik 51,051 kilo Joule-dae per hektoliter wyn, wat 38 persent minder is as die gemiddeld vir die 43 kelders. Indien daarop gelet word dat kelders in Tulbagh-Rawsonville en Worcester min of meer dieselfde persentasie goeiewyn

produseer (Tabel A.11), dan kan afgelei word dat kelders in Tulbagh-Rawsonville, wat 69,663 kilo Joule-dae gebruik per hektoliter wyn, verkoelingsgeriewe moontlik onvollediger benut.

Indien volkswyn ook beskou word as goeiewyn dan het kelders in Stellenbosch-Paarl die hoogste persentasie goeiewyn geproduseer en kelders in Robertson gemiddeld die laagste persentasie, in vergelyking met die tien „hoogstes”. Kelders in Malmesbury-Lutzville het gemiddeld 7,83 persent van hulle totale wynproduksie verkoop as volkswyn by depots aan boere wat nie normaalweg druiweprodusente is nie, maar wyn aankoop vir hulle plaasarbeiders. Kelders in Robertson het 20,33 persent rabatwyn vervaardig, wat beteken dat, alhoewel hulle relatief min goeie wyn geproduseer het, hulle totale ontvangste per hektoliter wyn (R7,19) hoër is as wat dit sou wees indien hulle net stookwyn geproduseer het en nie ook rabatwyn nie. Die rede hiervoor is dat rabatwyn 'n hoër kwaliteit stookwyn is, waarop 'n premie per hektoliter deur die K.W.V. (27,p.14.) betaal word.

Vir toekomstige uitbreiding behoort dit vir die bestuur van kelders belangrik te wees om te weet hoeveel druiwe in die toekoms verwag kan word van lede. Dit blyk uit Tabel 3.16, dat lede gemiddeld 54 persent van hulle toegekende produksie-kwotas aan kelders lewer vir verwerking. Daar bestaan dus 'n groot potensiaal vir verhoogde tegniese- sowel as finansiële doeltreffendheid in die kelderbedryf. Uit Tabel 4.2 blyk dit deurgaans die geval te wees dat kelders met 'n relatief groter persentasie kwota-ontvangste oor die algemeen beter presteer het as dié met 'n laer persentasie kwota-ontvangste.

Tabel 4.2: Globale doeltreffendheidsverhoudings vir groepe kelders, volgens die persentasie van lede se totale kwota wat ontvang is, vir 1968/69

VERHOUDING (A)	Eenheid	Gewegde gemiddelde verhoudings vir verskillende groepe vir 1968/69		
		Persentasie van kwota van lede ontvang (persent)		
		minder as 45	46 tot 64	65 en meer
1. Surplus na rente per mt. driuwe verwerk teen 20 grade Balling	Rand	48,43	51,34	51,39
2. Surplus na rente as persentasie van totale ledebelang	%	126,87	172,91	169,49
3. Totale ledebelang as persentasie van totale finansiering	%	51,77	44,26	45,32
4. Surplus as persentasie van totale bates	%	70,05	80,21	79,69
5. Surplus as persentasie van totale ontvangste	%	85,42	87,00	89,34
6. Totale ontvangste gedeel deur totale bates	keer per jaar	0,820	0,922	0,892

Die persentasie driuwe-ontvangste het 'n belangrike effek op die finansiering van kelders, soos dit blyk uit Tabel B.1. Eie finansiering maak 'n relatief klein persentasie uit van die totale finansiering by kelders met 'n lae persentasie driuwe ontvangste, aangesien aandele op 'n deelname grondslag uitgereik word. Dit is betekenisvol om daarop te let dat kelders, wat die grootste persentasie van lede se totale toegekende kwota ontvang, die hoogste lede-belang per 100 metrieketon-kwota (R2 204) en ook die hoogste vreemde kapitaal per lid (R11 394) gehad het. Daar is dus 'n moontlikheid dat die solvabiliteit in gevaar gestel kan word, weens die groot persentasie wat vreemde finansiering uitmaak van die totale finansiering en die groot vreemde finansiering per lid.

As gevolg van 'n lae persentasie van lede se totale kwota mag kelders, wat minder as 45 persent van kwota's ontvang ook hulle vaste bates onvoldoender benut (Sien 3.3.5.3.) as kelders in ander groepe.

4.1.2 Persentasie goeiewyn geproduseer

Die persentasie goeiewyn wat geproduseer word in 'n gebied, word deels bepaal deur die klimaat en grondtipes wat in daardie gebied voor kom, die voorkoms van siektes en die potensiële afset vir goeiewyn en volkswyn en deels deur die gesofistikeerdheid van die toerusting gebruik en wynmaaktenieke wat toegepas word. Volgens Tabel 1.4 blyk dit dat daar 'n toenemende neiging na meer goeiewyn produksie was, wat hoofsaaklik toe te skryf was aan die gebruik van meer duursame en gesofistikeerde toerusting en moontlik ook die verskil tussen goeiewyn- en stookwyn se vasgestelde pryse. Die produksie van goeiewyndruiwe het van 1966/67 tot 1968/69 toegeneem met 43 persent, terwyl druiwe vir stookwyn slegs gestyg het met drie persent. In Tabel 4.3 word die invloed van die persentasie goeiewyn wat geproduseer is, op die globale doeltreffendheidsverhoudings, aangetoon. By die bespreking van verhoudingsyfers sal die volgende verkorte benamings gebruik word: Kelders wat minder as 55 persent goeiewyn produseer, sal na verwys word as „oorwegend stookwyn“. Kelders wat 66 persent en meer goeiewyn produseer, sal na verwys word as „oorwegend goeiewyn“. Die kelders wat in die groep 56 tot 65 persent val, sal na verwys word as kelders met 'n „gemiddelde persentasie goeiewyn“.

Tabel 4.3: Globale doeltreffendheidsverhoudings vir groepe kelders, volgens die persentasie goeiewyn geproduseer vir 1968/69

VERHOUDING (A)	Eenheid	Geweege gemiddelde verhoudings vir verskillende groepe vir 1968/69		
		Persentasie goeiewyn geproduseer (persent)		
		Minder as 55	56 tot 65	66 en meer
1. Surplus na rente per mt. druiwe verwerk teen 20 grade Balling	Rand	50,50	51,18	55,02
2. Surplus na rente as persentasie van totale ledebelang	%	170,43	178,78	126,73
3. Totale ledebelang as persentasie van totale finansiering	%	47,55	42,77	48,98
4. Surplus as persentasie van totale bates	%	84,63	79,95	66,03
5. Surplus as persentasie van totale ontvangste	%	87,25	88,64	85,42
6. Totale ontvangste gedeel deur totale bates	Keer per jaar	0,970	0,902	0,773

Oorwegend goeiewyn kelders het die grootste surplus na rente per metrieketon teen 20 grade Balling getoon, maar terselfdertyd die laagste surplus na rente per R100 ledebelang in vergelyking met die ander groepe.

Van die lede van 'n kelder se standpunt gesien is daar dus, indien die surplus na rente per eenheid verwerk geneem word as maatstaf van sukses, 'n voordeel aan verbonde as die maksimum hoeveelheid goeiewyn vervaardig word. Alhoewel dit gemiddeld vir die 43 kelders geld, blyk dit nie die geval te wees vir individuele kelders nie. Tien kelders het 'n goeiewyn persentasie van hoër as 70 persent gehad en vier van die tien kelders se persentasie goeiewyn het gewissel van 75,9 tot 82,8 persent. Volkswyn is hier ook as goeiewyn gereken, aangesien dit gewoonlik aan lede en boere in die omgewing by depots van kelders teen die minimum goeiewynprys verkoop word. Hierdie vier kelders word kortliks in Tabel 4.4 ontleed om aan te toon wat die finansiële resultate is van kelders met 'n hoë persentasie goeiewyn.

Tabel 4.4: Die finansiële resultate van die vier kelders met die hoogste persentasie goeiewyn, 1968/69

ITEM	Eenheid	Kelder			
		A	B	C	D
Persentasie goeiewyn	%	75,9	76,0	77,7	82,8
Totale ontvangste	Rand per mt.	58,71	72,54	70,89	78,81
Totale koste	Rand per mt.	10,52	20,15	7,97	18,32
Surplus	Rand per mt.	48,19	52,39	62,92	60,49

Slegs een kelder van die 43 wat ondersoek is, het 'n groter surplus per metrieketon getoon as R62,92. Hierdie kelder se gemiddelde totale ontvangste en gemiddelde totale koste het onderskeidelik R84,89 en R11,76 beloop met 'n goeiewyn persentasie van 75,9 persent. Volgens Tabel 4.4 het Kelder A nie-teenstaande sy hoë persentasie goeiewyn, nogtans die laagste surplus per metrieketon getoon, weens die relatief hoë kostestruktuur en klein produksie-omvang van 23 700 hektoliters. Kelder C wat 'n groter persentasie goeiewyn geproduseer het as kelder A se totale gemiddelde koste was 32 persent laer as dié van kelder A. Dit blyk dus duidelik dat 'n hoë persentasie goeiewyn nie noodwendig 'n groot surplus per eenheid beteken nie en verder dat 'n groot persentasie goeiewyn wel geproduseer kan word teen 'n redelike lae totale koste per eenheid.

Dit is deurgaans die geval dat oorwegend stookwyn kelders, die grootste verhouding van surplus tot totale bates het. Die klaarblyklike verklaring vir die feit dat kelders met 'n goeiewynproduksie van meer as 66 persent oor die algemeen swakker presteer het, is eerstens as gevolg van 'n stadige omsetsnelheid van totale bates van 0,773 keer per jaar. 'n Groot hoeveelheid kapitaal word belê in duursame en gesofistikeerde toerusting om meer goeiewyn te kan vervaardig. Waar stookwyn binne 'n kort tyd nadat dit geproduseer is van die kelder se perseel verwyder word, word goeiewyn uit die aard van die vervaardigingsproses en veroudering wat dit moet deurmaak, langer by die kelders opgeberg voordat dit afgehaal word. Uit Tabel C.3 blyk dit dat die omlooptyd van voorrade, wat hoofsaaklik uit goeiewyn bestaan, langer sal wees by oorwegend goeiewyn kelders, as wat dit sal wees by kelders wat relatief meer stookwyn produseer.

Verdere faktore wat aanleiding mag gee tot 'n lae omsetsnelheid van totale bates by oorwegend goeiewyn kelders is die lae verhouding van fisiese opbrengs per R100 totale bates. Byvoorbeeld kelders wat 'n relatief groot persentasie goeiewyn vervaardig, produseer gemiddeld 8,88 hektoliters wyn per R100 totale bates, teenoor 12,85 hektoliters wyn vir oorwegend stookwyn kelders. Verder is die verhouding van hektoliters stoorruimte per R100 vaste bates in stoor en verkope volgens Tabel C.1 ongeveer 75 persent laer vir die kelders met 'n hoë persentasie goeiewynproduksie. Hierby moet in gedagte gehou word dat alhoewel hierdie syfer laag is, die kapitaaluitleg vir stoorruimte in vlekvrre staaltenke met verkoelingsgeriewe, aansienlik groter is as vir sementtenke en gewone staaltenke, wat vir stookwyn opberging gebruik word. Dit kom duidelik na vore in Tabel C.2 dat vir die oorwegend goeiewyn kelders die bates in masjiene en toerusting in stoor en verkope ongeveer 49 persent uitmaak van die totale vaste bates in masjiene en toerusting. Verder blyk dit ook dat R132 per 100 hektoliters wyn in stoor en verkope belê word vir kelders wat oorwegend goeiewyn produseer, terwyl die totale vaste bates in masjiene en toerusting per 100 hektoliters wyn vir hierdie kelders R277,78 beloop, terwyl dit slegs R183,19 beloop vir oorwegend stookwyn kelders. Die verskynsel word verder vergroot indien gelet word op die relatief lae syfer van verwerkingskapasiteit per R1 000 vaste bates in masjiene en toerusting by die verwerkingsprosesse vir die oorwegend goeiewyn kelders. Weens die gebruik van gesofistikeerde toerusting en vlekvrre staaltenke by goeiewynproduksie, sou verwag word dat die belegging in vaste bates per eenheid oor die algemeen groter sal wies vir oorwegend goeiewyn kelders. Dit word duidelik weerspieël in Tabel D.2.

Kelders met 'n gemiddelde goeiewynproduksie se totale vaste bates was 61,01 persent van totale bates in vergelyking met 58,92 persent vir oorwegend stookwyn kelders. Dit verskil nie veel van dié van die gemiddeld vir die 43 kelders nie. Volgens Tabel C.5 en C.6 is dit weereens duidelik dat kelders oor die algemeen oor onvoldoende eie fondse beskik.

Wat die finansiering betref het kelders wat oorwegend goeiewyn produseer volgens Tabel C.4 die laagste aandeelkapitaal per lid gehad. Verder was die vreemde finansiering per lid vir oorwegend goeiewyn kelders veel laer in vergelyking met die ander kelders.

'n Tweede rede waarom kelders wat oorwegend goeiewyn produseer oor die algemeen swakker presteer het, was volgens Tabel C.7 die gevolg van 'n hoër kostestruktuur. Gemiddeld was die totale koste per R100 totale ontvangste

vir oorwegend goeiewyn kelders R14,57, teenoor R12,75 vir kelders met 'n lae persentasie goeiewyn. Die belangrikste verskil het voorgekom by die totale produksiekoste en veral by totale arbeidskoste en waardevermindering. Die totale arbeidskoste het vir oorwegend goeiewyn kelders 30,54 persent uitgemaak van die totale koste, terwyl dit 25,49 persent beloop het by oorwegend stookwyn kelders. Wat opmerklik uit Tabel C.8 en C.9 is, is dat kostes aan chemikalieë en spiritus by die oorwegend stookwyn kelders 11,96 persent uitgemaak het van die totale koste. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat sommige kelders hulle stookwyn verstoek om sodoende 'n hoër konsentraat stookwyn te vervoer in plaas van die ru-stookwyn. Dit kom ook duidelik na vore in die feit dat oorwegend stookwyn kelders 'n hoër vervoerkoste per hektoliter stookwyn gehad het as ander groepe, omdat hulle verder van K.W.V.-depot's geleë is.

Die totale arbeidskoste vir die oesjaar per metrieketon verwerk was R3,05 vir oorwegend goeiewyn kelders, teenoor R2,26 per metrieketon vir die 43 kelders. Die totale arbeidskoste per metrieketon in seisoen was 47 persent laer vir oorwegend stookwyn kelders, as wat dit was vir oorwegend goeiewyn kelders. Hoe groter die persentasie goeiewyn wat kelders produseer word, hoe meer arbeid (man-ure) per eenheid word volgens Tabel C.10 gebruik. In die parseisoen het kelders wat meer as 66 persent goeiewyn produseer, gemiddeld 311,74 man-ure in totaal gebruik per 100 metrieketon, teenoor 246,99 man-ure vir oorwegend stookwyn kelders. Meer arbeid word ook gebruik per eenheid opbrengs by oorwegend goeiewyn kelders in die afseisoen, omrede die goeiewyn nadat dit vervaardig is, nog verskeie behandelings soos brei en oortappe moet deurmaak voordat dit verkoop word.

Kelders wat oorwegend goeiewyn produseer het gemiddeld 126,346 kilo Joule-dae gebruik per hektoliter wyn geproduseer, wat twee keer so veel is as by oorwegend stookwyn kelders.

Daar bestaan 'n algemene gevoel onder die bestuur van kelders dat die maksimum persentasie goeiewyn geproduseer moet word. Hierdie gevoel mag moontlik versterk word deur die positiewe verskil tussen die vasgestelde pryse vir goeie- en stookwyn. Die minimum goeiewynprys was in die 1968 oesjaar R7,91 per hektoliter teen 20 grade Balling en die minimum prys in 1968 aan die handel vir stookwyn was R7,03 per hektoliter teen 20 grade Balling. (Sien K.W.V. (27, p.6.)). Van wesenlike belang vir die bestuur sou wees die koers van toename in gemiddelde totale koste met 'n verhoging in die goeiewynproduksie.

Twee regressievergelykings is bereken vir kelders met 'n persentasie goeiewyn van minder as 55 persent en meer as 56 persent. Die volgende regressievergelyking is gepas:

$$Y_r = a + bX + cX_r^2$$

waar Y die totale koste en X die persentasie goeiewyn is.


Geen betekenisvolle regressievergelyking kon bereken word vir al 43 kelders se gegewens nie.

Die korrelasiekoëffisiënt dui volgens die t-toets en met 'n betekenispeil van een persent aan dat daar 'n positiewe korrelasie is tussen persentasie goeiewyn en gemiddelde totale koste in die geval van kelders wat meer as 55 persent goeiewyn produseer. (Sien ook Tabel C.9). Met 'n toename in die goeiewyn persentasie van 60 tot 70 persent, kan met redelike sekerheid gesê word dat die gemiddelde totale koste met ongeveer 36 persent sal toeneem. 'n Betroubare afleiding op grond van kurwe A is nie moontlik nie.

Die kelder met die laagste persentasie goeiewyn (18,0 persent) het 'n totale ontvangste van R7,11 per hektoliter gehad, met 'n totale koste van R0,97 per hektoliter .

4.1.3 Produksie-omvang

Volgens Tabel 4.5 het die produksie-omvang van kelders 'n duidelike invloed op die globale doeltreffendheid van kelders. Kelders met 'n produksie-omvang van minder as 46 290 hektoliters en meer as 69 500 hektoliters, sal na verwys word as „klein" en „groot" kelders onderskeidelik. Kelders met 'n produksie-omvang van 46 300 tot 69 490 hektoliters sal na verwys word as kelders met 'n „gemiddelde omvang".



Figuur 4.1: Die verhouding tussen persentasie goeiewyn en totale koste per hektoliter wyn, 1968/69.

Tabel 4.5: Globale doeltreffendheidsverhoudings vir groepe kelders, volgens die totale hoeveelheid wyn geproduseer, vir 1968/69

VERHOUDING (A)	EENHEID	Geweege gemiddelde verhoudings vir verskillende groepe vir 1968/69		
		Produksie-omvang in 1 000 hektoliters		
		Minder as 46,29	46,30 tot 64,49	69,50 en meer
1. Surplus na rente per mt. druiwe ^a verwerk teen 20 grade Balling.	Rand	49,61	50,18	51,15
2. Surplus na rente as persentasie van totale ledebelang	%	160,68	145,02	166,26
3. Totale ledebelang as persentasie van totale finansiering.	%	38,84	50,04	46,86
4. Surplus as persentasie van totale bates	%	66,35	76,40	81,40
5. Surplus as persentasie van totale ontvangste	%	86,39	86,72	87,62
6. Totale ontvangste gedeel deur totale bates.	Keer per jaar	0,768	0,881	0,929

Kelders met 'n groot produksie-omvang het die hoogste surplus na rente per metrieketon teen 20 grade Balling gehad. Dit is volgens Tabel D.7 en D.9 hoofsaaklik weens 'n lae gemiddelde totale koste by hierdie kelders. Groot kelders het ook die hoogste surplus na rente per R100 totale ledebelang getoon, naamlik R166,26, teenoor R145,02 vir kelders met 'n gemiddelde produksie-omvang.

Namate die produksie-omvang van kelders groter word, neem die verhouding van surplus tot totale bates toe. Twee faktore het hiertoe aanleiding gegee, naamlik 'n hoër omsetsnelheid van totale bates met toename in produksie-omvang en 'n groter surplus per R100 totale ontvangste soos wat produksie-omvang toeneem.

Kelders met 'n groot produksie-omvang het hulle vaste bates vollediger benut as kelders met 'n klein produksie-omvang. Gemiddeld het groter kelders

11,76 hektoliters wyn geproduseer per R100 totale bates, wat 22 persent meer was as vir klein kelders. Dit was die geval nieteenstaande die feit dat groot kelders minder stoorruimte gehad het per Rand vaste bates in stoor en verkope. Meer wyn word egter geproduseer per eenheid stoorruimte beskikbaar by groot kelders. Alhoewel kelders met 'n groot produksie-omvang 'n laer verwerkingskapasiteit per R1 000 vaste bates by ontvangste tot gisting en dopverwerking gehad het volgens Tabel D.1, het dit nogtans meer druiwe in totaal verwerk per R100 totale bates as kleiner kelders.

Groot en klein kelders het volgens Tabel D.2 'n groter persentasie van hulle vaste bates in masjiene en toerusting gehad in ontvangs tot skeiding en afsak en gisting as kelders met 'n gemiddelde produksie-omvang. Oor die algemeen egter het groot kelders minder vaste bates in masjiene en toerusting gehad per eenheid opbrengs, as ander kelders. Groot kelders het ook gemiddeld 'n kleiner persentasie van hulle totale bates in vaste bates gehad, wat daartoe aanleiding kon gee dat die omsetsnelheid van totale bates vinniger was vir groot kelders.

Wat finansiering betref, blyk dit uit Tabel D.11 dat kelders met 'n groot produksie-omvang beter daaraan toe was, as kleiner kelders. Die aandelekapitaal per lid was gemiddeld R1 881 vir groot kelders en R884 vir klein kelders, terwyl die totale ledebelang per metrieketon-kwota vir dieselfde groepe kelders onderskeidelik R1 709 en R1 563 per metrieketon beloop het. Kelders met 'n groot produksie-omvang het volgens Tabel D.4 wat die korttermyn finansiering betref, beter verhoudings getoon as die ander groepe. Weens die hoër persentasie van lede se totale kwota wat ontvang is by groot kelders (53,59 persent), is dit logies dat hierdie groep kelders oor meer eie fondse sal beskik as ander groepe.

'n Tweede faktor wat bygedra het dat groot kelders globaal beter presteer het, was as gevolg van 'n groter surplus per R100 totale ontvangste. Die totale koste het volgens Tabel D.7 en D.8 slegs 12,39 persent uitgemaak van die totale ontvangste, teenoor 13,56 persent vir klein kelders. Totale arbeidskoste en waardevermindering, wat die belangrikste koste-items uitmaak, het verder 'n kleiner persentasie van die totale koste uitgemaak by groot kelders, in vergelyking met ander kelders.

Kelders met 'n groter produksie-omvang het 'n laer totale koste per eenheid opbrengs gehad as kleiner kelders. Vir groot-, gemiddelde- en klein kelders was die totale koste per hektoliter wyn R0,98, R1,04 en R1,08 onder-

skeidelik. Groot kelders gebruik oor die algemeen minder arbeid (man-ure) per eenheid opbrengs in die onderskeie departemente as ander kelders. In seisoen alleen het groot kelders slegs 230,34 man-ure gebruik per 100 metrieketon verwerk, teenoor 330,74 man-ure per 100 metrieketon vir klein kelders, met 'n totale arbeidskoste per eenheid in seisoen van R74,81 en R104,54 per 100 metrieketon onderskeidelik volgens Tabel D.10.

Kelders met 'n groot omvang gebruik volgens Tabel D.11 minder stoor-ruimte vir doppe en afsak per metrieketon druiwe verwerk as ander kelders. Verder gebruik groot kelders minder druiwe om 100 hektoliters wyn te ver-vaardig. Wat die gebruik van verkoeling betref, maak groter kelders meer ge-bruik van verkoeling as kleiner kelders.

Dit wil dus voorkom asof kelders met 'n groot produksie-omvang oor die algemeen beter presteer as kleiner kelders, wat veral tot uiting kom in die vollediger benutting van vaste bates, beter finansiering en koste-voordele.

4.1.4 Ander groepe

Aangesien faktore soos die ouderdom van kelders, die hoeveelheid druiwe wat per dag ontvang word vir verwerking en die persentuele benutting van die totale kapasiteit van die kelder nie 'n noemenswaardige invloed uit-oefen op die globale doeltreffendheid nie, sal slegs dié aspekte bespreek word wat op die tegniese vlak die resultate mag beïnvloed.

Die volgende verkorte benamings sal in die teks gebruik word vir die verskillende groepe kelders:

Ouderdom van kelders volgens:

Benaming

Oprigtingsdatum

1900 tot 1950

ou kelders

1951 tot 1960

kelders opgerig van 1951 tot 1960

1961 tot 1969

nuwe kelders

Hoeveelheid druiwe ontvang per dag

Minder as 315 metrieketon

lae druiwe-ontvangste

316 tot 540 metrieketon

gemiddelde druiwe-ontvangste

541 en meer metrieketon

hoë druiwe-ontvangste

Kapasiteitsbenutting (persent)

Minder as 84	lae kapasiteitsbenutting
85 tot 99	gemiddelde kapasiteitsbenutting
100	hoë kapasiteitsbenutting

4.1.4.1 Ouderdom van kelders

Kelders wat na 1961 opgerig is het volgens Tabel E.1 globaal gesproke swakker gevaar as kelders wat vroeër opgerig is. Die surplus van nuwe kelders is gemiddeld R73,38 per R100 totale bates, terwyl dit vir ou kelders R79,14 beloop het. Die rede vir hierdie laer verhouding van surplus tot totale bates is geleë in 'n relatief stadiger omloopsnelheid van totale bates. Die oorsake van dié swakker prestasie in vergelyking met ander kelders, moet gesoek word in die balansstaatontledings en veral in die benutting van vaste bates.

Die probleem is blykbaar volgens Tabel E.2 geleë, eerstens in 'n kleiner hoeveelheid wyn wat vervaardig word per R100 totale bates, tweedens is minder stoorruimte beskikbaar per Rand vaste bates in stoor en verkope en laastens word minder druiwe verwerk in totaal per R100 totale bates. Indien 'n ontleding gemaak word van die vaste bates in die onderskeie departemente, word gevind dat nuwe kelders relatief tot ouer kelders, 'n groot persentasie van die vaste bates in masjiene en toerusting in stoor en verkope gehad het, terwyl gemiddeld R227,10 per 100 hektoliters wyn belê is in totale vaste bates in masjiene en toerusting. Dieselfde verhouding vir ou kelders was R191,66 per 100 hektoliters wyn volgens Tabel E.3. Dit kan dus afgelei word dat nuwe kelders duurder en meer gesofistikeerde toerusting en veral vlekvrystaaltenke aanskaf in vergelyking met ouer kelders. Dit mag moontlik ook wees dat nuwe kelders met die oog op toekomstige uitbreiding, 'n groot persentasie vaste bates het.

Daar sou verwag word dat ou kelders 'n hoër koste aan herstelwerk en onderhoud sou toon, wat egter nie die geval is nie. Ou kelders en nuwe kelders het ongeveer dieselfde herstel- en onderhoudskoste getoon, naamlik R71,23 en R72,13 per 100 metrieketon onderskeidelik.

Nuwe kelders het ook minder arbeid (man-ure) gebruik per eenheid opbrengs in die onderskeie departemente. In die parsseisoen het nuwe kelders volgens Tabel E.6 263,11 man-ure gebruik per 100 metrieketon, teenoor 277,00

man-ure per 100 metrieketon by ou kelders. Dit mag moontlik verklaar word weens die feit dat nuwe kelders van meer gemeganiseerde prosesse gebruik maak as ouer kelders.

Wat die fisiese benutting van die beskikbare stoorkapasiteit betref, het nuwe kelders meer stoorruimte gebruik per metrieketon druiwe verwerk vir doppe en afsak, terwyl minder stoorruimte gebruik is vir die gis en stoor van goeiwyn en stookwyn. Nuwe kelders gebruik volgens Tabel E.7 minder vloer-ruimte per metrieketon druiwe verwerk per dag. Dit kan moontlik verklaar word weens die feit dat nuwe kelders fisies beter beplan word, ten opsigte van die plasing van toerusting, as wat dit by ouer kelders die geval is.

4.1.4.2 Hoeveelheid druiwe ontvang per dag

Die meeste kelders wat meer as 541 metrieketon druiwe per dag ontvang het, was ook kelders met 'n groot produksie-omvang. Soos dit geblyk het by 4.1.3, waar die effek van die produksie-omvang op doeltreffendheid bespreek is, het kelders met 'n hoë druiwe-ontvangste gemiddeld beter presteer as kelders wat 'n kleiner druiwe-ontvangste per dag gehad het. Die rede waarom kelders met 'n lae druiwe-ontvangste volgens Tabel E.1 'n kleiner surplus per R100 totale bates getoon het as ander kelders, is weereens as gevolg van 'n lae omsetsnelheid van totale bates, naamlik, 0,813 keer per jaar vir lae ontvangste kelders en 0,906 keer per jaar vir kelders met 'n hoë druiwe-ontvangste.

Eerstens het kelders met 'n lae druiwe-ontvangste volgens Tabel E.2 minder wyn geproduseer per R100 totale bates en tweedens minder druiwe verwerk per dag per R1 000 vaste bates in masjiene en toerusting, as ander kelders. Hierdie kelders het ook gemiddeld 'n groter persentasie van hulle masjiene en toerusting gehad by dopverwerking (17,41 persent), as byvoorbeeld kelders met 'n hoë ontvangste (12,67 persent). Gemiddeld het kelders met 'n lae druiwe-ontvangste egter minder vaste bates in masjiene en toerusting per eenheid opbrengs gehad as ander kelders.

Kelders met 'n hoë druiwe-ontvangste het moontlik weens minder meganisasie, meer arbeid per eenheid opbrengs gebruik by ontvangs tot skeiding en dopverwerking in vergelyking met ander kelders. Hoe meer druiwe ontvang word per dag, hoe meer stoorruimte word benodig vir doppe en afsak per metrieketon druiwe en hoe groter raak die gebruik van verkoeling. Kelders met 'n hoë

druive-ontvangste het gemiddeld 1,38 hektoliters stoorruimte gebruik per metrieketon druive ontvang en het 196,871 kilo Joule-dae gebruik per hektoliter wyn geproduseer (Tabel E,7).

4.1.4.3 Persentasie benutting van totale kapasiteit van kelder

Daar kan nie betroubare afleidings van die gemiddelde verhoudings van kelders, volgens die indeling op grond van die persentasie benutting van die totale kapasiteit, gemaak word nie, aangesien die indeling nie op wetenskaplik empiriese wyse gemaak is nie, maar op grond van die skatting van die bestuur van 'n kelder. Die beoordeling van die verhoudings moet dus met die nodige omsigtigheid gedoen word.

Dit blyk uit Tabel E,1 dat kelders met 'n hoë kapasiteitsbenutting oor die algemeen beter verhoudings getoon het as kelders met 'n laer kapasiteitsbenutting. 'n Lae verhouding van surplus tot totale bates by lae kapasiteit kelders word blykbaar veroorsaak deur 'n lae omsetsnelheid, indien dit met die ander kelders vergelyk word.

HOOFSTUK V

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

5.1 Samevatting

Die doel van hierdie studie was eerstens om die tegniek van Bedryfsvergeelyking te ondersoek en na aanleiding daarvan aan te pas vir toepassing op koöperatiewe wynkelders. Tweedens was dit die oogmerk om die tegniek toe te pas op 43 wynkelders. Laastens is die resultate wat uit die toepassing verkry is, ontleed om 'n aanduiding te probeer kry van die mate van doeltreffendheid wat in die kelderbedryf heers ten opsigte van die benutting van produksiefaktore.

Nadat daar in Hoofstuk I 'n bespreking was oor Bedryfsvergeelyking as hulpmiddel by besluitneming en die navorsingsprosedure wat gevolg is, is daar in Hoofstuk II aandag gegee aan die wyse waarop die tegniek aangepas moes word vir toepassing by wynkelders. 'n Reeks interafhanklike doeltreffendheidsverhoudings is geformuleer, wat as basis kon dien vir die opsporing van die oorsake vir verskille tussen verhoudingsyfers van individuele kelders en groepe kelders. Die verskillende aansuiwerings wat gemaak moes word in die inligting wat ingesamel is om die vergelykbaarheidsgraad tussen kelders te verhoog, is ook in Hoofstuk II bespreek.

In Hoofstuk III word die resultate van die 43 kelders vir die drie oesjare 1966/67, 1967/68 en 1968/69 en die tien „hoogstes en laagstes" vir 1968/69 ontleed met betrekking tot die verhoudings wat in Hoofstuk II uiteengesit is. Om die effek van faktore soos geografiese ligging, produksie-omvang en persentasie goeiwyn geproduseer op doeltreffendheid te ondersoek, is in Hoofstuk IV ingegaan op die oorsake vir verskille tussen groepe kelders se gemiddelde prestasiesyfers. Die metode van ontleding wat gevolg is om die gemiddelde syfers vir die 43 kelders en groepe kelders te bespreek, kan as handleiding dien vir die ontleding van individuele kelders se verhoudingsyfers.

5.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings

1. Die wese van besluitneming berus op die tref van vergelykings. Die bestuur van 'n kelder is gedurig besig om in sy bedryfsvoering verskillende alternatiewe optredes met mekaar te vergelyk. Vergelykings kan subjektief ge-

tref word tussen verskillende moontlikhede om 'n doel te bereik. Die maatstaf waarmee vergelyk word, kan uit die ondervinding wat opgedoen is verkry word, of kom van kennis wat opgedoen is oor aspekte wat verbeter wil word. Die bestuur kan ook objektiewe vergelykings tref tussen alternatiewe optredes, deur byvoorbeeld sekere prestasiesyfers vir sy kelder periodiek te bereken en dit oor tyd met mekaar vergelyk, of sulke berekende prestasiesyfers vergelyk met die gemiddeldes van min of meer soortgelyke kelders. Dit vorm die primêre doel van Bedryfsvergelyking.

Om bedryfsvergelykende statistiek suksesvol as hulpmiddel by besluitneming te gebruik, is daarop gewys dat die bestuur van 'n kelder nie individuele verhoudings moet uitsonder vir besluitneming nie, maar die effek wat aanpassings in beleid het op alle doeltreffendheidsverhoudings, moet beoordeel. Aanpassings word hier gesien as moontlike alternatiewe optredes om die doeltreffendheid te verhoog. Bedryfsvergelykende statistiek is in hierdie opsig voordelig, aangesien die verhoudings aangepas kan word op alle aspekte van 'n kelder se aktiwiteite. Die beoordeling van die effek van aanpassings behoort nie te bly by die omvang van sulke effekte op individuele verhoudings nie, maar moet ook uitgebrei word na die invloed wat dit op alle verhoudings het oor die kort- en langtermyn. Besluitneming vereis nie alleen die vaststelling van die relatiewe aanvaarbaarheid van alternatiewe aanpassings nie, maar ook die implementering van sulke aanpassings oor tyd in die praktyk, sodat die globale doeltreffendheid verhoog sal word oor die langtermyn. Dit beteken dat besluitneming ten opsigte van verhoogde doeltreffendheid nie net gelokaliseer is by een aspek of departement van 'n kelder nie, maar dat dit meer kompleks en omvattend van aard is. Dit bring een van die beperkings van Bedryfsvergelyking na vore. Dit wil sê, dat die waarde van Bedryfsvergelyking as hulpmiddel by besluitneming, grotendeels een is van statiese probleemopsporing, deurdat afleidings gemaak word op grond van gemiddelde verhoudings van soortgelyke groepe kelders op 'n spesifieke moment. Verder steun al die verhoudings op toestande soos pryse en tegnieke, wat tot die verlede behoort. Nuwe tegnologiese ontwikkelinge se invloed sal alleen gemeet kan word indien dit reeds deur 'n aantal kelders, wat deelneem aan Bedryfsvergelyking, geïmplementeer is. Hierdie aspek maak vooruitskattings op grond van bedryfsvergelykende statistiek moeilik. Die probleem kan oorkom word deur dieselfde verhoudings herhaaldelik oor tyd te bereken, byvoorbeeld, elke twee jaar. Daardeur sou aan die bestuur 'n vergelykingsmaatstaf verskaf word wat aanpas by veranderende omstandighede. So kan moontlik die „gewenste“ minimum- en maksimum grens vasgestel word waarbinne verhoudings behoort te beweeg vir

„optimum" resultate. Dit beklemtoon die feit dat navorsingsresultate met die oog op voorligting aan kelders, vooruitskatting en praktiese toepassing, vinnig beskikbaar gestel moet word.

Geweegde gemiddelde verhoudings vir groepe kelders lewer probleme ten opsigte van besluitneming, aangesien dit verband hou met die gebrek aan homogeniteit tussen kelders. In die praktyk is dit egter onmoontlik om 'n mate van heterogeniteit uit te skakel en dit sou sinneloos wees om twee identiese kelders, indien dit bestaan, met mekaar te vergelyk. Hierdie probleem kan gedeeltelik oorkom word deur na homogeniteit te soek tussen kelders ten opsigte van die kwaliteit en kwantiteit van produksiefaktore wat gebruik word. Dit is egter moeilik om op grond van die kwaliteit van produksiefaktore, kelders te groepeer in homogene groepe, aangesien die kwaliteit van produksiefaktore, byvoorbeeld bestuur of vaste bates, moeilik empiries bepaal kan word. Om 'n mate van homogeniteit te verkry, is kelders gegroepeer, volgens die faktore wat resultate kan beïnvloed, byvoorbeeld, volgens geografiese verspreiding. 'n Groot mate van heterogeniteit sal nog altyd voorkom, aangesien daar heelwat ander faktore is wat se effek nie uitgeskakel kan word nie. Die interpretasie van groepe kelders se gemiddelde verhoudings moet dus met omsigtigheid gedoen word.

Indien die geweegde gemiddelde verhoudings van groepe kelders ooreenstem met die algemene neiging van individuele verhoudings van kelders, kan die gemiddeldes as betekenisvol beskou word en met voorbehoude as maatstaf dien vir individuele kelders in 'n spesifieke groep. Die waarde uit vergelykende statistiek vir besluitneming sou verder ook verhoog kon word, indien 'n kelder sy eie verhoudings van die verlede kan vergelyk met dié wat bereik is in die jongste tyd en ook byvoorbeeld kan vergelyk met die gemiddelde verhouding van die „hoogste" of „laagste" kelders. Dit is logies dat nie slegs een van die groepe kelders, of tien „hoogstes" of tien „laagstes" se gemiddelde verhoudings gebruik sal word as die maatstaf van vergelyking nie. Die rede is dat 'n kelder se syfers, byvoorbeeld, goed mag vergelyk met dié van een groep kelders, maar swak vergelyk met 'n ander groep. Al die gemiddelde verhoudingsyfers behoort dus gebruik te word om 'n sinvolle vergelyking te maak. 'n Belangrike voordeel deur geweegde gemiddeldes te gebruik as vergelykingsmaatstaf, is dat die bestuur geneig mag wees om meer op die gemiddelde syfers vir kelders te vertrou, as op syfers wat op bloot teoretiese grondslag bereken is, byvoorbeeld sommige balansstaatverhoudings. Die rede is dat die verhoudings vir kelders ontleed is aan die problematiek van kel-

ders en aangepas is vir wykelders.

Ten opsigte van besluitneming verskaf Bedryfsvergelyking ook geen formele resep aan die bestuur vir maksimum globale doeltreffendheid nie. Streng gesproke is die tegniek nie 'n beplanningstegniek nie, aangesien dit basies diagnoseerend van aard is, deurdat dit slegs wys op daardie aspekte van bedryfsvoering wat moontlik verbeter kan word. Dit is in teenstelling met normatiewe beplanningstegnieke wat 'n optimum oplossing aanbied om doeltreffendheid te verhoog. Bedryfsvergelyking is uiters geskik om basiese probleme op te spoor in die kelderbedryf, waarna die spesifieke probleme meer intensief ondersoek kan word met normatiewe navorsingstegnieke, wat daarvoor geskik is. Die inligting wat verkry is uit Bedryfsvergelyking kan dan op indirekte wyse vir normatiewe beplanning aangewend word (Sien Spies (42, p.25 tot 38)). Bedryfsvergelyking is dan as sodanig 'n inleidende analitiese stap tot probleemidentifikasie vir verdere navorsing om eventueel die mees gewenste aanpassing te vind wat gemaak behoort te word vir optimum resultate.

Aangesien die verhoudings wat in die Bedryfsvergelyking gebruik is, ontleen is aan die kelderbedryf en daarvoor aangepas is, behoort dit maklik vir die bestuur te wees om dit te interpreteer en is dus meer aanvaarbaar vir toepassing in die praktyk. Die feit dat die bestuur bewus word van die verskil in prestasie en wel 'n verklaring kan aanbied of probeer aanbied, behoort sy ingesteldheid teenoor sy kelder gunstig te beïnvloed. Die bestuur mag gevoelig wees indien hulle resultate swakker vergelyk met dié van ander soortgelyke kelders. Dit mag hulle aanspoor om wel 'n verklaring vir swakker resultate te probeer vind. Selfs met die uiterste omsigtigheid, laat Bedryfsvergelyking nie veel meer toe as net die lokalisering van probleme nie.

Aanbevelings op grond van bedryfsvergelykende statistiek, moet beperk word tot die homogeniteit of gebrek aan homogeniteit, tussen groepe kelders. Daarom is die gemiddelde resultate in die eerste plek meer geskik vir groeppoorligting aan die bestuur van 'n aantal kelders, wat onder dieselfde omstandighede funksioneer en met dieselfde probleme te kampe het. Byvoorbeeld 'n aantal kelders van dieselfde produksie-omvang, wat in dieselfde gebied geleë is, kan met vrug hulle individuele resultate met mekaar vergelyk en bespreek. Die sukses en nut van enige navorsing hang uiteindelik af van die gehalte van die inligting wat ingesamel word, aangesien indirekte afleidings en aanbevelings gemaak wil word van 'n positiewe navorsingstegniek op grond van gemiddeldes. (Sien, Mauldon (30, p.118)). Die aantal „kunsmatige" regstellings

en aannames wat gemaak is, byvoorbeeld, die herwaardering van vaste bates en die gebruik van eenvormige depresiasiekoerse, sou verder verminder kon word, indien 'n eenvormige boekhou- en rekordstelsel gevolg word. Dit kan maklik gebeur dat 'n kelder deur 'n spesifieke rekeningkundige metode te volg, miskien toevallig goeie- of swak verhoudings het. Dit sou nie alleen die gemiddeldes beïnvloed nie, maar ook afleidings en voorligting bemoeilik. Daarom behoort daar ondersoek ingestel te word na die moontlikheid van 'n eenvormige boekhoustelsel vir wynekelders.

Ondanks sy tekortkominge bly Bedryfsvergelyking 'n handige tegniek, wat as handleiding kan dien vir die opsporing van probleme. Indien die inligting korrek gebruik word, kan dit ook as basis dien vir besluitneming by kelders en voorligting aan groepe- of individuele kelders. Die toepassing van die tegniek moet egter beskou word as 'n belangrike inleidende stap tot die gebruik van meer gesofistikeerde toegepaste beplanningstegnieke. Met die nodige aanpassings en verdere navorsing oor die toepasbaarheid van Bedryfsvergelyking op verskillende bedrywe, behoort dit 'n nuttige bydrae te kan lewer tot verhoogde doeltreffendheid van enige bedryf en kan uiteindelik tot voordeel strek van die hele Suid-Afrikaanse volkshuishouding. (Sien Brand en de Swardt (3, p.109)).

2. Die vertolking van verskille tussen verhoudings sou moeilik wees vir 'n persoon wat nie oor voldoende kennis van alle aspekte van die kelderbedryf beskik nie. Die direksielede van kelders bestaan uit produsentelede, wat soms oor onvoldoende gespesialiseerde kennis beskik om gefundeerde besluite oor alle aspekte van die werksaamhede van kelders te neem. Gewoonlik verskaf die bestuur van 'n kelder die leiding in besluitneming, byvoorbeeld, met die aankoop van toerusting wat gebruik wil word. Alhoewel die bestuurder van 'n kelder goed onderleg mag wees in die tegniese produksiesy van die kelder se aktiwiteite, hoef hy nie noodwendig kennis te hê oor finansiële- en ekonomiese aspekte nie.

Daar kan dus aanbeveel word dat 'n advieskomitee, bestaande uit persone wat oor die nodige agtergrond kennis beskik, die bedryfsvergelykende statistiek vir individuele kelders of groepe kelders sal vertolk met die oog op voorligting aan kelders. So 'n komitee kan byvoorbeeld bestaan uit 'n geoktrooiërderekenmeester, 'n raadgewende ingenieur, 'n ekonoom en 'n paar gekose kelderbestuurders. So kan die praktiese-, ingenieurs-, rekenkundige- en ekonomiese advies wat verskaf word, gesentreer word in die hande van 'n paar

spesialiste, om te verseker dat besluite wat geneem word prakties en ekonomies verantwoord sal wees.

3. 'n Deeglike ondersoek behoort gedoen te word na die algemene doeltreffendheid van bedryfsleiding (bestuur en direksie-lede) van kelders. Die volgende aspekte behoort ondersoek te word:

- (i) Doeltreffendheid van algemene bedryfsleiding, waaronder verstaan word die formulering van basiese doelwitte en die opstelling van langtermyn oogmerke vir die kelder. Hierdie doelwitte en oogmerke kan byvoorbeeld wees om die kontinuïteit van die kelder te verseker en die ekonomiese welvaart van sy lede te verhoog. Verder behels algemene bedryfsleiding die vermoë waarmee aanpassings gemaak kan word by veranderende omstandighede, soos tegnologiese veranderings. Dit impliseer dat die bestuur vooruitskattings behoort te maak om hulle beleid te kan aanpas.
- (ii) Doeltreffendheid van bestuur ten opsigte van die organisasie van personeel en tegniese produksie funksies
- (iii) Doeltreffendheid van die bestuur ten opsigte van die uitvoering van die neergelegde beleid op tegniese sowel as op die ekonomiese vlak.
- (iv) Doeltreffendheid van finansiering van 'n kelder, ten opsigte van die voordelige verkryging en aanwending van beskikbare fondse.
- (v) Doeltreffendheid van rekordhouding.
- (vi) Die handhawing van openbare betrekkinge met die publiek, produsente-lede, ander wynkelders, K.W.V. en die owerheid.

4. Algemene afleidings wat gemaak kan word uit die gemiddelde verhoudings vir groepe kelders is die volgende:

(i) Kelders wat in die Tulbagh-Rawsonville gebied geleë is, wat oorewegend goeie wyn produseer en kelders wat 'n klein hoeveelheid wyn vervaardig, het oor die algemeen swakker presteer as kelders in ander groepe. Die rede hiervoor is hoofsaaklik weens 'n laer omsetsnelheid van totale bates

en 'n onvollediger benutting van vaste bates.

Die moontlikheid van 'n volledige benutting van vaste bates by verwerkingsaktiwiteite by kelders wat in gebiede geleë is wat nie tradisionele vrugte-areas is nie, is skraal, aangesien die waarskynlikheid dat hulle ander soorte vrugte in die afseisoen kan verwerk nie so groot is nie. 'n Groter potensiaal bestaan by kelders in Paarl-Stellenbosch, Tulbagh-Rawsonville en Robertson. Die probleem mag ontstaan dat ander vrugtesoorte in dieselfde periode ryp word as wyndruiwe. Dit sou moontlik wees om, byvoorbeeld ander vrugtesappe tot 'n finale produk te verwerk in die afseisoen, wat ook 'n doeltreffender benutting van arbeid kon meebring. Hierdie moontlikheid word versterk indien gelet word op die relatiewe onderbenutting van vaste bates by kleiner kelders, of by kelders wat oorwegend stookwyn produseer.

Daar moet in gedagte gehou word dat die kwaliteitsvereistes van wyn besonder hoog is en daarvoor word gespesialiseerde tegnieke en toerusting benodig. Dit bring belangrike beperkings mee met betrekking tot die alternatiewe gebruike vir sulke toerusting. Dit beteken egter nie dat sekere toerusting, soos byvoorbeeld die verkoelingsinstallasie, nie vir ander doeleindes buiteseisoen gebruik kan word nie. Navorsing oor die effek, wat die gebruik van gespesialiseerde wyntoerusting buiteseisoen vir ander doeleindes op die kwaliteit van wyn sal hê, kan 'n nuttige bydrae lewer tot verhoogde doeltreffendheid in die benutting van vaste bates in die kelderbedryf. Byvoorbeeld, die winsgewendheid van die gebruik van plastiese stoortens vir die opberging van wyn en die koelopberging van vars vrugte in die afseisoen in dieselfde tens. Hierdeur sou eerstens verseker word dat die beskikbare fasiliteite volledig deur die jaar beset word en tweedens sou dit beteken dat die persentasie vaste bates van totale bates moontlik verlaag kan word.

(ii) Weens die geografiese gebondenheid van kelders, die beperkte vergoeding van ag persent op koöperatiewe aandele en die beperking wat gestel word deur produksiebeheer in terme van kwotas, word oor die algemeen by kelders probleme ondervind om voldoende langtermyn eie fondse te monster vir gesonde finansiering. Ondersoek behoort ingestel te word na die wyses waarop wynekelders eie finansiering kan verhoog.

Navorsing oor die fisiese en ekonomiese implikasies op die wynbedryf van die „grens" waaroor druiweprodusente nie graag wil gaan nie uit vrees dat hulle in 'n goeie jaar 'n gedeelte van hulle inkomste sal moet prysgee as ge-

volg van die kwotastelsel, behoort gedoen te word. Die bestuur van kelders behoort vir toekomstige uitbreidings vooruitskattings te maak vir hulle gebied van die toename in druiwe-ontvangste, terwyl die effek van die „buffer” in ag geneem word. (Sien ook 3.3.5.3).

(iii) Koste-voordele deur 'n groter produksie-omvang met dieselfde uitleg, bestaan wel vir sommige kelders met 'n produksie-omvang van kleiner as 46 290 hektoliters wyn, alhoewel die laagste totale koste per eenheid opbrengs nie veel verskil tussen kelders met 'n produksie-omvang kleiner as 46 290 hektoliters en 46 300 tot 69 490 hektoliters nie. Dit is ook in hierdie opsig waar by sekere kelders, weens geografiese gebondenheid, knelpunte mag ontstaan by die effektiewe skakeling tussen die verskillende prosesse en benutting van fasiliteite, as gevolg van 'n te groot verskeidenheid kultivars wat dan verwerk moet word deur een kelder. Om 'n sekere gehalte en tipe wyn te vervaardig, byvoorbeeld droë rooiwyn, is dit nodig dat die druiwe vanaf die aflaaiproses apart verwerk, gegis en gestoor moet word. Dit bring soms onnodige duplikasie van toerusting mee wat dikwels onderbenut word, veral by kelders met 'n klein produksie-omvang. Moontlike oplossings vir hierdie probleem sou wees dat sekere kelders hulle net toespits op die vervaardiging van 'n paar verwante wyntipes, byvoorbeeld rooiwyn. Hierdie gespesialiseerde kelders se produksie-omvang kan moontlik ook so vergroot word en kultivars beperk word, dat enige wyntipe ekonomies vervaardig sal kan word by dié kelders. Die proses van spesialisasie kan moontlik verder gevoer word deurdat die stookwyn en byprodukte soos doppe en stingels van hierdie „gespesialiseerde” kelders, by 'n sentrale kelder verwerk word. Hierdeur kan die koste-voordele van 'n groter produksie-omvang en van spesialisasie moontlik verkry word. Meer navorsing is egter nodig om die implikasies van so 'n verandering, tegnies sowel as ekonomies, te ondersoek.

LITERATUUR EN BRONNEA. LITERATUUR

1. Blagburn, C.H., 1954. Measuring business efficiency of the farm. Agriculture, Vol. LX.
2. Botha, T.C., 1966. Koöperatiewe wynkelders in Suid-Afrika. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch. M.Sc. in Landbou verhandeling. Ongepubliseer.
3. Brand, S.S. and de Swardt, J.B., 1964. The use of interfirm comparisons in improving farm management efficiency in South Africa. The South African Journal of Economics, Vol. 32, No. 2.
4. Bressell, J.E., 1970. The measurement of managerial efficiency in agriculture. Journal of Agricultural Economics, Vol. XXX, No. 3.
5. Buro vir Finansiële Analise, 1966. Bedryfsvergelykende studie, Hotelbedryf in Suid-Afrika, Universiteit van Pretoria, Pretoria. No. B1.
6. Buro vir Finansiële Analise, 1969. Bedryfsvergelykende verslag, Bottervervaardigers in Suid-Afrika, Universiteit van Pretoria, Pretoria. No. B6.
7. Buro vir Finansiële Analise, 1969. Bedryfsvergelykende verslag, Kaasvervaardigers in Suid-Afrika, Universiteit van Pretoria, Pretoria. No. B7.
8. Eggers, H.C., 1961. Planning and budgeting principles related to agricultural co-operatives. Agricultural Co-operation. Vacation course in Co-operation organised by the Natal Agricultural Union.
9. European Productivity Agency. (E.P.A.), 1959. Productivity Measurement Review. Interfirm comparison in retail trade. Special No. 274.
10. Farrell, M.J., 1957. Measurement of productive efficiency. Journal of the Royal Statistical Society, Vol. 120.
11. Franzmann, J.R. and Kuntz, B.T., 1966. Economies of size in South-Western beef slaughter plants. Oklahoma State University and U.S.D.A. Bull., B-648.

12. Frazer, J.R., Nielsen, V.H. and Ladd, G.W., 1956. Manufacturing costs: Whole milk creameries. Agric. Exp. Stat., Iowa State College, Ames, Iowa. Special Report No. 17.
13. Frazer, J.R., Nielsen, V.H. and Nord, J.D., 1952. The cost of manufacturing butter. Agric. Exp. Stat., Iowa State College, Ames, Iowa. Res. Bull. No. 389.
14. Goldberg, R.A., June, 1971. Co-ops in a changing agribusiness. News for Farmer Cooperatives.
15. Hall, L.M. and Winsten, C.B., 1959. The ambiguous notion of efficiency. The Economy Journal, Vol. LXIX.
16. Harris, A., 1968. Uses of comparisons. Reprint from "The Financial Times", May 22.
17. Harris, A., 1967. Pay-off from interfirm comparisons. Reprint from "The Financial Times". May 31.
18. Helmberger, P.G., 1964. Cooperative enterprise as a structural dimension of farm markets. Journal of Farm Economics, Vol. XLVI, No. 3.
19. Interfirm Comparison Centre (I.F.C.), London., 1969. Benefits from I.F.C. Some examples of benefits derived by taking part in the centre's I.F.C. schemes.
20. Interfirm comparison centre, 1968. Interfirm comparison for management. Concepts and misconceptions.
21. Interfirm comparison centre, 1968. Published accounts your yardsticks of performance.
22. Interfirm comparison centre, 1966. Higher profitability through I.F.C. A case study.
23. Ingham, H., 1964. Interfirm comparison for management. Board of Trade Journal, November 22.
24. International Labour Office, Geneva, Switzerland., 1954. Higher productivity in manufacturing industries. New Series, No. 38.

25. Kerchner, O.G., 1968. Economic aspects of flexible dairy manufacturing plants. Agric. Exp. Stat., University of Minnesota. Stat. Bull. 487.
26. Kolmer, L., Homme, H.A. and Ladd, G.W., 1957. Spray drying costs in low-volume milk plants. Agric. Exp. Stat., Iowa State College, Ames, Iowa. Special Report No. 19.
27. K.W.V., Paarl., 1969. 'n Oorsig van die wynbou in Suid-Afrika, 1968/69.
28. Landbou-Economisch Instituut (L.E.I.), Den Haag, Nederland., 1970. De organisatie en de werkzaamheden van het L.E.I.
29. Liwall, N.B. and Hammond, J.W., 1970. Cheddar cheese manufacturing costs. Agric. Exp. Stat., University of Minnesota. Stat. Bull. No. 501.
30. Mauldon, R.G. and Schapper, H.P., 1971. The sensitivity of interfarm comparisons to inaccuracies of measurement and valuation. Review of Marketing and Agricultural Economics, Vol. 39, No. 2, June.
31. Murray, J.K., 1968. Skeiding van mos in parsvelders onder die soeklig. Die Wynboer, No. 444, September.
32. Myer, J.N., 1961. Financial statement analysis. Prentice Hall, Inc., Englewood Cliffs, New York.
33. Organisation for Economic Co-operation and Development (O.E.C.D.), Paris, France., 1955. Productivity measurement. Concepts, Volume I.
34. O.E.C.D., 1952. Measurement of productivity. Technical Mission No. 7 - 10 - 11.
35. Perrigo, A.E.B., 1968. Modern managerial techniques. Van Nostrand Company Ltd. London.
36. Rädcl, F. en Reynders, H.J.J., 1967. Inleiding tot die Bedryfs-
ekonomie. J.L. van Schaik Bpk., Pretoria.
37. Rinck, R., 1966. Zur frage der optimalen Betriebsgestaltung in Winzer-
genossenschaften. Dissertation zur Erlangung des Grades eines Doktors
der Agrarwissenschaften. Hochschule Hohenheim.

38. Rose, T.G., 1963. The internal finance of industrial undertakings. Isaac Pitman and Sons Ltd., London.
39. Rose, T.G., 1963. Higher control in management. Isaac Pitman and Sons Ltd., London.
40. Ruist, E., 1961. Production efficiency of the industrial firm. Productivity Measurement Review. Special No., December.
41. Salter, W.E.G. and Reddaway, W.B., 1966. Productivity and technical change. Cambridge University Press, Cambridge.
42. Spies, P.H., 1967. Liniêre programmering en normatiewe boerderybeplanning vir die Witriviergebied in Oos-Transvaal. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch. M.Sc. in Landbou verhandeling. Ongepubliseer.
43. Steenkamp Kommissie., 1967. Verslag na koöperatiewe aangeleenthede. Departement van Landbou-ekonomie en Bemaking, Staatsdrukker, Pretoria.
44. Suid-Afrikaanse Landbou-Unie (S.A.L.U.) se Koöperatiewe Raad., 1966. Inleiding tot koöperasiewese.
45. Thompson, J.C., 1963. Organizational structure for a co-operative: Economic considerations. Agric. Exp. Stat. Athens, Georgia. Bull. N.S. 105.
46. Tune, J.M.L.,(F.A.S.A.), 1969. Management accounting for the wine industry. The Australian Accountant, June.
47. Van Acoleyen, M.J., 1966. Bedryfseconomiese aspecten van de produktiviteits-analyse. Standaard Wetenskaplyke Uitgewerj, Antwerpen.
48. van Dyk, L.A., 1969. 'n Produksiekoste-ontleding van die privaat wynkelders in Suid-Afrika. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch. M.Sc. in Landbou verhandeling. Ongepubliseer.
49. Wessels, P.J., 1963. Note on interfirm comparisons. The South African Journal of Economics, Vol. 31, No. 4.
50. Zevenbergen, A.P., 1968. Bedryfsvergelyking. 'n Hulpmiddel vir finansiële bestuur. Referaat gelewer tydens 'n seminar oor finansiële bestuur in Pretoria, 22 Januarie. Ongepubliseer.

BRONNE

51. Kantoor van Registrateur van Koöperatiewe Verenigings, Privaatsak 237, Pretoria.

52. Koöperatiewe Wijnbouers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt. (K.W.V.),
Posbus 528, Suider-Paarl.
53. Koöperatiewe Wynkelders-Komitee, Posbus 215, Paarl.

AANHANGSEL A

Geweegde gemiddelde doeltreffendheidsverhoudings vir groepe kelders,
volgens geografiese ligging.

Tabel A.1: Benutting van vaste bates in stoor- en verwerkingsaktiwiteite vir groepe kelders, volgens geografiese ligging vir 1968/69

VERHOUDING	Eenheid	Geweegde gemiddelde vir groepe kelders, volgens geografiese ligging				
		S T R E K E				
		Stellenbosch - Paarl	Malmesbury - Lutzville	Tulbagh - Rawsonville	Worcester	Robertson
<u>Benutting van vaste bates in stoor en verkope</u>						
1. Totale hoeveelheid wyn geproduseer per R100 totale bates	hl.	10,43	11,30	9,55	10,61	17,99
2. hl. stoorruimte beskikbaar per Rand vaste bates in stoor en verkope	hl.	1,00	0,95	1,64	3,92	1,93
3. Vaste bates in stoor en verkope as persentasie van totale bates	%	12,43	12,52	6,50	2,66	9,15
4. Totale hl. wyn geproduseer per 100 hl. stoorruimte beskikbaar	hl.	83,62	94,79	89,56	101,69	101,73
<u>Benutting van vaste bates by verwerking</u>						
5. Totale hoeveelheid druiwe per R100 totale bates	mt.	1,33	1,41	1,20	1,34	2,24
6. Verwerkingskapasiteit per dag per R1 000 vaste bates in ontvangste tot by gisting en dopverwerking	mt.	5,53	4,14	5,94	6,76	6,23
7. Vaste bates in ontvangste tot gisting en dopverwerking as persentasie van totale bates	%	14,51	14,30	10,03	7,39	18,29
8. Totale mt. druiwe ontvang gedeel deur mt. kapasiteit per dag	dae	16,76	23,86	20,13	27,12	19,79

Tabel A.2: Vaste bates in masjiene en toerusting per departement, uitgedruk as persentasie van totale masjiene en toerusting en uitgedruk per eenheid opbrengs vir groepe kelders, volgens geografiese streke vir 1968/69

DEPARTEMENT	Eenheid	Geweegde gemiddelde vir groepe kelders, volgens geografiese ligging				
		S T R E K E				
		Stellenbosch - Paarl	Malmesbury - Lutzville	Tulbagh - Rawsonville	Worcester	Robertson
I Ontvangs tot skeiding	%	15,05	14,30	21,63	24,52	17,42
II Afsak en gisting	%	19,92	27,95	19,31	25,28	29,65
III Stoor en verkope	%	45,52	45,78	37,77	24,63	32,50
IV Dopverwerking	%	17,49	9,79	17,14	18,23	17,48
V Bestuur en administrasie	%	2,02	2,18	4,15	7,34	2,95
TOTAAL	%	100,00	100,00	100,00	100,00	100,00
	Rand per:					
I Ontvangs tot skeiding	100 mt.	309,28	277,87	311,26	197,36	218,80
II Afsak en gisting	100 hl.	52,01	67,49	34,76	25,66	46,25
III Stoor en verkope	100 hl.	118,86	110,57	67,83	25,00	50,75
IV Dopverwerking	100 mt.	359,46	190,37	246,67	146,77	219,49
V Bestuur en administrasie	100 hl.	7,11	7,25	9,50	10,19	6,38
TOTAAL	100 hl.	260,32	201,34	232,22	164,73	175,86

Tabel A.3: Gemiddelde omlooptye van vlottende bates vir groepe kelders, volgens geografiese ligging vir 1968/69

BATE-ITEM	Eenheid	Geweege gemiddelde vir groepe kelders, volgens geografiese ligging				
		STREKE				
		Stellenbosch - Paarl	Malmesbury - Lutzville	Tulbagh - Rawsonville	Worcester	Robertson
1. Kontant en deposito's	dae	43,44	66 43	54,39	43,80	12,41
2. Debiteurlede	dae	16,79	20,44	9,86	34,31	17,16
3. Voorrade (wyn en benodigdhede)	dae	76,65	75,19	154,76	149,65	31,03
4. Totale vlottende bates	dae	136,88	162,06	219,01	227,76	60,60

Tabel A.4: Gemiddelde finansieringsverhoudings vir groepe kelders, volgens geografiese ligging vir 1968/69

VERHOUDING	Eenheid	Geweege gemiddelde vir groepe kelders, volgens geografiese ligging				
		STREKE				
		Stellenbosch - Paarl	Malmesbury - Lutzville	Tulbagh Rawsonville	Worcester	Robertson
1. Aandelekapitaal per lid	Rand	1 601	1 270	3 612	1 515	625
2. Totale ledebelang per 100 metrieketonkwota	Rand	1 831	1 856	2 136	1 310	1 239
3. Vreemde finansiering per lid	Rand	4 950	3 337	11 019	8 655	3 376
4. Totale vlottende bates as persentasie van totale vlottende finansiering (likwiditeitsverhouding)	%	120,11	130,43	107,67	105,43	75,63
5. Vlottende bates, voorraad wyn uitgesluit, as persentasie van vlottende korttermyn finansiering („Suurtoetsverhouding“)	%	248,14	263,66	169,04	113,14	78,63

Tabel A.5: Bate-items as persentasie van totale bates vir groepe kelders, volgens geografiese ligging vir 1968/69

BATE-ITEM	Geweege gemiddelde persentasie vir groepe kelders, volgens geografiese ligging				
	STREKE				
	Stel- len- bosch Paarl	Malmes- bury - Lutz- ville	Tul- bagh - Rawson- ville	Worces- ter	Robert- son
	%	%	%	%	%
1. Grond en geboue	39,93	30,88	36,78	36,44	49,49
2. Masjiene en toerusting	27,29	27,15	17,19	10,79	28,14
3. Kantoormeubels	0,13	0,20	0,15	0,08	0,19
4. Voertuie	0,05	0,14	0,13	0,08	0,32
5. Watervoorsiening	0,13	0,13	0,40	0,56	0,17
6. Aandelebeleggings	0,16	0,50	0,19	0,02	0,02
7. Totale vaste bates	67,69	59,00	54,84	47,97	78,33
8. Voorrade	18,07	19,06	31,83	34,18	11,03
9. Debiteurlede	3,97	5,24	2,09	7,83	6,17
10. Kontant en deposito's	10,27	16,70	11,24	10,02	4,47
11. Totale vlottende bates	32,31	41,00	45,16	52,03	21,67
12. Totale bates	100,00	100,00	100,00	100,00	100,00

Tabel A.6: Laste-items as persentasie van totale finansiering vir groepe kelders, volgens geografiese ligging vir 1968/69

LASTE-ITEM	Geweegde gemiddelde persentasie vir groepe, volgens geografiese ligging				
	STREKE				
	Stel- len- bosch - Paarl	Malmes- bury - Lutz- ville	Tul- bagh - Rawson- ville	Worces- ter	Robert- son
	%	%	%	%	%
1. Aandelekapitaal	15,57	18,50	18,84	12,21	8,33
2. Reserwes, wins en verlies-saldo	21,31	24,50	13,49	9,95	26,95
3. Verwante kapitaal	5,85	2,48	1,95	2,45	7,31
4. Kapitaal reserwes	9,08	5,89	8,23	5,62	12,57
5. Totale ledebelang	51,81	51,37	42,51	30,23	54,96
6. Langtermyn vreemde finansiering	21,28	16,99	15,13	20,00	15,99
7. Totale langtermyn finansiering	73,09	68,36	57,64	50,23	70,95
8. Handelsvoorskotte	14,03	8,93	28,74	25,25	15,33
9. Ope rekenings en onkoste	2,16	5,56	2,40	2,57	1,67
10. Oortrokke bankrekening	1,64	0,92	0,44	0,12	8,03
11. Verskuldig aan lede	1,93	1,90	4,96	10,73	3,46
12. Ander laste	0,03	0,04	0,14	2,31	0,56
13. Tussentydse poelrekening	7,12	14,29	5,68	8,73	0,00
14. Totale vlottende finansiering	26,91	31,64	42,36	49,77	29,05
15. Totale finansiering	100,00	100,00	100,00	100,00	100,00

Tabel A.7: Totale koste-items as persentasie van totale ontvangste vir groepe kelders, volgens geografiese ligging vir 1968/69

ITEM	Geweegde gemiddelde vir groepe kelders, volgens geografiese ligging				
	STREKE				
	Stel- len- bosch - Paarl	Malmes- bury - Lutz- ville	Tul- bagh - Rawson- ville	Worces- ter	Robert- son
	%	%	%	%	%
1. Produksiekoste	11,46	11,87	8,85	7,84	9,38
2. Verkoopskoste	1,29	2,58	1,50	1,62	1,16
3. Administratiewe koste	1,05	1,05	0,89	0,99	1,10
4. Totale koste sonder rente	13,80	15,50	11,24	10,45	11,64

Tabel A.8: Totale koste-items as persentasie van totale koste vir
groepe kelders, volgens geografiese ligging vir
1968/69

KOSTE-ITEM	Gewegde gemiddelde vir groepe kelders, volgens geografiese ligging				
	STREKE				
	Stellen- bosch - Paarl	Malmes- bury - Lutzville	Tulbagh - Rawson- ville	Worces- ter	Robert- son
	%	%	%	%	%
1. Direkte blanke arbeids- koste	17,48	17,39	17,20	17,65	19,00
2. Direkte nie-blanke arbeidskoste	8,82	4,08	7,53	6,53	7,44
3. Totale arbeidskoste (direkte- plus indirekte koste)	30,16	24,46	28,73	28,26	30,25
4. Waardevermindering	28,78	21,61	31,78	25,23	27,24
5. Herstelwerk en onderhoud	9,72	5,31	8,92	10,86	9,85
6. Chemikalieë en spiritus	4,18	16,39	2,66	4,46	3,22
7. Krag en water	4,47	6,24	4,39	3,97	7,56
8. Diverse koste	0,89	0,98	1,28	0,99	1,49
9. Spoorvrag	0,06	0,76	0,15	0,38	0,36
10. Totale ander produksie- koste	48,37	51,29	49,18	45,90	49,72
11. Reklameheffings	5,02	3,53	8,05	9,81	5,97
12. Vervoer van wyn	2,26	8,73	5,05	5,25	3,77
13. Aksynsbelasting	2,07	4,40	0,34	0,47	0,25
14. Totale verkoopskoste	9,35	16,66	13,44	15,53	9,99
15. Totale administrasie koste	12,12	7,59	8,65	10,31	10,04
16. Totale koste sonder rente	100,00	100,00	100,00	100,00	100,00

Tabel A.9: Totale koste-items per eenheid opbrengs vir groepe kelders, volgens geografiese ligging vir 1968/69

KOSTE-ITEM	Eenheid Rand per:	Geweege gemiddelde vir groepe kelders, volgens geografiese ligging vir 1968/69				
		STREKE				
